

Die linguistiese landskap van die Afrikaanse  
vrou soos te sien in die *rooi rose* van 1948 -  
2020

deur

Magdalena Hermiena Pelser  
27046452

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
STUDIELEIER: Prof N. Bosman

Januarie 2023

## Opsomming

Die studie ondersoek die linguistiese landskap van die Afrikaanse vrou soos wat dit te sien is in die *rooi rose* van 1948 – 2020. Die *rooi rose*-korpus is deursoek met die moontlikhede wat korpuslinguistiek as metode bied.

Die rede vir die studie is omdat daar nog weinig data oor taalseksisme in Afrikaans is en hiermee is gepoog om daardie leemte te vul.

Die studie is 'n sosiolinguistiese ondersoek in wat in die breë as die taal-en-gender subafdeling in die sosiolinguistiek bekend staan. Hieronder val taalseksisme en spesifiek ook taalseksisme wat in die media – veral tydskrifte – voorkom.

Die hoofnavorsingsvraag is om te bepaal hoe die linguistiese landskap van die Afrikaanse vrou daarna uitsien, soos wat dit te sien is in die *rooi rose* van 1948 – 2020.

Om 'n antwoord te kry op dié vraag is sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe navorsing onderneem. Die kwantitatiewe navorsing betrek korpuslinguistiek om frekwensies vas te stel en te kyk hoe die frekwensies van soekwoorde oor die loop van sewentig jaar verander het. Die kwalitatiewe navorsing poog om die soekwoorde binne konteks, soos wat verkry word in konkordansiereëls, te ontleed. Ook kollokasies van die soekwoorde word kwalitatief ontleed.

Aspekte wat ondersoek is, is onder andere aanspreekvorme en titels, die generiese *hy* en manlike en vroulike persoons- en beroepsname.

Die studie kom tot die gevolgtrekking dat daar verandering op te merk is wat die gebruik van sommige van die aspekte wat ondersoek is, betref. Afrikaans volg die wêreldtendens deur weg te beweeg van sommige manlike en vroulike selfstandige naamwoorde deur dit te vervang met slegs een, oorkoepelende item wat beide mans en vrouens insluit. Aan die ander kant is daar nog steeds tekens van taalseksisme in

die Afrikaans van *rooi rose* en dit is te sien by die generiese *hy* en die feit dat aanspreekvorme en titels steeds verskil tussen mans en vrouens.

## **Abstract**

*The study examines the linguistic landscape of Afrikaans women as observed in the women's magazine rooi rose from 1948 – 2020. Corpus linguistics was used as the methodology for the study, using the rooi rose corpus.*

*The rationale for undertaking the research is because there is still very little data on language sexism in Afrikaans. An attempt was made to fill this gap.*

*This is a sociolinguistic study, specifically focusing on the subsection of language and gender. This includes language sexism – especially language sexism that is portrayed in the media – like magazines.*

*The main goal is to identify language sexism in Afrikaans, in the womens' magazine, rooi rose.*

*The main research question of the study is to examine the linguistic landscape of Afrikaans women as observed in the women's magazine rooi rose from 1948 – 2020.*

*To get an answer to this question both quantitative and qualitative research methods were used. The quantitative research mainly involves the frequencies of the search words and indicates how these frequencies have changed over time. The qualitative research seeks to analyze the search words as they are used, by looking at concordance lines. The collocations of the keywords are also analyzed qualitatively.*

*The following aspects concerning language and gender in rooi rose were investigated:*

*Aspects that were researched include forms of address, the generical he and male and female nouns for personal names and profession.*

*The study concludes that there is a noticeable change in the use of some of the aspects examined. Afrikaans follows the world trend by moving away from some masculine and feminine nouns by replacing them with one neutral lexical item.*

*On the other hand, there are still signs of language sexism in rooi rose. This can be seen in the generic he and the fact that forms of address and titles still differ between men and women.*

## Bedankings

Ek wil graag my dank betuig aan die volgende mense:

Prof Bosman, vir Prof se eindelose geduld met my. Dankie vir Prof se volledige en baie flinke terugvoer. Ek het baie daaruit geleer en kon elke keer verbeter op elke vorige poging. Dit was 'n voorreg om Prof as mentor te kon hê. Prof se kennis van die veld en die Taal is iets om na te streef.

My gesin: Pappa, Mamma en FC, vir die moed in praat – en soms hard praat – wanneer die werk te veel raak en ek op moedverloor se vlakke gesit het. Julle het my deurgetrek.

Vir die res van my familie, vriende en werkskollegas, baie dankie vir die motivering en julle belangstelling in my vordering.

Prof Taljard, dankie vir Prof se hulp met die aanleer van 'n hele nuwe rekenaarprogram. Dankie vir Prof se geduld en terugvoer en dankie dat ek enige tyd net 'n vinnige e-pos kon skryf en weet dat daar die volgende dag reeds 'n baie volledige antwoord in my inboks sou wag.

## Inhoudsopgawe

1. Inleiding	1
1.1 <i>Agtergrond</i>	1
1.2 <i>Taal en gender</i>	2
1.2.1 <i>Taalseksisme</i>	2
1.2.2 <i>Gender en taalseksisme in tydskrifte</i>	3
1.2.3 <i>'n Vrouetydskrif, rooi rose, as databron</i>	5
1.3 <i>Rasionaal</i>	6
1.4 <i>Probleem- en doelstelling</i>	9
1.5 <i>Navorsingsvrae</i>	10
1.6 <i>Navorsingsontwerp en -proses</i>	10
1.7 <i>Navorsingsmetodologie</i>	11
1.7.1 <i>Dokumentanalise</i>	11
1.7.2 <i>Korpuslinguistiek</i>	11
1.8 <i>Vooruitskouing en hoofstukindeling</i>	12
2. <i>Taal, gender en taalseksisme</i>	<b>13</b>
2.1 <i>Inleiding</i>	13
2.2 <i>Taal en gender</i>	14
2.3 <i>Taalseksisme</i>	19
2.4 <i>Taalseksisme in Afrikaans</i>	30
2.5 <i>Aspekte van taalseksisme</i>	38
2.5.1 <i>Die generiese hy</i>	38
2.5.2 <i>Aanspreekvorme en titels</i>	45
2.5.3 <i>Vaste uitdrukkings en idioome</i>	48
2.6 <i>Tydskrifte as databron</i>	53
2.7 <i>Korpuslinguistiek as navorsingsmetode</i>	63
2.8 <i>Samevatting en vooruitskouing</i>	64
3. <i>Metodologie: Korpuslinguistiek</i>	<b>65</b>
3.1 <i>Inleiding</i>	65
3.2 <i>Navorsingsontwerp</i>	65

3.2.1	Kwalitatiewe navorsing	66
3.2.2	Kwantitatiewe navorsing	67
3.2.3	Gemengde navorsing	68
3.3	<i>Korpuslinguistiek</i>	70
3.3.1	Wat is korpuslinguistiek?	70
3.3.1.1	<i>Die waarde van korpuslinguistiek</i>	71
3.3.1.2	<i>Die praktiese implementeerbaarheid van Korpuslinguistiek</i>	73
3.3.1.3	<i>Die korpus</i>	74
3.3.1.4	<i>Die grootte van 'n korpus</i>	75
3.3.1.5	<i>Verskillende soorte korpusse (korpora)</i>	75
3.3.1.6	<i>Frekwensies</i>	76
3.3.1.7	<i>Sleutelwoorde</i>	78
3.3.1.8	<i>Konkordansies</i>	79
3.3.1.9	<i>Kollokasies</i>	80
3.3.1.10	<i>Kollokasienetwerke</i>	82
3.3.2	Die korpus ( <i>rooi rose</i> )	83
3.3.2.1	<i>Die proses (stapsgewys)</i>	85
	(i) <i>rooi rose</i> -uitgawes en digitisering	85
	(ii) Aanspreekvorme en absolute frekwensies	86
	(iii) Persoons- en beroepsname en relatiewe frekwensies	86
	(iv) Die generiese <i>hy</i> en kollokasies	87
3.3.2.2	<i>Sagteware: #LancsBox</i>	87
4.	Data-aanbieding en ontleding	<b>89</b>
4.1	<i>Inleiding</i>	89
4.2	<i>Die subkorpusse</i>	90
4.3	<i>Die sagtewareprogram: #LancsBox</i>	92
4.4	<i>Frekwensielys</i>	93
4.5	<i>Aanspreekvorme en titels</i>	97
4.6	<i>Persoons- en beroepsname (manlik vs vroulik)</i>	106
4.7	<i>Die generiese hy</i>	136
4.8	<i>Samevatting</i>	148

5. Samevatting en gevolgtrekking	<b>152</b>
5.1 Inleiding	152
5.2 Gevolgtrekkings	152
5.3. <i>Beperkinge en moontlikhede vir verdere navorsing</i>	154
5.4 Bydrae	155
5.5 Slotopmerking	155
Bibliografie	156



## HOOFSTUK 1

### Inleiding

#### 1.1 Agtergrond

“Die moontlikheid bestaan dat taal enersyds die interaktiewe weerspieëling van ’n bepaalde kultuurgroep se norme kan wees, en andersyds ’n vormende invloed op die kultuur uitoefen juis omdat dit aan die werklikheid gestalte gee” (Beyleveld & Van Jaarsveld 1991:3).

Beyleveld en Van Jaarsveld verwys hier na die bekende Sapir-Whorf-hipotese: “language shapes and reflects social reality” (Pauwels 2003: 554). Die vraag onderliggend aan die hipotese is of ’n bepaalde taalgemeenskap se norme en waardes in die taal wat hulle gebruik, gereflekteer en selfs daardeur bepaal word. Die vraag wat in hierdie studie gevra word, is of die Afrikaanse taalgemeenskap se taalgebruik in die breë as seksisties beskou kan word. Om ’n antwoord op hierdie vraag te kry, is daar van ’n spesifieke korpus tekste gebruik gemaak. Die korpus wat gebruik is, is 57 uitgawes van *rooi rose* gekies uit die tydperk 1948 - 2020 – dus uit byna 70 jaar se uitgawes.

Julia Penelope (1988) het in die laat tagtigerjare baanbrekerswerk gedoen oor taalseksisme en die taal van en oor vroue. In haar artikel, *Prescribed Passivity: The Language of sexism*, bespreek sy onder andere die sogenaamde generiese *hy*. Sy neem sterk standpunt in teen die oorheersing van die manlike en koppel dit aan taal: “The place of women in our society is reflected in the semantic space that we occupy, a small space that contains such labels as *prostitute, housewife, mother, nurse* and *secretary*. The remainder of the English semantic space, including those terms called “generics”, belongs to the male sex (Penelope 1988: 121). Haar studie het die weg gebaan vir meer navorsing oor taalseksisme (Wardhaugh 2015: 312).

Aan die ander kant voel navorsers dat gedwonge verandering van persoonsname (en nou ook voornaamwoorde), onnatuurlik en geforseerd is. In Afrikaans is hierdie debat oor die generiese *hy* en die verandering van persoonsname vandag ook ’n warm onderwerp. In die koerant *Beeld* van 7 Mei 2022 skryf Tanya van Wyk (professor in die Fakulteit Teologie by die Universiteit van Pretoria):

“(…) ek (het) al so baie keer gewonder oor hoekom die Afrikaanse taal, toe dit (nie hy nie!) vorm aangeneem het, by verstek die manlike persoonlike voornaamwoord as grammatikale verwysing na enige iets onder die son – eintlik die son ook – aangeneem het (...). Ironies is dit ook die openlike verset en luidkeelse protes teen enige poging om die verstek manlike persoonlike voornaamwoord uit te brei of te vervang met iets wat meer inklusief en verteenwoordigend is van dit waarna verwys word – naamlik, dat enige grammatikale vervanging of uitbreiding geforseerd en kunsmatig is” (2022).

Van Wyk (2022) spreek haar ook uit oor die aanspreekvorme van wat sy die “Mevrou-boksie” noem: “Vroue moet reeds verslag doen in soveel amptelik en nie-amptelike ruimtes oor hul keuses: Is jy getroud? Het jy kinders? Wat is jou nooiensvan? Ek word byvoorbeeld oral outomaties in die ‘Mevrou-boksie’ gedruk, al staan daar op al my dokumente professor of doktor of dominee” (Van Wyk 2022).

Die gesprekke rondom die generiese *hy*, titels en aanspreekvorme (waar daar byvoorbeeld onderskeid tussen verskillende “soorte” status van vroue getref word op grond van hulle huwelikstatus) is duidelik nog relevant en vra om verder ondersoek te word.

## **1.2 Taal en gender**

Hierdie studie is ’n sosiolinguistiese ondersoek in wat in die breë as die taal-en-gender subafdeling in die sosiolinguistiek bekend staan. Hieronder val taalseksisme (en die kenmerke daarvan) en spesifiek ook taalseksisme wat in die media – veral tydskrifte – voorkom.

### **1.2.1 Taalseksisme**

’n Onderdeel van die sosiolinguistiekdeelgebied, taal en gender, wat reeds goed nagevors is (dit vorm trouens die kern van die gebied), is taalseksisme. Taal wat teen vroue diskrimineer en wat aktiwiteite wat met vroue verband hou, verkleineer en trivialiseer, word beskou as taalseksisme (Mills 2008:1). Baie alledaagse taalverskynsels en -praktyke kan as seksisties beskou word, insluitend die gebruik van

aanspreekvorme wat dui op die huwelikstatus van vroue: *juffrou* teenoor *mevrou* waar die aanspreekvorm vir mans (getroud of nie) slegs *meneer* is.

Taalseksisme word onder andere op leksikale vlak weerspieël. Woorde wat spesifiek onder die vergrootglas staan, is voornaamwoorde soos die generiese *hy*, aanspreekvorme en titels soos *mejuffrou* en *mevrou*, naamwoorde wat 'n onderskeid tref tussen mans en vroue soos *skrywer* [+manlik]? x *skryfster* [+vroulik], *akteur* [+manlik]? x *aktrise* [+vroulik], *onderwyseres* [+vroulik], ens; adjektiewe wat vroue beskryf, die moontlike oormatige of neerbuigende gebruik en voorkoms van verkleinwoorde in bepaalde kontekste waar dit oor vroue gaan, idiome, spreekwoorde, metafore en uitdrukkings wat gebruik word oor en teenoor vroue.

Daar is ook iets soos ekstralinguistiese sosiale gender wat te make het met die heersende persepsies in die samelewing:

The fact that lexically gender-neutral personal nouns like nurse and farmer are anything but completely gender-neutral is a matter of social gender. Whereas nurse is more likely to be perceived as female, farmer is biased towards the male (even though male nurses and female farmers exist) (Motschenbacher 2010: 64).

Wat die stand van sake betreffende Afrikaans is, word in hierdie verhandeling ondersoek.

## **1.2.2 Gender en taalseksisme in tydskrifte**

Hierdie onderwerp is al in verskeie tale ondersoek, maar nog nie regtig in Afrikaans nie.

### **1.2.2.1 Courtney en Lockeretz (1971)**

Courtney en Lockeretz se ondersoek ruim vyftig jaar gelede het bevind dat vroue in die media nie uitgebeeld word volgens die groot verskeidenheid rolle wat hulle in werklikheid vervul nie. Dat baie vroue 'n loopbaan buite die huis het, word in verskillende tydskrifte misken. Vroue word byvoorbeeld in slegs 14% van die tydskrifte as werkendes uitgebeeld teenoor 45% van die tydskrifte wat mans as werkendes uitbeeld. Verder word vroue ook nooit uitgebeeld in sogenaamde hoëprofielberoepes nie, maar net in die stereotipiese “vroulike” beroepes soos verpleging en onderwys.

In die lig van die feit dat die sosiale wêreld baie verander het die afgelope vyftig jaar, moet 'n mens vra of hierdie toestand van sake vandag nog voortduur en met name wat die uitbeelding van vroue in Afrikaanse tydskrifte betref.

### **1.2.2.2 Belkaoui en Belkaoui (1976)**

Belkaoui en Belkaoui het ook gekyk na die uitbeelding van verskillende vrouerolle in die media. Net soos Courtney en Lockeretz het hulle bevind dat vroue – selfs na die sogenaamde “bevryding” in die vroeë 1970's – steeds uitgebeeld word op slegs vier stereotipiese maniere: (1) 'n Vrou se plek is in die huis. (2) Vroue neem nie belangrike besluite nie, of doen nie belangrike dinge nie. (3) Vroue is afhanklik en benodig beskerming van mans. (4) Mans beskou vroue primêr as seksobjekte. Mans is nie geïnteresseerd in vroue as mense nie (Belkaoui & Belkaoui 1976: 168).

### **1.2.2.3 Royo-Vela e.a. (2007)**

In Spanje, bykans 40 jaar na bogenoemde ondersoeke, het die media dit wel reggekry om saam met die aangepaste kultuur van die moderne era te beweeg. Royo-Vela e.a. (2007) ontleed die manlike en vroulike stereotipes in Spaanse tydskrifadvertensies gedurende die laaste drie dekades van die twintigste eeu om te bepaal of dit die belangrike kulturele veranderinge van die Spaanse samelewing weerspieël al dan nie. Hulle bevind dat die uitbeelding van mans en vrouens gedurende die afgelope 30 jaar veranderinge in ooreenstemming met die sosiale evolusie in Spanje ondergaan het. Wat sowel mans as vroue betref, is stereotipes steeds aanwesig, maar daar is veranderinge te bespeur vanaf die uitbeelding van tradisionele situasies na minder tradisionele scenario's. Aan die einde van die ontledingsperiode vertoon Spaanse tydskrifte laer en ook steeds dalende vlakke van seksisme.

### **1.2.2.4 Matthews (2007)**

Matthews se studie het spesifiek op foto's gefokus, met ander woorde op die beelde wat gebruik word om mans en vroue in gedrukte media uit te beeld. Hy het bevind dat

mense wat as intellektuele wesens in hulle betrokke beroepe uitgebeeld is, op verskillende maniere voorgestel word. Die foto's van mans was groter en het meer plek beslaan het as dié van hulle vroulike eweknieë. Die foto's van vroue, aan die ander kant, was groter as dié van mans waar dit gaan om hulle fisiese voorkoms.

### 1.2.3 'n Vrouetydskrif, *rooi rose*, as databron

Die belangrikheid van gedrukte media op 'n taalgroep se wêreldbeskouing word kortliks in 'n artikel van Royo-Vela e.a., *Gender role portrayals and Sexism in Spanish magazines*, aangeraak. Die navorsers het die rol wat aan vroue toegeken word in Spaanse tydskrifte ondersoek. Hulle het spesifiek na advertensies gekyk, want: “(r)esearch has indicated that gender representation in media can affect people’s attitudes and behaviours. By reflecting certain roles for men and women, advertising is believed to reinforce the belief that those roles are ‘proper’, ‘best’ or ‘natural’” (Royo-Vela e.a. 2007: 633). Dus is dit belangrik dat vroue die korrekte blootstelling in die media – veral in tydskrifte – kry, aangesien die indrukke wat daar van hulle gegee word, of die rolle wat aan hulle toegeken word, blywend kan wees: “If women, for instance are improperly depicted in advertisements, it is detrimental to society because it perpetuates misconceptions” (Royo-Vela e.a. 2007: 633).

Ook in Engels is die kwessie van seksisme en verskillende gender-rolle in die gedrukte media al onder die loep geneem.

Justin L. Matthews (2007) het ook na tydskrifte gekyk en spesifiek gefokus op die verskillende beelde (foto's of prentjies) wat mans en vroue in tydskrifte voorstel. Hier het hy ook 'n diskrepansie in die media se uitbeelding van die twee genders ontdek. Wanneer mans as intellektuele wesens in 'n beroep uitgebeeld word, het hulle meer en groter foto's gehad as dié van vroue. Vroue, aan die ander kant se foto's was weer groter as dit kom by die fisiese voorstelling (2007: 515).

Omdat die media belangrik is wanneer dit gaan om heersende persepsies in die samelewing, is 'n vrouetydskrif gekies om taalseksisme in Afrikaans te ondersoek.

*rooi rose* het die eerste keer in April 1948 verskyn as 'n tydskrif vir die Afrikaanse vrou. Volgens die uitgewershuis Caxton se webblad *is rooi rose* “the classic all-in-one glossy magazine for aspirational, stylish Afrikaans women who celebrate their

uniqueness. These women know what they want, including the best in fashion and beauty, health, entertaining and décor, all from their favourite brand”.<sup>1</sup>

Caxton beskryf die tipiese *rooi rose*-lesers (in 2020) soos volg:

- They are internet savvy with a keen interest in social media and their main interests include cooking and baking, home and decor, and fashion and beauty.
- More than half of the *rooi rose* audience are bond-free homeowners who enjoy buying items for the home and renovating their home. Most of the audience have gardens and patios, with 30% having a swimming pool as well. They enjoy working in their gardens and 68% of the audience owns a pet.
- Of the *rooi rose* audience, 56% entertain at home at least once a month, while 66% eat out monthly.

Volgens hierdie beskrywing kan *rooi rose*, anders as byvoorbeeld *Huisgenoot*, as “gendered” beskou word; dit is immers ’n tydskrif vir vroue en hulle teikenlesers is vroue, met spesifieke belangstellings.

Aangesien die wêreld in die moderne era, veral na die Tweede Wêreldoorlog, verander het in terme van mense- (en spesifiek vroue-) regte, wil ons graag aanneem dat die norme en gewoontes van alle mense wat deel vorm van ’n bepaalde kultuur of samelewing ook met verloop van tyd verander het. Tog het feministe sedert die 1970’s te velde getrek teen die voorstelling van die sogenaamde “women’s language” waarin hulle voel dat vroue steeds “linguistically inferior to men” (is), soos wat Deborah Cameron dit in haar studie, *Gender and Language Ideologies* (2003: 454) baie sterk stel.

Dit is belangrik om stellings soos dié van Cameron onder die soeklig te plaas wat Afrikaans betref deur nie net te kyk óf daar wel taalseksisme in Afrikaans voorkom nie, maar ook hoe die voorkoms daarvan moontlik verander het deur die loop van 70 jaar

---

<sup>1</sup> <https://www.caxtonmags.co.za/rooi-rose>

### 1.3 Rasionaal

Die idee dat die samelewing taal só kan beïnvloed dat die taal ook die kultuur van die mense wat die taal praat, kan bepaal of verander, is fassinerend, en daarom is daar in hierdie verhandeling gekies om binne die teoretiese raamwerk van die sosiolinguistiek (spesifiek wat taal en gender betref) taalseksisme in Afrikaans te ondersoek.

Hellinger en Bußmann het taalseksisme in meer as dertig tale, onder andere in Engels, Duits en Nederlands (wat, soos Afrikaans, Wes-Germaanse tale is) in hulle studie, *Gender across Languages* (2003), bestudeer om die seksisme in die taal uit te wys.

Een van die redes waarom hulle soveel tale regoor die wêreld bestudeer het, is om te probeer bewys dat taalseksisme nie net aan een kultuur of beskawing in die wêreld behoort nie, maar dat “the formal and functional manifestations of gender in the area of human reference follow general, and perhaps universal principles in the world’s languages” (Hellinger en Bussmann 2003: 2). Taalseksisme is ’n fenomeen wat voorkom regoor die wêreld en in talle kulture. Dit blyk dat persepsies van die vrou en haar rol in die betrokke samelewing oor die algemeen wêreldwyd dieselfde is en dat taalseksisme steeds ’n groot globale probleem is, wat nie net beperk is tot een spesifieke taalgroep en kultuur nie.

Hellinger en Bußmann se bevindinge lei tot die volgende vrae: In hoe ’n mate kom taalseksisme voor in Afrikaans en wat sê dit dan van die Afrikaanse gemeenskap en hulle kultuur?

Hierdie kwessie is al in Afrikaans ondersoek, soos blyk uit die kort oorsig hier en ook in Hoofstuk 2.

Beyleveld en Van Jaarsveld (1991) bekyk taalseksisme in die *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* (Kritzinger en Labuschagne, 1982) en in die *Tweetalige Woordeboek / Bilingual Dictionary* (Bosman, Van der Merwe, Hiemstra, 1984). Hulle bevind dat “tradisioneel gevestigde vorme, gebruike en betekenishoudings hardnekkig in woordeboeke (bly) voortleef” (Beyleveld & Van Jaarsveld 1991:4).

Beyleveld en Van Jaarsveld kom tot die volgende gevolgtrekking: “Seksistiese lemmas as sodanig hoef nie noodwendig ’n aanduiding van blatante seksisme te wees nie. Wat egter onverskoonbaar is, is betekenis- en gebruiksleiding wat nie die werklikheid weerspieël nie en sodoende voortgaan om die vrou ‘onsigbaar’ en haar nuutverworwe status ‘onkommunikeerbaar’ te maak.” (Beyleveld en Van Jaarsveld 1991:12).

Die woordeboeke wat Beyleveld en gebruik het, het intussen nuwe uitgawes beleef, maar geen opvolgstudies is na 1991 onderneem nie.

In nog ’n gedateerde studie ondersoek Vorster (1992) taalseksisme en die vertaalpraktyk. Sy (1992) ondersoek in haar empiriese studie die siening en werkswyse van vertalers rakende taalseksisme. Haar navorsing, wat van ’n vraelys gebruik gemaak het, bring aan die lig dat die vertalers wel bewus is van taalseksisme en dat hulle die generiese *hy*-vorme problematies vind. Vorster kom tot die gevolgtrekking dat die vertalers tog die generiese *hy* verkies met as tweede opsie *hy/sy*.

Slabbert (1993) ondersoek vrouetaalstereotipes in drie vrouetydskrifte, naamlik *Die boerevrou*, *Die Huisgenoot* en *Sarie (Marais)*, maar sy gee baie min aandag aan taalseksisme.

Van Huyssteen (1996) ondersoek die (vulgêre) manier waarop daar na vroue as seksuele objekte verwys word en waar mans openlik as die sterker, meer dominante geslag voorgestel word deur die woorde wat gebruik word om seks en geslagsorgane (van beide geslagte) te beskryf. Sy artikel fokus nie op taalseksisme as sodanig nie.

In die onlangse ondersoek van Thompson (2021) word ’n soortgelyke studie as die onderhawige van stapel gestuur. Sy het in haar korpuslinguistiese ondersoek probeer vasstel “wat geskrewe Afrikaans vir die lesers ‘vertel’ rakende gender, maar spesifiek vroue” (2021: 2), deur die Historiese Korpus van Standaardafrikaans (1911 tot 2010), saamgestel deur J. Kirsten, as databron te gebruik.

Thompson het onder andere gefokus op vroulike selfstandige naamwoorde (soos *onderwyseres* en *redaktrise*) en wou vasstel of die frekwensie van vroulike selfstandige naamwoorde deur die loop van tyd verander het. Sy het ook gekyk hoe



hierdie vroulike selfstandige naamwoorde vergelyk met die manlike selfstandige naamwoorde. Die mees algemene kollokasies wat gevorm word met die vroulike selfstandige naamwoorde is ook ondersoek. Thompson kom tot die gevolgtrekking dat die voorkoms van vroulike selfstandige naamwoorde met die loop van tyd al hoe meer getaan het en dat die manlike vorm al hoe meer gebruik is vir beide mans en vrouens.

Behalwe vir die studie van Thompson, is die vakgebied van taal en gender – en meer spesifiek taalseksisme – in die een en twintigste eeu onderontgin wat Afrikaans betref. Dit was dan ook die motivering om die voorkoms van taalseksisme in 'n Afrikaanse tydskrif (*rooi rose*) oor 'n tydperk van byna 70 jaar – tot in die tweede dekade van die een en twintigste eeu – te ondersoek deur gebruik te maak van korpuslinguistiek as metodologie.

Hierdie studie lewer wat taalseksisme in Afrikaans betref, dus 'n nuwe bydrae en kan hopelik tot hernude belangstelling in hierdie terrein lei en navorsers inspireer en motiveer om nóg soortgelyke studies aan te pak.

#### **1.4 Probleem- en doelstelling**

Daar is 'n paar studies oor taalseksisme in Afrikaans gedoen maar geen van hierdie studies het taalseksisme in tydskrifte ondersoek nie. Marais (2013) het wel gefokus op taalseksisme in die *Huisgenoot* en 'n vergelykende studie in twee uitgawes, 50 jaar uit mekaar, gemaak. Sy het egter van 'n multimodale metode gebruik gemaak en het veral gefokus op die prentjies van die vroue in advertensies en hoe hulle uitgebeeld word.

'n Ondersoek na (moontlike) taalseksisme in *rooi rose* en na die vraag of taalgebruik, soos byvoorbeeld bepaalde woordkeuses, 'n taalgemeenskap se seksistiese vooroordele weerspieël, is nog nie gedoen nie. Hierdie feit lei ons na die navorsingsprobleem: die taalgebruik, spesifiek wat vroue betref, in *rooi rose*, is nog nie ondersoek nie en dit het die fokus van hierdie studie gevorm.

Die doel van die navorsing is om te bepaal óf, en indien wel hóé, taalseksisme oor die loop van sewentig jaar in *rooi rose* voorkom en of die voorkoms verander het saam met 'n veranderende en veranderde samelewing.

## 1.5 Navorsingsvrae

Hierdie studie het gepoog om twee hoofvrae te beantwoord:

- 1) Is daar tekens van taalseksisme in *rooi rose* soos waargeneem kan word oor die loop van 70 jaar?

Hierdie vraag kan verder verdeel word in twee subvrae, naamlik:

- Wat is taalseksisme?
- Hoe lyk taalseksisme (indien dit wel voorkom) in *rooi rose* 1948 - 2020?

'n Tweede hoofvraag is die volgende:

- 2) Gebaseer op die antwoorde hierbo: het die linguistiese landskap van die Afrikaanse vrou soos te siene in *rooi rose* 1948 - 2020 verander?

Die subvraag wat uit die tweede vraag spruit, is die volgende:

- Indien dit verander het, hoe het dit verander?

## 1.6 Navorsingsontwerp en -proses

Die navorsing was kwalitatief en kwantitatief.

Eerstens is 'n literatuurstudie onderneem en daarna is die *rooi rose*-korpus ondersoek. Die korpusondersoek het kwantitatiewe data gelewer, maar die ontleding van die data was hoofsaaklik kwalitatief. Die ontwerp kan daarom as 'n gemengde metode (kwalitatief en kwantitatief) beskryf word.

#LancsBox is gebruik om die korpus te ondersoek.

## 1.7 Navorsingsmetodologie

### 1.7.1 Dokumentanalise

Die studiegebied van taal en gender, meer spesifiek taalseksisme, is ondersoek om die studie teoreties te begrond. Hierdie teoretiese agtergrond is ook gebruik om die korpusdata kwalitatief te ontleed en te interpreteer. In Hoofstuk 2 word die literatuurstudie aangebied en na vorige navorsing verwys. Daar word gepoog om taalseksisme te beskryf.

Die navorsingsproses word in Hoofstuk 3 breedvoeriger bespreek. Hier onder volg die proses in 'n neutredop.

Eerstens is die *rooi rose*-korpus opgedeel in verskillende, kleiner korpusse wat elk 'n tydperk verteenwoordig: die jare **40 - 69**, die **70's**, **80's**, **90's**, **2000's** en **2010's**.

Tweedens is sleutelwoorde onttrek uit die volledige *rooi rose*-korpus.

Derdens is die absolute frekwensies van verskillende soekwoorde ondersoek deur die *Words*-funksie van #LancsBox. Dit was die kwantitatiewe gedeelte van die navorsing.

Vierdens is ook die relatiewe frekwensies van die persoons- en beroepsname in die verskillende tydperke ondersoek en terselfdertyd is handmatig deur die volledige korpus gewerk om te bepaal hoeveel keer manlike vorms ook as die neutrale vorm of spesifiek vir vrouens gebruik word.

Vyfdens is kollokasienetwerke bepaal met die hulp van die *GraphColl*-funksie van #LancsBox. Dit is gedoen om die generiese *hy* in Afrikaans in meer diepte te ondersoek. Hierdie gedeelte is kwalitatiewe navorsing.

### 1.7.2 Korpuslinguistiek

Korpuslinguistiek is gebruik as metode. In Hoofstuk 3 word daar breedvoerig hierop ingegaan. Daar word onder andere gekyk na wat korpuslinguistiek behels, die waarde daarvan as navorsingsmetode en praktiese kwessies.

## 1.8 Vooruitskouing en hoofstukindeling

### *Hoofstuk 1*

Hierdie hoofstuk fokus op die agtergrond, rasionaal en oorsig van die studie. Die onderafdelings is: (1.1) **Agtergrond**, (1.2) **Taal en gender**, (1.3) **Rasionaal**, (1.4) **Probleem- en doelstelling**, (1.5) **Navorsingsvrae**, (1.6) **Navorsingsontwerp en -proses**, (1.7) **Navorsingsmetodologie** en (1.8) **Vooruitskouing en hoofstukindeling**.

### *Hoofstuk 2*

In hierdie hoofstuk word die navorsing binne die teoretiese agtergrond van die sosiolinguistiek geplaas. Daar word gefokus op (2.1) **Inleiding**, (2.2) **Taal en gender**, (2.3) **Taalseksime** en dan meer spesifiek (2.4) **Taalseksisme in Afrikaans**. Daar word ook gekyk na (2.5) **Aspekte van taalseksisme**, (2.6) **Tydskrifte as databron**, (2.7) **Korpuslinguistiek as navorsingsmetode** en (2.8) **Samevatting en vooruitskouing**.

### *Hoofstuk 3*

In hierdie hoofstuk word die metodologie van hierdie verhandeling verduidelik en beskryf en korpuslinguistiek word breedvoerig bespreek. Hoofstuk 3 se onderafdelings is die volgende: (3.1) **Inleiding**, (3.2) **Navorsingsontwerp** en (3.3) **Korpuslinguistiek**.

### *Hoofstuk 4*

In hierdie hoofstuk word die data, wat ingesamel is deur die korpus, voorgelê met behulp van tabelle en persentasies en uittreksels uit die korpus. Die onderafdelings van hierdie hoofstuk sluit die volgende in: (4.1) **Inleiding**, (4.2) **Subkorpuse** (4.3) **Die sagtewareprogram #LancsBox**, (4.4) **Frekwensielys**, (4.5) **Meneer, mevrou, mejuffrou en me**, (4.6) **Persoons-en beroepsname**, (4.7) **Die generiese hy** en (4.8) **Samevatting**

### *Hoofstuk 5*

In hierdie hoofstuk word daar tot 'n gevolgtrekking gekom op grond van die ingesamelde data. Die onderafdelings van hierdie hoofstuk sluit die volgende in: (5.1)

**Inleiding, (5.2) Gevolgtrekkings, (5.3) Beperkinge en moontlikhede vir verdere navorsing, (5.4) Bydrae en (5.5) Slotopmerking.**

## HOOFSTUK 2

### Taal, gender en taalseksisme

#### 2.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk bied 'n oorsig oor die hele verhandeling aan. **Taal en gender** (2.2) word onder die vergrootglas geplaas en studies van regoor die wêreld en in verskillende tale word bespreek. As onderdeel van die taal-en-gender-veld kom **Taalseksisme** (2.3) vervolgens ter sake. Daar word gekyk na die voorkoms van taalseksisme in verskillende wêrelddele en onder verskillende taalgroepe en vervolgens word daar op **Taalseksisme in Afrikaans** gefokus (2.4). Omdat hierdie studie die taalgebruik in een tydskrif, naamlik *rooi rose*, ondersoek, word daar ook aandag bestee aan **Taalseksisme en die gebruik van tydskrifte as databron** (2.5). **Aspekte van taalseksisme** in verskeie tale, maar veral in Afrikaans, word kortliks bespreek in afdeling 2.6. Hierdie laaste gedeelte van die hoofstuk is belangrik, aangesien dit hierdie aspekte is wat onder die vergrootglas kom wanneer die korpusdata geanaliseer word. Die hoofstuk word afgesluit af met 'n **Samevatting en vooruitskouing** (2.7).

Linguïste aanvaar vandag dat taal en kultuur hand aan hand loop en onlosmaaklik deel is van mekaar. Na so 'n ontologiese posisie word dikwels verwys as die linguïstiese-relatiwiteitsteorie. Dié teorie het sy oorsprong in die werk van Edward Sapir en Benjamin Lee Whorf. Sapir (1929: 209) beweer byvoorbeeld dat mense nie slegs in die objektiewe wêreld of die wêreld van sosiale aktiwiteit leef nie, maar dat hulle uitgelewer is aan die genade van 'n spesifieke taal – die taal waarin hulle hulself uitdruk. Ondertussen aanvaar die meeste linguïste nie meer so 'n radikale siening nie, en word daar eerder gevra of en hoe taal ons denke (kan) beïnvloed. Evans en Green (2006) ondersoek hierdie moontlikheid en bied stawende empiriese getuienis, wat aantoon dat taal wel konseptualisering vergemaklik, aan (Evans & Green 2006: 98). Indien die linguïstiese-relatiwiteitsteorie aanvaar word, het dit implikasies vir die manier waarop taal en gender verband hou met mekaar. Hierdie verhouding word in die volgende afdeling bespreek.

## 2.2 Taal en Gender

Soos hierbo gesê, is elke taal is onlosmaaklik verweef met sy eie kultuur en dié kultuur word bepaal deur die mense – die samelewing, hulle gewoontes, hulle tradisies, hulle gelowe en ook hulle idees oor gender en meer spesifiek die denke oor die rol wat mans en vrouens in die gemeenskap speel. Uit die aard van die saak sal die rol wat elke gender in die spesifieke taalkultuur speel, dan ook uitgebeeld word deur die taal wat die gemeenskap gebruik. Tannen (1994) is een van die akademici wat hierdie kwessie ondersoek.

Deborah Tannen (1994) bekyk die studie van taal en gender deur die manier hoe mans en vrouens kommunikeer binne konteks van gesprekke te ondersoek. Sy fokus ook op die lyftaal van die onderskeie sprekers. Haar studie steun op observasie, eerder as slegs op dít wat pertinent gesê word. Sy is van mening dat feministiese skrywers soos Conley, O'Barr en Lind (1979), wat sy aanhaal, in sekere opsigte 'n punt beet het wanneer hulle sê dat vrouens se neiging om op indirekte wyse te praat 'n bewys is dat vrouens nie daarop geregtig voel om enige eise te stel nie. Tannen is wel sterk van mening dat dit nie altyd die geval kan wees nie. Sy sê dat iemand se vermoë om wel sy / haar sin te kry sónder om dit op te eis, ook 'n teken van mag kan wees (Tannen 1994: 32).

Tannen noem ook verder dat die Amerikaanse uitgangspunt dat vrouens die enigste sprekers is wat van indirekte taalgebruik gebruik maak, nie universeel geld nie. Dit hang af van kultuur tot kultuur (Tannen 1994: 33). 'n Mens moet dus daarop let om nie aan alle taalverskynsels 'n anti-feministiese kleur te gee nie.

Tannen, met verwysing na Spender, 1980, bespreek ook die feministiese idee dat mans vrouens domineer deur hulle stil te maak. Sy stel dat dit nie altyd die geval is dat mans hulle dominansie wil toon nie. Sy is van mening dat stilte alleen nie as 'n teken van onderdanigheid beskou kan word nie, maar dat stilte selfs 'n instrument van mag kan wees (1980: 36 - 37).

Tannen kom tot die gevolgtrekking dat dit gevaarlik is om linguïstiese vorme aan iets soos dominansie te koppel. Om te verstaan hoe sprekers 'n taal gebruik, moet 'n mens altyd na die konteks en die sprekers se gesprekstyle kyk. Konteks en die verhouding tussen die sprekers moet dus in ag geneem word.

A.J. Van Rooy (1996: 34) noem ook in sy studie die belangrikheid van Whorf (en Sapir) se teorie wat stel dat vaste wette die vorm van 'n persoon se denke beheer en dat dit deel is van die onbewuste, ingewikkelde sistematiserings van hulle eie taal. Van Rooy is van mening dat taal nie “as 'n neutrale instrument vir die uitdruk van denke beskou word nie, maar iets wat self deel het aan die totstandkoming van denkpatrone” (Van Rooy 1996: 34).

In Wardaugh en Fuller se *An introduction to Sociolinguistics* word die veld van Sosiolinguistiek deeglik ondersoek. Hulle som dit op as die studie van ons alledaagse lewens en hoe taal in hierdie lewens van ons inpas – alles in die samelewing het 'n invloed op die taal wat ons gebruik. Dit sluit aspekte in soos informele gesprekke, die media waaraan ons blootgestel word, normes en waardes van die gemeenskap. Verder redeneer hulle dat Sosiolinguistiek nie op feite gebaseer kan word nie, maar eerder die studie van idees oor hoe sosiale norme en gebruike met ons taalgebruik vermeng word, is (Wardaugh & Fuller 2015: 1 & 2).

Sosiolinguistiek ondersoek hoofsaaklik die verband tussen taal en die samelewing. Dit sluit al die aspekte van die samelewing in – soos klas, ras, geslag, kultuur, waardes, ensovoorts. A.D. Švejcer e.a. (1986) het bepaal dat die verandering in die samelewing ook verandering in die taal teweegbring en dat taal beïnvloed word deur baie faktore – soos onder andere die sub-sisteme wat in 'n taal voorkom, byvoorbeeld die sosiale situasie, die sprekers se houdings en ook historiese en plaaslike toestande. Verdere verandering vind ook plaas deur die algemene verandering van die samelewing. Volgens navorsers, het moderne Russies baie verander van Standaardrussies sedert die Russiese rewolusie plaasgevind het, want die rewolusie het 'n groot verandering in die samelewing tot gevolg gehad (Švejcer e.a. 1986: 7). As hierdie soort verandering wêreldwyd in die meeste tale en samelewings voorkom, kan 'n mens verwag dat die taalgebruik in die algemeen, ook in Afrikaans, al moes aanpas by die moderne samelewing van die verligte, bevryde vrou.

Ondersoekers wat baanbrekerswerk oor taal en gender gedoen het, is onder andere: Janet Holmes en Miriam Meyerhoff (2003).

Holmes en Meyerhoff (2003) wys dat hulle deeglik bewus is van die spanninge wat na vore kom as gevolg van die navorsers en skrywers se verskillende idees en uitgangspunte. Hulle sien dit egter as iets positiefs aangesien dit die ontginning in



areas van verskille aanmoedig (2003: 15). Hulle is egter ook van mening dat hulle navorsing verder moet strek as net die akademie om aandag te trek en om die samelewing se normes uit te daag (2003: 14).

Hellinger en Bußmann (2003) het ook werklik omvangryke werk in die veld van taalseksisme gedoen en hulle bevinding kan as 'n verdere vertrekpunt vir hierdie studie geneem word: “The general tendencies we have identified all center around one fundamental principle: masculine / male expressions (and practices) are the default choice for human reference in almost any context” (Hellinger & Bußmann 2003: 19).

Hellinger en Bußmann (2003) het meer as dertig tale, soos onder andere Engels, Duits en Nederlands (wat – nes Afrikaans Wes-Germaanse tale is) bestudeer om die seksisme in die taal uit te wys. Afrikaans se woordeskat en sinskonstruksie is ontleen van Nederlands: “Die taal (Afrikaans) se buitelandse wortels lê in Europa en die Ooste – met die penwortel uiteraard in die Nederlandse Lae Lande” (Hugo. 2009: 13). As gevolg van hierdie verband kan 'n mens spekulêr dat Hellinger en Bußmann se bevindinge miskien ook op Afrikaans van toepassing kan wees.

Hellinger en Bußmann het na verskeie aspekte van die tale gaan kyk – van die generiese gebruik van die voornaamwoord *hy* tot vaste uitdrukkings waar vrouens (vandag nog in die moderne samelewing) as minderwaardig teenoor mans uitgebeeld word.

Een van die redes waarom hulle soveel tale regoor die wêreld bestudeer het, is om te probeer bewys dat taalseksisme nie net tot een kultuur of beskawing in die wêreld behoort nie – “the formal and functional manifestations of gender in the area of human reference follow general, and perhaps universal principles in the world’s languages” (Hellinger en Bußmann 2003: 2). Dit is dus 'n fenomeen wat voorkom regoor die wêreld en in talle kulture en dit bewys dan dat die persepsie van die vrou en haar rol in die betrokke samelewing oor die algemeen wêreldwyd dieselfde is en dat taalseksisme steeds 'n groot globale probleem is, wat nie net beperk is tot een spesifieke taalgroep en kultuur nie.

Hellinger en Bußmann identifiseer vier verskillende “taal-genders” in die manier waarop mans versus vrouens uitgebeeld word: *grammatical gender*, *lexical gender*, *referential gender* en *social gender*.

As voorbeeld van *grammatical gender* kan mens kyk na 'n taal soos Duits met die verskillende genders (wat “neutraal” insluit) wat aan alledaagse objekte toegeken word. Nederlands het vandag nog grammatikale gender, maar Afrikaans het nie meer die drieklassesisteem wat selfstandige naamwoorde betref nie. Die verlies aan grammatikale gender word ook deur Hellinger en Bußmann bespreek: “(...) a language may reduce the number of its grammatical gender classes, or lose its original gender system completely, as happened in English and Persian” (Hellinger & Bußmann 2003: 7).

Anders as wat die geval is met grammatikale gender, verwys *lexical gender* na dié woorde in 'n taal wat aan 'n spesifieke gender toegeken word. Hierdie woorde word dan óf toegeken aan die manlike gender, óf aan die vroulike gender. Woorde soos *mother*, *sister*, *son* is “leksikaal spesifiek” en word altyd aan een van die twee genders toegeken. Wanneer 'n woord dan aan 'n manlike en vroulike gender toegeken word, volg daar outomaties 'n betrokke voornaamwoord wat daarmee saamhang. Soos byvoorbeeld in Engels sal *he* en *him* saam met die manlike gender val en *she* en *her* sal dan weer aan die vroulike gender toegeken word. In Afrikaans lyk dit ook nie anders nie – *hy* en *hom* word aan die manlike gender toegeken, terwyl *sy* en *haar* weer vroulike voornaamwoorde is.

Hellinger en Bußman raak ook kortliks aan die morfologiese “gemerktheid” wat onder andere in Engels voorkom. Voorbeelde is *widow* (m) teenoor *widower* (v) en *steward* (m) teenoor *stewardess* (v). Hier word suffikse ingespan om 'n duidelike onderskeid tussen die twee genders te tref. In Afrikaans kom hierdie onderskeid tussen die manlike en vroulike vorme ook baie algemeen voor, soos byvoorbeeld *weduwee* (v) en *wewenaar* (m), *onderwyser* (m) teenoor *onderwyseres* (v) en ook *sekretaris* (m) en *sekretaresse* (v). Woorde soos *citizen*, *patient* or *individual* is sogenaamde *gender-indefinite* of *gender-neutral* woorde. Hellinger en Bußman fokus nie verder op laasgenoemde nie (2003: 7 & 8).

*Referential gender* kom voor by vaste uitdrukkings en idioeme. Dit is wanneer 'n bepaalde gender aan 'n bepaalde idee of boodskap gekoppel word. Die voorbeeld wat Hellinger en Bußmann gebruik, is die uitdrukking in Duits: “*Mädchen für alles*” - wat beteken “*maid of all work*”. Hierdie uitdrukking kan na mans ook verwys, maar 'n “*mädchen*” is altyd vroulik en dit verwys na 'n “meisie” en hierdie uitdrukking is ook altyd neerhalend en negatief van aard. Dit laat 'n mens dink aan soortgelyke Afrikaanse uitdrukkings waar die vroulike vorm gebruik word om 'n negatiewe of afbrekende beeld te skep. Soos byvoorbeeld: “Jy gooi soos 'n meisie” - dit impliseer dat meisies (vroulike gender) nie behoorlik kan gooi nie of dalk swak is met sport. Wanneer dit vir iemand gesê word – veral vir 'n man, word dit neerhalend bedoel.

*Social gender* beeld die rolle van mans en vrouens in die gemeenskap uit. Hellinger en Bußmann is van mening dat wanneer (in Engels spesifiek) 'n amp met 'n hoër aansien genoem word, dit altyd met die manlike voornaamwoord gepaard sal gaan, terwyl ampte met 'n laer sosiale status meestal gepaardgaan met die vroulike voornaamwoord. En wanneer 'n persoonsnaam neutraal is, sal dit altyd die generiese *hy* vorm kry. Die voorbeelde wat hulle noem, is die volgende: “*lawyer, surgeon, scientist = he;*” “*secretary, nurse, school teacher = she*”; “*pedestrian, consumer, patient = he*” (Hellinger & Bußman 2003: 11). Hierdie voorbeelde wys dat ampte met hoër aansien (hoewel die persoonsnaam tog neutraal is en na manlik, of vroulik kan verwys) altyd na die man verwys en ampte met 'n laer sosiale status verwys dan altyd na vrouens. Woorde wat neutraal is, kry dan ook die manlike vorm. Dus word die vroulike vorm slegs gebruik wanneer die amp of posisie as minderwaardig beskou word.

In Wallies het die sprekers nog nie weggebreek van die “ou-wêreldse” idees nie. In Wallies is die meeste persoonsname wat gekoppel is aan 'n loopbaan – manlik, en hulle het geen vroulike eweknieë nie. Vrouens kan wel die rolle en ampte in vandag se moderne lewe beklee, maar die taal maak steeds nie voorsiening vir die verandering nie (Hellinger & Bußmann 2003:12).

“Social gender has to do with stereotypical assumptions about what are appropriate social roles for women and men, including expectations about who will be a typical member of the class, of say *surgeon* or *nurse*.” (Hellinger & Bußmann 2003: 11). Hierdie stelling sê dus dat wanneer vrouens in 'n minderwaardige posisie uitgebeeld

word, hulle dan altyd in die samelewing as die ondergeskiktes aanvaar sal word en daardie ondergeskikte rolle sal altyd aan hulle toegeken word.

Al is dit nie vandag so dat slegs mans sommige uitgesoekte poste beklee nie, bly daar tog slegs een persoonsnaam vir hierdie betrokke ampte in Engels. Dit kan soms verwarring veroorsaak en dit het gelei tot 'n nuwe fenomeen wat na vore gekom het – waar die sprekers 'n geslag aan die betrokke persoonsnaam koppel, soos byvoorbeeld: *female surgeon* en *male nurse*, maar dit kan soms baie formeel en selfs onnatuurlik voorkom (Hellinger & Bußman 2003:11).

Hellinger en Bußmann se uiteindelijke gevolgtrekking is dat manlike uitdrukkings, of gewoontes altyd voorkeur kry en dat dit, volgens hulle, die verstekvorm vir enige menslike verwysing is in byna enige konteks (Hellinger & Bußman 2003: 19).

### 2.3 Taalseksisme

'n Onderdeel van die sosiolinguistiekdeelgebied, taal en gender, wat reeds goed nagevors is (dit vorm trouens die kern van die gebied), is taalseksisme. Taal wat teen vroue diskrimineer en wat aktiwiteite wat met vroue verband hou, verkleineer en trivialisier, word beskou as taalseksisme (Mills 2008:1). Baie alledaagse taalverskynsels en -praktyke kan as seksisties beskou word, insluitend aanspreekvorme wat dui op die huwelikstatus van vroue (*mejjuffrou* teenoor *mevrouw*) waar die aanspreekvorm vir mans (getroud of nie) slegs *meneer* is.

Van Rooy (1996) is van mening dat taalseksisme nie die enigste oorsaak van seksisme oor die algemeen is nie, maar wanneer taalseksisme verwyder word, het dit 'n positiewe effek op seksisme in die algemeen. Volgens Van Rooy kom taalseksisme voor wanneer diskursiewe praktyke deur taal een van die twee geslagte in die diskoers misken. In die praktyk is dit meestal die vrou wat die onderspit delf. Soos met Whorf se hipotese kan 'n mens dan aflei dat die siening wat die samelewing van vrouens het, nadelig deur seksistiese gedrag beïnvloed word (Van Rooy 1996: 35).

Taalseksisme word onder andere op leksikale vlak weerspieël. Woorde wat spesifiek onder die vergrootglas staan, is voornaamwoorde soos die generiese *hy*, aanspreekvorme en titels soos *mejjuffrou* en *mevrouw*, naamwoorde wat 'n onderskeid tref tussen mans en vroue soos *skrywer* [+manlik?] x *skryfster* [+vroulik], *akteur*

[+manlik?] x *aktrise* [+vroulik], *onderwyseres* [+vroulik], ensovoorts; adjektiewe wat vroue beskryf, die moontlike oormatige of neerbuigende gebruik en voorkoms van verkleinwoorde in bepaalde kontekste waar dit oor vroue gaan en ook idiome, spreekwoorde, metafore en uitdrukkings wat gebruik word oor en teenoor vroue.

Daar is ook iets soos ekstralinguistiese sosiale gender wat te make het met die heersende persepsies in die samelewing:

The fact that lexically gender-neutral personal nouns like nurse and farmer are anything but completely gender-neutral is a matter of social gender. Whereas nurse is more likely to be perceived as female, farmer is biased towards the male (even though male nurses and female farmers exist) (Motschenbacher 2010: 64).

Taalseksisme is al deeglik ondersoek in tale en taalgemeenskappe van regoor die wêreld. Hierbo is reeds verwys na Hellinger en Bußman (2003). Hulle het onder andere gekyk na die generiese *hy*, na beroepsname en aanspreekvorme (vergelyk Afdeling 2.5.1).

Aangesien bogenoemde studie (en die ander wat ook verder bespreek word) melding maak van soveel taalseksisme wat in tale en lande regoor die wêreld voorkom, kan 'n mens uit die aard van die saak ook die vraag oor die stand van sake in Afrikaans stel. Voorbeelde van taalseksisme in Afrikaans word in Afdeling 2.4 bespreek.

Daar kan nie van taalseksisme gepraat word sonder om Julia Penelope te noem nie. In 1988 het sy baanbrekerswerk gedoen in 'n omvangryke studie waarin sy die idee van taalseksisme onder die vergrootglas plaas. Sy trek in haar artikel te velde teen die alledaagse Engels wat sommer net uit mense se monde glip, sonder dat die sprekers regtig let op wat hulle nou eintlik sê (let op die voorbeelde wat Penelope noem wat ook later bespreek sal word). Sodoende word die stereotipes van mans en vrouens en ou tradisionele genderrolle lewend gehou deur die sprekers van die taal, soms sonder dat hulle eers daarvan bewus is. Sy voel dat sprekers juis moet let op die (al is dit soms klein) seksistiese uitlatings in 'n taal, want dan sal hulle meer bewus raak daarvan en eers wanneer mens bewus is van 'n probleem, kan verandering daadwerklik begin plaasvind.

Penelope (1988) meen dat Engels inherent seksisties is omdat dit die meeste van die gevalle die manlike geslag op die voorgrond plaas, waar die vroulike geslag aan die

agterspeen moet suig. In haar artikel skryf Penelope dat sy bevind het dat dié gedeelte van die Engelssprekende woordeskat wat na die mensdom in sy geheel verwys, eintlik opgedeel is in twee oneweredige klasse – naamlik mans en vrouens. Sy is vas oortuig dat die grootste klas van die twee hoofsaaklik toegeken word aan die man en sy dinge (Penelope 1988:119).

Sy begin haar motiverings vir haar stelling deur eerstens na beroepe te verwys. Sy argumenteer dat beroepe wat dui op prestasie en aansien, meestal na mans verwys, omdat mans in die geskiedenis die sentrale figure was en tradisioneel hierdie sogenaamde “hoë” profielposte – beklee het. Woorde soos: *doctor, laywer, judge, chairman* (wat volgens haar ’n “positiewe semantiese betekenis dra) word gewoonlik aan die manlike geslag toegeskryf en beroepe soos *nurse, prostitute, housewife* het ’n negatiewe semantiese beeld wat uitgedra word (Penelope 1988: 120). Sy verwys dan verder dat wanneer ’n vrou wel ’n pos met hoë aansien beklee, daar eers ’n sogenaamde *female marker* by die woord gevoeg moet word, soos byvoorbeeld: *lady doctor, female surgeon, woman laywer*. Sy is van mening dat die spreker van die taal (spesifiek Engels) verstaan dat enige term in sy “standaardvorm”, sonder enige verbuigings na die manlike verwys (Penelope 1988: 120).

Penelope is van mening dat die feit dat mense Engels onnatuurlik moet verbuig om seker te maak dat daar onderskeid van beroepsname tussen die manlike en vroulike vorme is, ’n aanduiding is dat ons kultuur baie streng en onbuigbare geslagsrolle het (Penelope 1988: 121).

Penelope stel dan voor dat nuwe woorde – wat genderneutraal is eerder gebruik moet word sodat daar nie onderskeid tussen die genders (en die beroepe wat hulle beoefen) getref hoef te word nie. Woorde soos *chairperson* in plaas van *chairman* moet dan eerder begin gebruik word. Hierdie voorstel het baie kritiek onder puriste gekry aangesien hulle gevoel het dat die taal onnatuurlik vervorm word.

Aan die ander kant spreek Penelope haar ook fel uit teen die generiese *hy* en ook die generiese *man* wat in Engels na *mankind* verwys – met ander woorde die mensdom wat alle mense insluit. Sy reken dat die groot probleem met die “generiese” te doen het met wat die mense dink, en sy reken dat die alledaagse taalgebruik bewys dat mense aan ’n man dink wanneer hulle die woord “man” hoor of skryf (Penelope 1988: 124). As gevolg van hierdie standpunt van haar, voel sy ook dat dit aan die ander kant

ook nodig is om daadwerklike pogings aan te wend om die vrou ook “sigbaar” te maak deur pertinent terme en persoonsname aan hulle toe te ken: “For this reason, use of terms like *chairwoman* and *spokeswoman* are conscious choices and give us a social visibility in roles outside the home that we have never had, correctly asserting that women are not included in terms with masculine markers” (Penelope 1988: 124).

Penelope onderskei tussen ’n paar definisies van wat dit beteken om manlik en vroulik te wees en watter eienskappe aan hierdie twee genders toegeken word en sy is oortuig dat selfs die verskillende definisies en adjektiewe wat gebruik word om die verskillende genders te beskryf, die man telkemale as die sterker geslag uitbeeld en nie plek maak vir ander kwaliteite wat vrouens (en mans) dalk mag hê nie. Sy reken dat vrouens telkens uitgebeeld word as onder andere “nederig”, “swak” en “sag” (Penelope 1988: 127).

Sy staaf haar stelling dat mans en vrouens anders voorgestel word deur die samelewing deur voorbeelde uit die letterkunde aan te haal. Sy gebruik die voorbeelde van borduur- en kookboeke en sy is van mening dat wanneer daardie tekste gelees word, mense moet aanneem dat daar nie ’n enkele man is wat in kook, of borduur belang sal stel nie. Uit die boek *100 Embroidery Stitches* haal sy aan: “This comprehensive book of one hundred embroidery stitches will be usefull not only to teachers and students, but to women of all ages who are interested in embroidery stitches”. In *Book-of-the-Month Club Flyer* staan die volgende: “The right idea for today’s creative women from the Cooking and Crafts Club” (1988: 131 - 132).

Sy meen dat vrouens se uitbeelding soms baie beperk is tot byvoorbeeld huishoudelike aangeleenthede, kinders en stokperdjies soos borduurwerk en sy vind dit onregverdig dat vrouens nie ingereken word wanneer daar na sogenaamde “manlike” sake verwys word nie (Penelope 1988: 131).

Rachelle Vermaak (1997) verwys in haar studie na ’n paar (soms subtiele) taalnorme en -verskynsels wat voorkom wat só ’n taal inherent seksisties maak. Sy verwys byvoorbeeld na die volgende: vrouens se status verander van *mejuffrou* na *mevrouw* die dag wanneer hulle trou; neutrale beroepe word soms geëtiketteer deur ’n geslag vooraan te plaas: *woman doctor* en *lady judge*. Verder noem sy dat wanneer geslagte opgenoem word, die manlike geslag gewoonlik eerste sal staan (Vermaak 1997: 20).

Summers en Miller (2014) identifiseer twee tipes seksisme:

**Benevolent sexism** – endorses more traditional attitudes towards women, particularly paternalistic, protective attitudes towards women. **Hostile sexism** – endorses attitudes and behaviors that exploits women as sexual objects through the expression of derogatory characteristics toward women. Both are built on the notion of male power, although they come from different perspectives (Summers & Miller 2014: 1032).

Een van die redes waarom Hellinger en Bußman soveel tale regoor die wêreld bestudeer het, is om te probeer bewys dat taalseksisme nie net tot een kultuur of beskawing in die wêreld behoort nie, maar dat: “the formal and functional manifestations of gender in the area of human reference follow general, and perhaps universal principles in the world’s languages” (Hellinger & Bußman 2003: 2). Dit is dus ’n fenomeen wat voorkom regoor die wêreld en in talle kulture en dit bewys dat die persepsie van die vrou en haar rol in die betrokke samelewing oor die algemeen wêreldwyd dieselfde is en dat taalseksisme steeds ’n groot globale probleem is, wat nie net beperk is tot een spesifieke taalgroep en kultuur nie.

In Spaans is daar ’n studie gedoen deur Hampares (1976) oor die manlike en vroulike vorms van selfstandige naamwoorde in Spaanse woordeboeke (hierdie studie is soortgelyk aan dié van Beyleveld en van Jaarsveld, 1991, wat later bespreek gaan word). Die woordeboek wat in hierdie spesifieke studie gebruik is, is *The University of Chicago Spanish Dictionary* (1972).

In Spaans geld die taalreël: “‘Masculine takes precedence’ governs the use of a masculine plural pronoun to refer to a group of persons or objects that represents both masculine and feminine gender” (Hampares 1976:100).

Maar daar is vir die meeste selfstandige naamwoorde in Spaans wel ’n vroulike en manlike vorm van die woord. Tog is Hampares van mening dat baie sprekers en leksikograwe grammatika – en selfs logika – ignoreer wanneer hulle te doen kry met selfstandige naamwoorde wat na vrouens in bepaalde beroepe en loopbane verwys (Hampares 1976: 100). Met ander woorde, as die leksikograwe (en sprekers van ’n taal) hierdie vroulike vorme ignoreer, kan dieselfde bespeur word as wat met die bogenoemde studie van Beyleveld en van Jaarsveld in Afrikaans bevind is – dat die miskenning van die vroulike vorme daartoe kan lei dat dit ondergeskik en minderwaardig is teenoor dié van die manlike eweknieë.



In Spaans kom die verskynsel voor dat die woord *wife* soms voor 'n selfstandige naamwoord van 'n bepaalde professie verskyn. Dit verwys dan na die “vrou van die man wat dié betrokke professie beoefen.” Hier is bevind dat die “vrou”-verskynsel 'n oorblyfsel van die verlede is en dat die ouer gebruik daarvan steeds gebruik word in sekere streke (veral die platteland) en ook onder ongeletterde sprekers. Tog bly dit 'n fel herinnering aan die Spaanse vrou se tradisionele afhanklikheid van haar man se posisie en identiteit in die samelewing (Hampares 1976: 105). Daar kan met ander woorde afgelei word dat – net soos in die Afrikaanse kultuur – ook die Spaanse kultuur nog oorblyfsels het van 'n vroeër, meer paternalistiese stelsel, wat vandag nie noodwendig meer die geval is nie.

Anders as Beyleveld en van Jaarsveld, is Hampares van mening dat dit juis die sprekers is wat verantwoordelik is vir die seksisme wat in woordeboeke voorkom, aangesien leksikograwe net uitbeeld wat in die alledaagse spreektaal voorkom: “Sexism affects usage, but it originates in speakers, not in lexicographers, whose duty it is to report what is said” (Hampares 1976: 108).

Hampares kom tot die gevolgtrekking dat daar wel 'n mate van seksisme in die Spaanse taal is, veral wanneer dit by die benaming van beroepe kom, aangesien die manlike vorm steeds die voorkeur bly geniet en die vroulike vorm so min gebruik word dat dit byna onnatuurlik voorkom (Hampares 1976: 108).

Hierdie studie van Hampares is wel baie oud, maar dis steeds belangrik om te noem, aangesien Hampares se doel met haar studie was om die mense bewus te maak van die manier hoe hulle praat. Sprekers van 'n taal moet voortdurend bewus bly van die manier hoe hulle praat en hoe hulle van – spesifiek vrouens – praat. As hulle hul houdings verander, sal dit inslag vind in die taal wat hulle praat en dan sal dit (nuwe denke, en nuwe taalgebruik – veral wanneer dit by vrouens kom) ook eventueel in die woordeboeke van die dag weerspieël word:

By raising the problem from the subconscious to the conscious level, we expect that changes in attitudes will bring about necessary and desirable changes in usage. These, in turn, will be reflected in dictionaries that report current usage accurately (1976: 108).

Elke werksomgewing het sy eie kultuur en taal – en vaktaal word gebruik in sekere beroepe. Vrouens het regdeur die 20ste eeu al hoe meer die werksomgewing – in

alle sfere en vakgebiede – begin betree (Jule. 2017: 61). Dit het die samewerking en interaksie tussen die verskillende genders genoodsaak en dit maak die werksomgewing interessant, aangesien elke gender dinge op hulle eie manier doen.

Die probleem ontstaan egter dat daar vooraf soms reeds rolle aan die onderskeie genders toegeken word en dit maak dit dan moeilik om buite daardie rol te beweeg. Dit is vir vrouens een van die grootste probleme in die werksomgewing, want mans stereotipeer hulle steeds en het vooropgestelde idees omtrent hulle en hul werk. Dit kan egter nie op blatante seksisme dui nie, maar dui eerder op die verouderde idees wat steeds gewortel is in die stereotipes van vrouens en hulle vermoëns en toegewydheid aan hul gesinne (Jule 2017: 64).

Jule is van mening dat mans en vrouens hulleself elkeen in 'n raampie plaas wanneer hulle werk – sy noem dit die sogenaamde “*gender framing*” – wat basies beteken dat elke werker die betrokke rol van sy / haar gender in die werksomgewing aanneem – steeds op grond van die rolle wat die gemeenskap aan die betrokke genders toeken (Jule 2017: 62).

Jule is verder van mening dat vrouens ook te doen kry met die sogenaamde “*glass ceiling*” wat bepaal dat 'n vrou nooit haar volle potensiaal kan bereik nie, want – hoewel sy 'n belangrike pos beklee – daar is altyd 'n man wat steeds meer mag en gesag as sy het in 'n posisie hoër as sy (Jule 2017: 63).

Jule identifiseer verskeie kwessies waarmee vrouens in die werksplek te make kry as gevolg van die stereotipiese rolle wat vooraf aan hulle toegeken word. Dit is nodig om melding te maak van hierdie rolle aangesien die rol wat aan die vrou toegeken word, ook die taalgebruik rondom haar gaan beïnvloed. Soos die Sapir-Whorf hipotese dit stel, beïnvloed die kultuur en samelewing die taalgebruik en *vice versa*. Hier volg 'n kort lysie van stereotipiese rolle wat aan vrouens toegeken word:

Vrouens in gesagsposisies word baie keer negatief geëvalueer, aangesien hulle op grond van hulle voorkoms geoordeel word eerder as hulle vermoëns. Vrouens word slegs positief beskou as hulle op die “regte” manier lyk. Jule is verder van mening dat hierdie perfekte uiterlike van die vrou as volg moet lyk: “*slim, attractive and well-groomed*” (2017: 66).

Mans voel ook dat vrouens meer emosioneel is, veral “one week a month” waar vrouens dan volgens mans nie rasideel kan wees nie (2017: 66).

Verder is die posisies en rolle wat vrouens in die werksplek bekleed meestal geneig om meer: “(...) junior, more teaching-based, more pastoral and often part-time” (Jule 2017: 66) te wees.

Jule is ook van mening dat die beloning vir goeie werk gedoen vir mans en vrouens verskil. Wanneer prestasie beloon word, kry mans die krediet vir toegewydheid en deursettingsvermoë terwyl vrouens beskou word as gelukkig en dat hulle besonders hard moes werk om die taak te voltooi (Jule 2017: 66).

Jule sluit haar artikel af met die gevolgtrekking dat vrouens vandag nog konstant moet stry teen die sosiale rolle wat aan hulle toegeken word, bloot op grond van hulle gender. Sy is van mening dat aannames oor gender baie krag het. Verla in manlik-gedomineerde werksplekke – soos besighede, die regering, politiek, die kerk, die polisie, die reg – waar selfgeldendheid nodig is, moet vrouens konstant gender aannames en verwagtings trotseer (Jule 2017: 67).

Jule som op dat vrouens soms in die sogenaamde drie-C’s kategorie geplaas word: “Children, cleaning, and clerical roles” (Jule 2017: 67).

Sellnow en Treinen (2004) het ’n studie gedoen oor hoe sprekers (dosente by universiteite, asook medestudente) deur hulle gehoor (die studente) beleef word. Die studie se doel was om te bepaal hoe vrouens teenoor mans ervaar word wanneer toesprake gelewer word. Uit hulle bevindinge is dit interessant om te sien dat die studente wat in die gehoor was, na die tyd die mans en vrouens (wat toesprake gelewer het) op verskillende maniere beskryf het. Met ander woorde, die woorde (dus die taal) wat hulle gekies het om die mans- en vrouesprekers te beskryf, het verskil.

Bogenoemde studie is voltrek omdat die skrywers voel dat die een studie na die ander aandui hoe vroulike studente stilgemaak word, teenoor hulle manlike eweknieë wat meer en hoër kwaliteit aandag van instruktors kry. Vroulike studente word makliker in die rede geval en die kans is skraler dat hulle aanvaar en beloon sal word (Sellnow & Treinen 2004: 287). Selfs hier blyk dit dat mans se status hoër is as dié van vrouens en dat hulle ernstiger opgeneem word wanneer belangrike kwessies en klasgesprekke bespreek word.

Wanneer punte toegeken word, sal manlike studente op inhoud geëvalueer word, waar vroulike studente se netheid van die opdrag gekomplimenteer sal word – so asof die uiterlike meer belangrik is wanneer dit by die vroulike student kom (Sellnow & Treinen 2004: 287).

Die kommentaar wat dosente op studente se toetse of opdragte skryf, verskil ook tussen die manlike en die vroulike studente. Studies het bevind dat studente wat 'n "C" vir 'n opdrag verdien het, se kommentaar verskil het. Dit blyk uit die kommentaar asof 'n C goed genoeg is vir 'n vroulike student, maar nie vir 'n manlike student nie. Wil dit dan sê dat vrouens steeds as minderwaardig beskou word, asof hulle nie beter kan doen nie? Daar word vir die manlike C-kandidaat vertel dat hy harder moet werk en dat hy kan verbeter. Aan die ander kant word daar vir die vroulike C-kandidaat gesê dat haar pogings voldoende is. Dus is 'n C aanvaarbaar vir vrouens, maar nie vir mans nie (Sellnow & Treinen 2004: 287).

Wanneer manlike onderwysers vroulike eienskappe toon, word hulle ervaar as "competent and caring" teenoor die vroulike onderwyser met dieselfde eienskappe wat gewoon as "neutral" ervaar word. Waar vroulike onderwysers weer meer manlike eienskappe toon, word beskou as "aggressive, pushy and argumentative" en die manlike onderwyser met dieselfde eienskappe word net as "challenging" ervaar (Sellnow & Treinen 2004: 287). Hier word die taalgebruik wat gebruik word om mans en vrouens te beskryf baie duidelik ten toon gestel. Vroulike karakters word telkens as meer negatief as hulle manlike eweknieë beskryf.

Manlike en vroulike sprekers wat sonder enige aangehaalde bewyse oor sake argumenteer, word ook anders geoordeel: mans wat argumente lewer sonder stawende bewyse word beskou as meer intelligent en invloedryk as vrouens wat dieselfde doen (Sellnow & Treinen 2004:288).

Dit wil ook voorkom asof die toeskouers die manlike en vroulike sprekers evalueer soos wat hulle ervaar word. Effektiewe terugvoer behels 'n gebalanseerde kombinasie tussen hoflikheid en eerlikheid en omdat hierdie twee style onderskeidelik aan die twee genders toegeken word, is medesprekers huiwerig om té direk en eerlik met vroulike sprekers te wees (2004: 288). Dit wil dus voorkom asof mense (die samelewing) dalk versigtiger is om vrouens direk aan te spreek, as vir mans.

Die gevolgtrekking waartoe Sellnow en Treinen kom is baie relevant tot hierdie studie, aangesien dit presies bewys wat hier probeer bepaal word – dat mans en vrouens anders ervaar, geëvalueer en geoordeel word selfs as hulle presies dieselfde kriteria en karaktertrekke ten toon stel. Mans en vrouens word afsonderlik en anders geëvalueer, selfs al is hul gedrag identies. Mans word beskou as meer invloedryk as vrouens wanneer hulle soortgelyke argumente met ondersteunende bewyse lewer (Sellnow & Treinen 2004: 294).

Arnold Arluke, Lanny Kutakoff en Jack Levin het bogenoemde verskynsel ondersoek deur spesifiek te kyk na die verskille tussen die graffiti van mans- teenoor dié van vrouestudente in die badkamers in universiteite van Amerika (in die Boston-area).

Bogenoemde studie is gedoen om te kyk of die graffiti van vrouens verander het tussen die jare 1972 - 1984 en of dit al hoe meer soos die mans s'n geword het. As laasgenoemde die geval is, kan 'n mens aflei dat die rolle van mans en vrouens gelyk is, aangesien albei die vrymoedigheid het om op badkamerwure presies te skryf wat hulle wil. Trouens Arluke, e.a. is van mening dat: “graffiti serve as a psychological ‘safety valve’ for women who traditionally have not been allowed to express their sexual impulses openly” (Arluke, e.a. 1987: 1). As dit die geval is, kan mens dan aflei dat vrouens juis in die badkamers sal skryf wat hulle nie noodwendig in die openbaar sal sê nie, omdat hulle sodoende beskerm word deur die naamloosheid van die aksie.

Tog, ten spyte van die anonimiteit wat graffiti op wure verseker, is daar in bogenoemde studie bevind dat vroulike graffiti baie meer konserwatief en konvensioneel is en meer waarskynlik tot die middelklas se standaard van ordentlikheid sal skik (Arluke, e.a. 1987: 1). Dit laat mens dan by die vraag waarom vrouens juis meer konserwatief is. Is dit maar net in hulle aard, of is dit omdat hulle die rol van die “konserwatiewes” gekry het?

In die tyd toe hierdie studie voltrek is, het dinge vir die vrouens – en die rolle wat hulle in die gemeenskap speel – begin verander: “It is widely believed the decade of the 1970’s was a period of ‘epochal’ role changes for women because of feminist ideology in American society” (Arluke, e.a. 1987: 2).

Die studie wou ook bepaal – in die lig van die veranderende rolle van vrouens – of vrouens se graffiti in die 1980’s meer seksueel van aard sal wees (soos die mans s'n) en of hulle taalgebruik ook nou verander het na minder “sosiaal aanvaarbaar” en

konserwatief as vroeër (Arluke, e.a. 1987: 2). Sosiaal aanvaarbare taal word deur Arluke, Katakoff & Levin as volg gedefinieer: “(...) pertaining to conformist graffiti according to the prevailing cultural norms in relation to the words used” (Arluke e.a. 1987:3).

Die studie het bevind dat vrouens se taalgebruik steeds nie veel verander het nie – ten spyte van die feit dat hulle meer liberale en bevrydende rolle in die samelewing ingeneem het. In die 1970's het daar 25% graffiti van seksuele aard in vroue badkamers voorgekom teenoor die 35% by mans. In die volgende dekade (1983) was die seksuele graffiti by mans selfs hoër (46%) en die vrouens s'n was byna dieselfde (26%) (Arluke, e.a. 1987:4).

Arluke, e.a. het bevind vrouens se graffiti was merkbaar meer aanvaarbaar as dié van hulle manlike eweknieë – wat die inhoud en die taalgebruik betref (Arluke, e.a. 1987: 4). Dus wil dit voorkom of vrouens se meer konserwatiewe en sosiaal aanvaarbare taalgebruik nie beïnvloed is deur die nuwe rolle wat hulle beklee het nie. Wat wel interessant is, is die feit dat daar in die dekade tussen 1970 - 1980 'n verandering was in die vrouens se graffiti deurdat die inhoud: “(became) significantly more political over the decade” (Arluke, e.a. 1987: 4). Die veranderende rol om al hoe meer die politieke arena te betree, het hier duidelik 'n invloed op die vrou en die taal wat sy gebruik, gehad.

Behalwe vir klein veranderinkies hier en daar blyk dit uit dié studie dat vroulike studente hier steeds beïnvloed word deur die tradisionele rolle van vrouens: “more bound to conventionalism, restraint, passivity, and conformity, and more subdued than their male counterparts” (1987: 5).

Ter afsluiting maak Arluke e.a. die gevolgtrekking:

When confronted by the situation of making inscriptions on bathroom walls, the individual will be controlled by socialisation; that is, he or she will fall prey to societal demands. And, such demands, in terms of what is written on the walls, would be seen to be more stringent for females than they would be for males. (Arluke e.a. 1987: 5)

Dus blyk dit dat die vrouensgraffiti meer konserwatief van aard is, omdat die samelewing verwag dat die vrou self meer konserwatief van aard is.

Die groot probleem, wanneer vrouens nie uitgebeeld word met die korrekte aansien wat hulle in die samelewing geniet nie, gaan lei daartoe dat vrouens dan steeds as sulks (minderwaardig, onsigbaar) beskou gaan word, want volgens Evans en Green is die aanname in kognitiewe linguïstiek dat taal mens se denkpatrone reflekteer (en kan byna gesien word as 'n wyse waarop gedagtes gekodeer word) en dit kan die manier beïnvloed hoe 'n mens redeneer (Evans & Green 2006: 98).

Wanneer spesifieke rolle aan mense toegeken word, kom daar saam met daardie rol outomaties 'n sekere besigting van die taal wat geskik is vir die spesifieke rol wat die taalgebruiker moet speel. Wanneer vrouens 'n spesifieke rol kry (deur byvoorbeeld mense se verwagtinge van hoe vrouens moet optree en watter taal hulle moet gebruik), gaan die vrou soms daardie rol aanneem wat aan haar toegedeel is.

Hellinger en Bußmann raak kortliks hieraan. Hulle is van mening dat die opkoms van publieke diskoers ten opsigte van taal en gender, afhang van die sosio-politiese agtergrond, veral wat die stand van sake van vrouebewegings in die betrokke land betref (Hellinger & Bußmann 2003: 18). Dit beteken dat die vrou en haar rol gevorm word deur die gemeenskap (en uit die aard van die saak ook die gepaardgaande politieke beleide – veral ten opsigte van vrouens) self.

Die samelewing is soms verantwoordelik vir die rolle van vrouens en dit word dan ook in taal weerspieël. Beide die samelewing en die taal moet verander om die stereotipering van vrouens te beëindig. 'n Goeie begin kan dus wees om op die taal te fokus sodat die sprekers bewus kan wees van wat hulle sê. Dié bewustheid kan oorgaan na aksie en dade en kort voor lank kan taalseksisme en seksisme in die algemeen iets van die verlede wees.

## **2.4 Taalseksisme in Afrikaans**

In die negentigerjare van die vorige eeu is 'n hele paar studies oor taalseksisme in Afrikaans onderneem. Beyleveld en van Jaarsveld (1991) bekyk taalseksisme in die *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* (Kritzinger en Labuschagne, 1982) en die *Tweetalige Woordeboek/Bilingual Dictionary* (Bosman, van der Merwe, Hiemstra, 1984). Dié woordeboeke is intussen hersien en daar is nog vele ander, ook baie gesaghebbende woordeboeke, wat as naslaanbronne gebruik word, soos die

*Verklarende Afrikaanse woordeboek* (Labuschagne & Eksteen) wat in 2009 reeds sy 9de uitgawe gesien het en die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* en die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (2015) wat alreeds sy sesde hersiene uitgawe gesien het. Die studie van Beyleveld en van Jaarsveld is reeds 31 jaar gelede gedoen, maar dit is, onder andere omdat dit nooit herhaal is nie, wel interessant.

Hulle bevind dat “tradisioneel gevestigde vorme, gebruike en betekenisinhoud hardnekkig in woordeboeke (bly) voortleef” (Beyleveld & Van Jaarsveld 1991: 4). Wanneer ’n woordeboek vrouens, of mans op ’n bepaalde manier uitbeeld, kan dit dan byna as die norm (van die taalgebruik van die dag) gesien word en die alledaagse taal van die sprekers weerspieël.

Dit blyk dat daar beslis in Afrikaanse woordeboeke se voorbeeldsinne steeds seksisme gesien kan word deurdat “ondergeskikte, passiewe rolle gewoonlik aan die vroulike geslag toegewys word op veral die intellektuele en ekonomiese terreine van die Afrikaanse samelewing” (Beyleveld & Van Jaarsveld 1991: 1). Wanneer hierdie ondergeskiktheid steeds hardnekkig in die woordeboeke bly voortleef, kan die stigma van vrouens as ondergeskiktes net nie afgeskud word nie, selfs al blyk die situasie in die praktyk anders te wees: “tradisioneel gevestigde vorme, gebruike en betekenisinhoud (bly) hardnekkig in woordeboeke voortleef” (Beyleveld & Van Jaarsveld 1991: 4).

Een van Beyleveld en Van Jaarsveld se gevolgtrekkings is dan ook dat – wat die beroepswêreld spesifiek betref – “daar ’n definitiewe neiging is om (+MANLIK)-vorme te gebruik om sowel die man as die vrou te benoem” (Beyleveld & Van Jaarsveld 1991: 12).

Bogenoemde kwantitatiewe studie dui aan dat vroulike vorms en items minder as die manlike eweknieë gebruik word. Onder die letter “M” is al die voorbeeldsinne getel en die uitslae lyk as volg: Vroulik: 15; Manlik: 208). Dit dui daarop dat vroulike voorbeeldsinne slegs 7% onder die letter M in die *Tweetalige woordeboek / Bilingual Dictionary* (Bosman e.a. 1982) verteenwoordig (Beyleveld & Van Jaarsveld 1991: 6) wat veroorsaak dat “die vroulike geslag ook op hierdie wyse ‘onsigbaar’ word” (Beyleveld & Van Jaarsveld 1991: 11).



Beyleveld en van Jaarsveld gee voorbeeldsinne wat juis “illustreer hoe manlike en vroulike woorde konseptueel met positiewe of negatiewe attributiewe in verband gebring word: *’n Monster van ’n vrou*. (NEGATIEF); *Hy is sy vak heeltetal magtig* (POSITIEF); *Hy het sy gehoor meegesleep* (POSITIEF); *Hy is my meerdere* (POSITIEF) (Beyleveld & van Jaarsveld 1991: 7). Ek kan self aan ’n paar voorbeelde dink wat vandag steeds in gebruik is: “’n Man van durf en daad”; “’n Man duisend”; “Staan jou man”. Wanneer uitdrukkings met vrouens gebruik word, het dit baie dikwels (meer as met die manlike eweknieë) ’n negatiewe konnotasie: “’n Ou vrou met ’n natbroek.” “Hardloop/gooi soos ’n meisie”.

Dit is interessant om te sien dat wanneer die vroulike vorm wel gebruik word in ’n voorbeeldsin, die klem op die liggaamlikheid val. Hierdie fenomeen het in 3 van elke 15 voorbeeldsinne voorgekom. Dit wil voorkom dat wanneer vroulike voorbeeldsinne wel gebruik word, die fokus dan op die estetiese en liggaamlike val – soos “Sy het ’n dun middeltjie” of “Sy het ’n spierwit vel” (Beyleveld & Van Jaarsveld 1991: 6). Dit laat dan die vraag of vrouens dan in die oë van die gemeenskap dan net op fisiese vlak beoordeel word.

Beyleveld en Van Jaarsveld kom tot die volgende gevolgtrekking: “seksistiese lemmas as sodanig hoef nie noodwendig ’n aanduiding van blatante seksisme te wees nie. Wat egter onverskoonbaar is, is betekenis- en gebruikleiding wat nie die werklikheid weerspieël nie en sodoende voortgaan om die vrou ‘onsigbaar’ en haar nuutverworwe status ‘onkommunikeerbaar’ te maak” (Beyleveld & Van Jaarsveld 1991: 12).

Hierdie studie van Beyleveld en Van Jaarsveld uit 1991 kan vandag gerepliseer word met nuwe uitgawes van die genoemde woordeboeke, want geen soortgelyke studie is weer gedoen nie. My navorsing het nie woordeboeke nie, maar ’n tydskrif (*rooi rose*) gebruik as databron.

In nog ’n gedateerde studie ondersoek Vorster (1992) taalseksisme en die vertaalpraktyk. Sy onderneem ’n empiriese studie na die siening en werkswyse van vertalers rakende taalseksisme. Haar studie, wat van ’n vraelys gebruik gemaak het, bring aan die lig dat die vertalers wel bewus is van taalseksisme en dat hulle die generiese *hy*-vorme problematies vind. Vorster is van mening dat vertalers (as deel van die akademici) net soos gewone taalgebruikers is – “(...) die produk van die tyd

waarin hulle leef. Hulle eie taalgebruik is dus onderworpe aan die voorbeelde van die gemeenskap” (Vorster 1992: 2).

Die navorsingsgroep / respondente wat aan hierdie studie deelgeneem het, was mans sowel as vrouens. Die idee was om hulle sienings en menings oor taalseksisme te hoor en om te bepaal hoe hulle in dié verband te werk gaan wanneer hulle vertaal- en redigeerwerk doen. Hulle het tekste gekry om te vertaal met ’n aanvullende vraelys met keusevrae wat aspekte van taalseksisme betrek (Vorster 1992: 3). Daar het presies vier vroue en vier mans aan hierdie studie deelgeneem. Hulle was ’n betreklike jong groep (met ’n gemiddelde ouderdom van 34 - 40 jaar) en ’n oorgrote meerderheid van die groep se huistaal was Afrikaans (97,5%) (Vorster 1992: 45- 46).

Sy kom tot die gevolgtrekking dat die vertalers deeglik bewus is van die omstredenheid ten opsigte van taalseksisme, maar verkies tog die generiese *hy* met as tweede opsie *hy/sy*. Vorster is van mening dat die gebruik van hierdie generiese terme hoofsaaklik vir stilistiese redes gebruik word, en selde werklik generies gebruik en geïnterpreteer word (Vorster 1992: 85).

Slabbert (1993) beskryf die diskoers van drie vrouetydskrifte, naamlik *Die boerevrou* (1919-1931), *Die Huisgenoot* (1932-1948) en *Sarie (Marais)* (1949-1989) met aandag onder andere aan vrouetaalstereotipes, maar anders as in hierdie verhandeling is taalseksisme nie haar fokus nie. Sy kyk wel na “veranderlikes in wat ’n mens sou verwag om gevoelig vir die verloop van tyd te wees” (Slabbert 1993: 257) en hier bespreek sy wel kortiks vroulike suffikse, omdat sy gedink het hierdie suffikse sou afhanklik van tyd gewees het (Slabbert 1993: 310). Haar resultate toon egter aan dat dit nie die geval was nie. Wel interessant is ’n paar opmerkings oor suffikse, soos dat die suffiks *-ster* veral in die jare veertig veral gewild is (Slabbert 1993: 310). Sy tref die vorme *draagster* en *kerkgangster* net in hierdie tydperk aan en “kan nie nalaat” om ook die voorbeeld *hoenderboerinne* te gee nie (Slabbert 1993: 311).

Van Huyssteen (1996) ondersoek die (vulgêre) manier waarop daar na vrouens as seksuele objekte verwys word en waar die mans openlik as die sterker, meer dominante geslag voorgestel word deur die woorde wat gebruik word om seks en

geslagsorgane (van beide geslagte) te beskryf. Sy artikel fokus egter nie op taalseksisme as sodanig nie.

Ook wanneer dit kom by die fisiese, blyk dit of vrouens telkemale die onderspit moet delf wanneer geslagsorgane en die seksuele daad ter sprake kom. Van Huyssteen het 'n in-diepte studie gedoen oor jong, Afrikaanse mans (verbonde aan die Universiteit van Pretoria) se woordkeuses wanneer dit kom by die beskrywing van seksuele daade asook die beskrywing van die manlike en vroulike geslagsorgane. Selfs hier blyk dit dat Die Afrikaanse gemeenskap steeds deur middel van hulle taalgebruik uitbeeld dat die man die sterkere van die twee geslagte is.

In die studie is bevind dat vrouens se geslagsorgane baie maal as iets eetbaars uitgebeeld word, soos 'n *koek* of 'n *oester* (Van Huyssteen 1996: 126) en die mans s'n word aan die ander kant weer uitgebeeld as 'n orgaan wat sterk is en oorwin en straf – dit sien ons in woorde soos 'n *slang* en 'n *sambok* (Van Huyssteen 1996: 126).

Wanneer 'n man en vrou gemeenskap het, sal dit ook gewoonlik op só manier beskryf word dat die man die een is wat die vrou *saag* of *spyker* of *naai* asof sy 'n lewelse objek is (Van Huyssteen 1996:130). Sodoende wys dit dan ook dat die man die vrou se liggaam besit en haar ook sodoende domineer.

Van Huyssteen kom aan die einde van sy studie tot die gevolgtrekking dat bogenoemde tipe taalgebruik en seksuele metafore in Afrikaans deur die kognitiewe gemotiveer word en hierdie proses lei telkens tot stereotipering en veralgemening (Van Huyssteen 1996:133). Met ander woorde hierdie seksuele taalgebruik, gee onmiddellik die rol van die vrou as die een wat getem moet word, die een wie se liggaam geniet (geëet) word.

Rachelle Vermaak (1997) se fokus van haar studie is om te bepaal in hoe 'n mate taalseksisme in die Afrikaanse leksikon voorkom. Sy kon geen literatuur oor seksisme teenoor mans vind nie (Vermaak 1997:18).

Vermaak (1997) is van mening dat seksisme slegs ter sprake is wanneer daar teen **vroue** gediskrimineer word. Sy verwys onder andere na sogenaamde “neerhalende”

woorde wat onderskeidelik aan mans en vrouens toegeken word, maar volgens haar kan dié neerhalende woorde vir mans soos “wolf”, “rokjagter” en “suiplap” nie regtig as beledigend of negatief beskou word nie. Dus kan sulke woorde nie werklik as taalseksisties gesien word nie.

Vermaak skryf in haar verhandeling dat vrouens in die sestigerjare (toe daar groot feministiese bewegings regoor die wêreld was) geveg het vir selfdefiniëring en om ’n positiewer beeld te kry. Een van die eerste doelwitte wat die “woman’s movement” begin het, was om die taalgebruik van mense te verander:

Aangesien taal die sisteem is waardeur almal sosialiseer, beskou die ‘woman’s movement’ dit as die raamwerk wat geslagsongelykheid daar stel. Een van hulle primêre doelwitte is dus om taalvorme waardeur vroue in ’n tradisioneel man-gedomineerde wêreld gedefinieer, as minderes gestel en geïgnoreer word, uitgeskakel te kry. Dit hou vir hulle die geslagsgelykmaking van beide die interne struktuur as eksterne struktuur in (Vermaak 1997:1).

Vermaak deel taalseksisme in twee groepe in: (1) taalgebruik van vroue (hoe vrouens geleer word om te praat) en (2) taal wat op vroue van toepassing is (hoe daar oor vrouens in die algemeen gepraat word) (Vermaak 1997:2).

Interessant genoeg kom Vermaak in haar samevatting tot die gevolgtrekking dat: “(A)frikaanse vroue nie so bewustelik ingestel is teenoor taalseksisme as die Amerikaanse ‘women’s libbers’ nie” (Vermaak 1997: 16). Sy sê nog studies oor taalseksisme – veral in Afrikaans en die breër Afrikaanse gemeenskap – is nodig om die sprekers bewus te maak van diskriminerende of neerhalende taalgebruik wat wel in Afrikaans voorkom.

Snyman (2014) probeer vasstel in watter mate die verskynsels van taalseksisme en seksistiese stereotipering in taalonderrigmateriaal voorkom. Sy fokus veral op die uitbeelding van en rolle wat aan vroue toegeken word in aanleerderkursusse. Benewens die woord *vroumens*, wat een keer as ’n voorbeeldsin uit die HAT aangehaal word, gee sy net een verdere voorbeeld in sinskonteks waar *vroumens* gebruik word en noem dit intrinsieke taalseksisme (Snyman 2014: 45).

Die Afrikaanse en breër Suid-Afrikaanse samelewing in 2022 kan nie sonder meer as seksisties beskou word nie, aangesien Suid-Afrikaanse vroue, sedert die bewindsoorname van Nelson Mandela in die sogenaamde “Nuwe Suid-Afrika”, se posisie in die land heeltemal verbeter en verander het. Suid-Afrika se nuwe grondwet (wat in 1996 die lig gesien het) se wet lê veral klem op die gelyke regte van mans en vrouens. Intendeel die *Wet op Billike Indiensneming (Employment Equity Act)* van 1998 bepaal dat vrouens selfs voorkeur bo mans geniet wanneer dit by indiensneming kom (soos in die volksmond bekendstaan as “Regstellende Aksie”) (Hills. 2015: 5).

Natalie Thompson (2021) het baie onlangs ’n belangrike bydrae gemaak tot die studieveld van taalseksisme in Afrikaans.

In haar ondersoek vra sy die vraag oor wat geskrewe Afrikaans geskiedkundig vertel van gender en spesifiek van vrouens. Sy gebruik ’n korpus van geskrewe tekste (die HCSA – Historical corpus of Afrikaans) en ondersoek onder andere hoe die frekwensie van vroulike selfstandige naamwoorde vergelyk met die manlike selfstandige naamwoorde in die korpus. Sy kyk ook na die kollokasies wat ’n sterk samehang met vroulike selfstandige naamwoorde het en patrone wat algemeen in die korpus voorkom. Laastens ondersoek sy wat die sosiokulturele faktore van die Afrikaanse taalgemeenskap was, veral ten opsigte van gender (Thompson 2021: 4).

Sy fokus op selfstandige naamwoorde en ondersoek hoe die gebruik van die manlike selfstandige naamwoorde met die vroulikes vergelyk om te probeer vasstel of die frekwensie en gebruik daarvan met die loop van tyd verander het. Sy doen ’n korpuslinguistiese ondersoek en span die HCSA (Historical corpus of Afrikaans) in om hierdie navorsingsvraag te antwoord. Die HCSA dek die tydperk tussen 1911 en 2010 en is opgedeel in vier sub-korpuse (1. 1911 - 1920, 2. 1941 - 1950, 3. 1971 - 1980 en 4. 2002 tot 2010) om soveel as moontlik variasies van Afrikaans in te sluit (Thompson 2021: 54). Die HCSA is ’n sogenaamde statiese korpus en dit bied die geleentheid om verskillende linguistiese eienskappe oor die loop van tyd te ondersoek (Thompson 2021: 2). Aan die ander kant is historiese korpora dikwels beperkend aangesien dit suiwer staatmaak op geskrewe tekste (Thompson 2021: 51).

Sy maak gebruik van kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe navorsing. Haar uitgangspunt is: “This study does not make any assumptions about how concepts

found in the HCSA came to be but rather sets out to investigate what is already present in the HCSA” (Thompson 2021: 43).

Sy ondersoek juis die geskrewe vorm van Afrikaans, want sy is van mening dat die geskrewe vorm as die “standaard” beskou word en verder word die standaardvorm gewoonlik beskou as die vorm met “hoër sosiale status” (Thompson 2021: 44). Die geskrewe tekste wat deel vorm van die korpus is uit verskillende bronne geneem: akademiese tekste, tydskrifte, koerante, literatuur en manuskripte (Thompson 2021: 54).

Die woorde wat sy ondersoek het, was die manlike en vroulike eweknieë van die selfstandige naamwoorde wat sy uit ’n frekwensielys onttrek het en sy het ook gekyk na die woorde waarvan die geslag nie bekend is nie, soos byvoorbeeld *vrou*, *man* en *persoon*; *meisie*, *seun* en *baba*. Verder ondersoek sy ook woorde wat baie beroepspesifiek is en ook persoonsname wat besliste onderskeid tussen die manlike en vroulike geslag tref, soos: *direktrise* en *direkteur*; *eienares* en *eienaar*; *heldin* en *held*; *kunstenares* en *kunstenaar* (Thompson 2021: 73 & 74).

Sy vergelyk die frekwensie van elkeen van hierdie woorde in al vier die sub-korpora om vas te stel of die frekwensie van die woorde deur die loop van tyd verander het en in hoe ’n mate dit verander het.

Sy kom tot die volgende gevolgtrekkings: 1. Die frekwensie van die vroulike selfstandige naamwoorde verminder oor die loop van tyd, terwyl die manlike selfstandige naamwoorde se frekwensie konstant bly. 2. Die manlike selfstandige naamwoorde, veral in sub-korpora 4 (2002 - 2010) word al hoe meer vir vrouens ook gebruik. 3. Mans word meestal voor vrouens geplaas. 4. Vroulike selfstandige naamwoorde word dikwels saam met negatiewe konnotasies gebruik in terme van hul lywe, voorkoms en seksualiteit. 5. Vrouens is ook dikwels voorgestel deur middel van hulle verhouding met mans “as being on unequal footing to men and being described with less than desirable adjectives” (Thompson 2021: 125).

Haar finale gevolgtrekking is dat dit duidelik blyk uit die laaste korpus dat: “there has been a move toward gender parity. As a caveat it should once again be noted that generalisations to Afrikaans as a whole should be avoided, as the findings specifically relate to the HCSA” (Thompson 2021: 126).

Thompson se studie verskil van hierdie studie in die opsigte dat die korpuse wat gebruik is, verskillend is. My studie kyk wel ook na die frekwensies van manlike en vroulike selfstandige naamwoorde, maar dit gebruik een vrouetydskrif as korpus en fokus ook op aanspreekvorme en titels sowel as op die generiese *hy* waarvan daar in Thompson se studie nie melding gemaak word nie.

Ten spyte van die gelyke regte – en selfs bevoorregting – wat vrouens tans in Suid-Afrika geniet, na die aanvaarding van die nuwe grondwet in 1996, ook in die werksomgewing, is dit steeds moontlik dat taalseksisme in die taalgebruik van Afrikaanssprekendes deurskemer. Met ander woorde, dit is moontlik dat veranderinge op politieke en sosiale gebied nie atyd in taal weerspieël word nie en hierdie moontlikheid moet daarom ondersoek word.

## **2.5 Aspekte van taalseksisme**

In hierdie afdeling word op drie aspekte gefokus wat van nader ondersoek sal word in die korpus.

As gevolg van die omvang van 'n meesterstudie, kan nie alle aspekte van taalseksisme ondersoek word nie.

### **2.5.1 Die generiese *hy***

Die sogenaamde “generiese *hy*” is 'n onderwerp wat feministe al vir jare lank warm onder die kraag het. Daar is nog nie veel in Afrikaans ondersoek tot watter mate daar verandering oor die loop van 100 jaar plaasgevind het nie, maar Hellinger en Bußmann (2013) ondersoek tog die sogenaamde *gender languages* – dit is tale wat hulle geïdentifiseer het waar die voornaamwoorde spesifiek gekoppel kan word aan 'n “manlike” of “vroulike” gender wat – soos in Duits – soms gebruik word om van alledaagse objekte te praat. Hierdie “gender tale” sluit Nederlands in waaruit Afrikaans ontwikkel het.

Gastil (1990) maak in sy artikel ook melding van hierdie generiese *hy*, wat vandag ook in Engels – soos in Afrikaans – steeds bestaan. Gastil is van mening dat “the generic *he* possesses a male bias” (Gastil 1990: 630). Dit kan in die moderne samelewing probleme oplewer, want feministiese akademici hou vol dat die generiese *hy* en

soortgelyke woorde nie net 'n geskiedenis van manlike dominansie voorstel nie, maar ook die volhouding daarvan aanmoedig (Gastil 1990: 630).

Hierdie generiese *hy* sluit dan ook dikwels die vrou uit terwyl die man die heeltid as die “norm” voorgehou word. Navorsing toon dat vrouens amper heeltemal verdwyn uit die bevolking van “generiese” mense in die gedagtes van mans (Gastil 1990: 631).

Gastil se gevolgtrekking oor die generiese *hy* toon die volgende:

The generic *he* appears to bias the reader toward imagining male referents, clearly suggesting that even when read in passing, the generic *he* contains a male bias. That this bias could reinforce itself in sexist thought and behaviour seems eminently plausible, as previous feminist scholarship has shown (Gastil 1990: 639).

Hy is dus van mening dat wanneer *hy* voortdurend as die voorkeurvoornaamwoord gebruik word, dit moontlik is dat dit kan lei tot seksistiese idees en gedrag in die samelewing.

Van Rooy (1996) het 'n verfrissende artikel oor die generiese *hy* – in Afrikaans – geskryf. Hy vra die vraag: “Is generiese manlike voornaamwoorde regtig generies?” en die doel van sy artikel is om “krities ondersoek in te stel na die posisie van die generiese manlike voornaamwoorde in Afrikaans” (Van Rooy 1996: 33).

Van Rooy vra waarom hierdie generiese vorm in Afrikaans voorkom en waarom die manlike vorm juis die generiese vorm is. Die vraag of hierdie generiese manlike vorme wel tot effektiewe kommunikasie onder Afrikaanse sprekers lei, word ook ondersoek (Van Rooy 1996:33).

Volgens Van Rooy verwys die generiese *hy* na “die gebruik van die manlike vorm van die persoonlike voornaamwoord van die derdepersoon in kontekste waar die geslag van die referent nie aangedui word nie. Dit is kontekste waar die referent die abstrakte idee van die mens in die algemeen is en geslag dus nie ter sprake is nie, of kontekste waar die geslag van die referent nie bekend is nie en dus juis nie gespesifiseer kan word nie” (Van Rooy 1996: 34). Hy haal Ponelis (1979: 58 - 59) aan wat onderskei tussen die geslagtelike en generiese gebruik van die manlike voornaamwoord. Hierdie manlike voornaamwoord kan verwys na nielewende referente, of na menslike referente waar die geslagtelikheid geneutraliseer word – soos te sien in die sin: “*Het*



*hy nie 'n onderwyser gevra of hy bereid sal wees om 'n spesiale klas te gee nie?"* (Van Rooy 1996:34).

Van Rooy is van mening dat die generiese *hy* in Afrikaans uniek is in vergelyking met tale soos Duits waar grammatikale geslag voorkom, want "(in) Afrikaans het naamwoorde alle grammatikale geslag verloor en slegs biologiese geslag is 'n oorweging". Hy reken dat hierdie verskynsel terugdateer tot die vereenvoudiging van 17<sup>de</sup> eeuse Nederlands toe mense met verskillende taalagtergronde dit aan die Kaap moes aanleer (Van Rooy 1996: 34).

Selfs die onpersoonlike voornaamwoord, *dit*, kan deur *hy* vervang word, soos in die sin: "*Naas Botha skop hom oor die pale*" (verwysende na 'n rugbybal) (Van Rooy 1996: 34).

Interessant genoeg is dit nie net objekte wat die generiese voornaamwoord kry nie, maar in sekere dialekte in Afrikaans – soos Oranjerivierafrikaans – kan daar selfs na vrouens met die manlike vorm verwys word: "*Hy loop werk saam met sy man*" (verwysende na 'n vrou wat saam met haar man gaan werk). Verskeie navorsingsprojekte oor die huidige situasie in Afrikaans is reeds gedoen (Van Rooy 1996:34).

Van Rooy stel dit so: "Dit wil voorkom asof die manlike vorm 'n baie dominerende posisie in die Afrikaanse spreektaal inneem, en dat sowel die taalgebruikers as die taalnormeers hulle vereenselwig met die konstruksie" (Van Rooy 1996: 34). Deur na internasionale studies van verskillende tale en kulture regoor die wêreld te kyk, het Van Rooy 'n lys saamgestel waar hy die aanvaarbaarheid van die generiese manlike voornaamwoord bevraagteken. Sy uitgangspunte kan as volg opgesom word:

- Die aanspraak wat gemaak word, is dat taalgebruikers generiese vorme as grammatikaal neutraal kan beskou, maar dit as geslagspesifiek interpreteer. Hier verwys hy dan ook na die studie van Beyleveld en Van Jaarsveld (1994: 46) wat as bewys vir hierdie aanspraak dien deur hulle navorsing dat die oorgrote meerderheid woordeboekingskrywings gebruik maak van manlike voornaamwoorde teenoor die klein hoeveelheid vroulike voornaamwoorde wat in woordeboekingskrywings voorkom (Van Rooy 1996: 35).

- Die probleem met die generiese voornaamwoorde is dat dit baie dubbelsinnig kan wees, want hierdie woorde kan op twee maniere geïnterpreteer word, naamlik generies sowel as geslagspesifiek (Van Rooy 1996: 35).
- Daar is dikwels in een diskoerssegment wisseling tussen die generiese en spesifieke betekenis – soos te sien in hierdie Engelse voorbeeldsin: “*Man’s vital needs include food, water and access to females*” (Van Rooy 1996: 35).
- Daar word ’n argetipe geskep dat die mens by verstek manlik is. Met ander woorde die man neem die norm van die mens aan. Manlikheid word dus aan menslikheid gelyk gestel en dit veroorsaak weer dat die vrou ’n taalkundig gemerkte vorm word. Van Rooy gebruik die woorde “nie-man” om die vrou in hierdie konteks te beskryf (Van Rooy 1996: 35).
- Die generiese vorm werk glad nie in kontekste waar die referente uitsluitlik vroulik is nie. Van Rooy is van mening dat as die manlike vorm nou werklik die generiese vorm is, dit dan eintlik na alle mense (ondanks geslag) moet kan verwys (Van Rooy 1996: 36).
- Navorsers is van mening dat die manlike vorm as die generiese vorm gekies is, aangesien dit ’n weerspieëling van die taalnormeëders is wat agter hierdie taalreël sit (Van Rooy 1996: 36).

Van Rooy eindig sy ondersoek deur ’n persepsietoets te doen waaraan moedertaalsprekers deelneem. Daarin evalueer hy of die manlike voornaamwoord tóg generies geïnterpreteer kan word en verder ondersoek hy alternatiewe voornaamwoorde. Hy ondersoek die kritiek teen voornaamwoorde op twee maniere naamlik (1) “’n teoretiese bespreking van die implikasies van die betrokke gebruik in die spreektaal; en (2) die uitlig van tendense in bestaande navorsing oor die aangeleentheid” (Van Rooy 1996: 33 & 34).

Vir sy navorsing kies hy sy respondente baie omsigtig. Hulle bestaan uit 48 LLB-finalejaarstudente aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Hulle is ook almal Afrikaanse moedertaalsprekers. Vanweë hulle regs- en vakkennis weet hulle dat die manlike voornaamwoord gebruik word om na die mens oor die algemeen te verwys (volgens kursusse oor wetsuitleg) en tweedens verstaan hulle ook die ander kant van die munt aangesien hulle ook baie lesings oor feminisme bygewoon het – dus sal hulle, volgens Van Rooy, moontlik meer sensitief wees vir die problematiek van die generiese manlike voornaamwoorde as ander sprekers (Van

Rooy 1996: 36). Hy identifiseer wel een risiko om juis hierdie groep mense te gebruik. Dit is die feit dat hulle kennis van feminisme het, wat hulle dalk kan beïnvloed om te dink dat die manlike voornaamwoorde nie generiese betekenis het nie (Van Rooy 1996: 36).

Daar is gepoog om die data só in te samel deur ewe veel mans en vrouens in die studie te gebruik. In totaal het 18 respondente van elke geslag aan die studie deelgeneem.

Die vraelys bestaan uit twee afdelings. In Afdeling 1 is die interpretasie van die voornaamwoordelike vorme deur die respondente bepaal. In Afdeling 2 is daar vyf voorbeeldsinne gegee waaroor die respondente hulle eie oordele rakende die grammatika moes weergee – daar is telkens ’n ander voornaamwoord gebruik om na die antesedent te verwys, maar die respondente is eksplisiet ingelig dat die voornaamwoorde in daardie kontekste na die “mens-in-die-algemeen” verwys – dus die generiese verwysings. In die laaste gedeelte van Afdeling 2, moes die respondente die moontlike voornaamwoorde invul in voorkeurvolgorde. Die eerste sin bevat doelbewus ’n neutrale proposisie terwyl die tweede sin ’n meer negatiewe proposisie bevat (Van Rooy 1996: 37).

Die volgende resultate is gelewer: met die uitsondering van die vroulike voornaamwoord, het respondente alle voornaamwoordkombinasies as oorwegend manlik geïnterpreteer. Die geslag van die respondente het ook geen invloed op die resultate gehad nie – die manlike respondente het 69% van die kere net mans geteken en vrouens het 68% mans geskets.

Van Rooy bevind dat daar ’n groot betekenisloosheid van geslag as onafhanklike veranderlike is en dít kan volgens hom verskeie interpretasies hê: Óf vrouens kan nie ’n betekenisvolle aandeel vir vrouens in die regsberoep insien nie, óf hulle is só gekondisioneer deur die Afrikanersamelewing se waardestelsel, óf Afrikaans se taalvorm is ’n sterk faktor wat hulle denke oorheers – in ooreenstemming met die Whorf-hipotese (Van Rooy 1996: 38).

Verder is Van Rooy ook van mening dat die mans slegs ’n oppervlakkige “beking” ondergaan het waar hulle hul taalgebruik verander het om nie die manlike vorm as die generiese vorm te gebruik nie. Hy reken hulle het nie hierdie verandering “geïnternaliseer” nie.

Van Rooy sluit sy artikel af met voorstelle vir alternatiewe waarmee die manlike vorm (wat volgens hom nie as generies gesien kan word nie) vervang kan word.

- Die gebruik van *hy of sy* of *hy/sy* maak die vrou tog sigbaar, maar dit is lomp en verwarrend en veroorsaak verdere probleme ten opsigte van die volgorde (wie moet nou eerste genoem word, die man of die vrou?).
- Die meervoudsvorm *hulle* kan nie werk nie, want dit veroorsaak weer stilistiese probleme.
- Die mees haalbare alternatief van wat moontlik hierdie probleem kan oplos (syns insiens) is om 'n totale nuwe woord te skep. Sy voorstel is die woord *sig* wat inderwaarheid nie heeltemal vreemd in Afrikaans is nie, te oordeel aan die woord *sigself* wat reeds in die taal bestaan. 'n Voorbeeldsin wat hy gee, dui die praktiese gebruik van hierdie woord aan: “*n Mens moet sigself afvra wat sig te doen staan*” (Van Rooy 1996: 39).

Vermaak (1997) ondersoek soos Van Rooy die generiese *hy* in Afrikaans. Die groot verskil tussen haar en Van Rooy se benadering is die feit dat sy 'n vergelykende studie tussen Afrikaans en Engels doen wat die generiese *hy* betref. Volgens Vermaak (1997) is die generiese *hy* 'n baie groter probleem in die Engelse taal as in Afrikaans. Sy voel *he* en *man* is nie werklik in staat om ook na vrouens te verwys nie, hoewel baie linguiste dit só wil laat lyk. Sy voel ander geslagsneutrale terme soos *one*, *they*, *human* en *person* moet eerder gebruik word. Alhoewel die algemene “n mens” die aanvaarbare term is (Vermaak 1997: 26 - 27), word daar steeds voorkeur gegee aan “hy” wanneer mens in Afrikaans nie seker is of iets (soos by diere) manlik of vroulik is nie.

Hellinger & Bußmann (2003) is van mening dat die formele en funksionele manifestasies van gender onder die mensdom 'n algemene en universele beginsel in die tale van die wêreld is (Hellinger & Bußmann 2003: 2). Hulle ondersoek die sogenaamde “*gender languages*” soos Duits, waar woordgeslag gebruik word vir alledaagse voorwerpe. Hierdie “gendertale” sluit onder andere Duits, Frans en Nederlands in. Wat Nederlands betref, het die nominale tweeklassesistiem verdwyn toe Afrikaans ontwikkel het. In Afrikaans geld die gewoonte dat wanneer mens nie weet wat die geslag of gender van 'n objek is nie, die voornaamwoord *hy* sal wees.

Ook in Engels word die generiese *hy* gebruik as daar van die derde persoon gepraat word. Die voorbeeld wat Hellinger en Bußmann gebruik, is: “An American drinks his coffee black” (Hellinger & Bußmann 2003: 10). So word vroue outomaties misken en geïgnoreer.

Hellinger en Bußmann identifiseer die bogenoemde fenomeen en definieer dit as sogenaamde *false generics*. Hulle is van mening dat alle gendertale wat in die studie ondersoek is, die tradisionele gebruik volg – naamlik om die sogenaamde (maar vals) generiese manlike vorm te gebruik om na beide mans en vrouens te verwys (Hellinger & Bußmann 2003: 9).

Hellinger en Bußmann is ook van mening dat die gebruik van voornaamwoorde (soos *hy* teenoor *sy*) kan bydra tot die individu se identiteit en wanneer *hy* telkemale as die voorkeurvoornaamwoord, of die voornaamwoord wat geassosieer word met die sterkste en die positiefste, gebruik word, dit die vroulike geslag minderwaardig en gefrustreerd kan laat voel. Op ’n psigologiese vlak kan die toepaslike gebruik van die persoonlike voornaamwoorde bydra tot die instandhouding van ’n individu se identiteit. Aan die ander kant kan die onvanpaste gebruik (soos om aanhoudend teenoor iemand diskriminerende en degraderende taal te gebruik, of om iemand glad nie aan te spreek nie), lei tot irritasie, woede en gevoelens van minderwaardigheid (Hellinger & Bußmann 2003: 3).

Hellinger en Bußmann noem dat vroulike persoonsname altyd baie spesifiek is, maar dat manlike voornaamwoorde ’n wyer leksikale en referensiële potensiaal het en nie net aan die manlike gender toegewys kan word nie. Die voorbeelde wat hulle gebruik uit die Engelse taal is *minister* en *lawyer* (Hellinger & Bußmann 2003: 9). Dieselfde gebruik geld ook in Afrikaans. *Minister* en *prokureur* kan na beide geslagte of genders verwys.

Hierdie fenomeen kan problematies raak in ’n gemeenskap, aangesien die gebruik daarvan kan lei tot die miskenning van die vrou en die veronderstelling dat die manlike gender eintlik die “norm” in die betrokke samelewing is

## **2.5.2 Aanspreekvorme en titels**

Die taal- en sosiale verskynsel dat mans en vrouens op verskillende maniere aangespreek word wanneer daar direk met hulle gepraat word (en die spreker nie

noodwendig bekend is aan die aangesprokene is nie, of nie sy of haar naam ken nie), is bekend.

In Afrikaans is daar die aanspreekvorme *meneer* vir mans (ongegag hulle huwelikstatus) en *mevrou* vir 'n getroude vrou en *mejuffrou* vir 'n ongetroude vrou. In Engels word *mrs* gebruik teenoor 'n getroude vrou en *miss* teenoor 'n ongetroude vrou. Die manlike aanspreekvorm bly dieselfde – ongeag die man se ouderdom, of huwelikstatus, maar die vrou se verandering (verhoging?) in status word duidelik gesien in die aanspreekvorm wanneer sy die dag trou. Aan die ander kant bly 'n man se status dieselfde en word dit nie verhoog die dag wanneer hy in die eg verbind word nie.

Gelukkig het die bogenoemde aanspreekvorme en die status van die vrou in die moderne tyd al verander – 'n positiewe teken dat 'n mens wel die *status quo* en die manier van dink van die samelewing kan verander as 'n mens die taalgebruik verander. In Engels is *mrs* en *miss* vervang met die neutrale *ms* (Hellinger & Bußmann 2003: 16). In Afrikaans is daar nou (soos in Engels) 'n eenderse aanspreekvorm vir alle vroue – ongeag hulle huwelikstatus: *mev* en *mej* kan vervang word met *me* en vroue het die reg om te besluit hoe hulle aangespreek wil word.

In ander wêrelddele is die aanspreekvorme van en teenoor vroue ook al ondersoek. Hellinger en Bußmann (2003) het deeglike studies hieroor gedoen. 'n Paar voorbeelde van aanspreekvorme van en teenoor vrouens in ander tale en kulture is die volgende: In Javanees sal 'n tradisionele Javanese man sy vrou op óf haar naam aanspreek, óf die woord *dik* gebruik wat “jonger suster” beteken. Hy sal dan na homself verwys as die *mas* oftewel die “ouer broer” – ongeag sy ouderdom. (Hellinger & Bußmann. 2003:16). Hierdie verskillende aanspreekvorme wys dadelik uit dat (in die Javanese gemeenskap) die man as die “wyser” een van die twee beskou word. Uit die aard van die saak impliseer dit dat die vrou dan onderdanig moet wees en na haar man moet opkyk vir leiding en wysheid en dat sy nie so slim soos haar man is nie.

Vrouens het eers in die jare sewentig begin om die beroepswêreld te betree wat tradisioneel deur mans beklee is. So het daar 'n onnatuurlike verskynsel wat beroepsname betref na vore getree waar die gender eers gespesifiseer moes word ter wille van duidelike verwysing. *Vroulike dokter* is een só 'n voorbeeld. Vermaak voer aan (wel sonder om haar beredenering met logiese voorbeelde te staaf): “Hierdie

ettiketering het diskriminasie veroorsaak omdat daar bloot geen vertroue in die vrou se bekwaamheid as 'n professionele persoon gestel is nie" (Vermaak 1997: 13).

In Engels word die eufemisme *lady* in plaas van *woman* gebruik om sekere beroepe eufemisties aan te dui, soos *cleaning lady*. Interessant genoeg noem Vermaak dat die term *lady* nie meer 'n gelyke status met *lord* geniet soos wat in die verlede die geval was nie (1997: 37). *Lady* kan ook nie as 'n sinoniem vir *woman* gebruik word nie, soos wat wel die geval by die manlike vorm is nie. Vermaak noem dat *woman* wel die beste benaming is wanneer daar na 'n vrou, of iemand van die vroulike geslag verwys word, maar sy reken: "Die probleem kom in wanneer *woman* as 'n bepaler gebruik word wanneer daar nie een nodig is nie, soos in *woman doctor*. In Afrikaans het ons nie dieselfde verskynsel as in Engels nie en die gelyknamige *dame* kan as sinoniem vir *vrou* gebruik word en dit dien ook nie as 'n eufemisme soos in Engels nie (Vermaak 1997: 38).

Paul Baker (2010) ondersoek die twee Engelse aanspreekvorme, *mr* en *mrs*. Die studie is voltrek deur vier ewe groot korpora van Engels uit verskeie geskrewe genres te neem. Tekste wat gebruik is dateer onderskeidelik uit die jare 1931, 1961, 1991 en 2006. Terme en woorde wat ondersoek is, het die volgende ingesluit: manlike en vroulike voornaamwoorde, man, vrou, genderverwante professies en rolle soos *chairman* en *chairwoman* en veral die twee aanspreekvorme *mr* en *mrs*.

Die doel van bogenoemde studie was om te bepaal of neigings ten opsigte van genderverteenwoordiging, wat sedert die 1990's in die taal inslag gevind het, steeds 'n verskynsel in die tyd van die studie (2006) is. Baker is van mening dat potensiële kritiek (dat die vergelyking van slegs twee tydperke nie die geleidelike verandering goed genoeg sal weerspieël nie) uit die weg geruim kan word deurdat dit oor 'n wyer tydperk uitgevoer word (Baker 2010: 128). Dit is waarom die studie van byna 80 jaar se *rooi rose* moontlik ook 'n meer realistiese weergawe van die verandering in genderverteenwoordiging (as dit blyk voor te kom) sal gee.

Baker kom in sy studie tot 'n paar gevolgtrekkings:

- Eerstens deur die **kwantiewe** sy, kon hy vasstel dat manlike voorkeur steeds teenwoordig is deurdat daar steeds meer na mans verwys word as na vrouens.
- Hy kon wel 'n afname in die gebruik van *he* en *mr* bespeur. Dit blyk uit die studie dat *ms* nog nie oral ewe veel inslag gevind het nie, maar Baker is van

mening dat dit 'n handige woord is wat mense kan help om meer bewus te wees van die probleme van die sisteem en dít kan weer lei tot die vermyding van ander, minder aanvaarbare, woorde en aanspreekvorme (Baker 2010: 145).

- Verder kon Baker ook vasstel dat genderneutrale woorde wel meer voorkom en in die alledaagse taalgebruik opgeneem is. Woorde soos *police officer* of *cop* word vandag baie meer algemeen gebruik.
- Aan die ander kant is *chairperson* of *chair* nie so suksesvol in die taalgebruik opgeneem nie en is *spokesman* en *chairman* steeds die verkose woorde. Baker is van mening dat die polisiemag se daadwerklike pogings om gendergelykheid te bevorder, dalk 'n rol in die sukses van die veranderde gebruik van die benamings in die polisie teweeg gebring het.
- Baker is van mening dat die woord *chair* in die toekoms dalk beter inslag sal vind as *chairperson* aangesien die 1991-data gewys het dat die agtervoegsel *person* ook weer sy eie negatiewe konnotasies teweeg bring (Baker 2010: 145).
- Aan die **kwalitatiewe** kant van die navorsing het Baker in die analise tot baie belowende gevolgtrekkings in terme van genderverteenwoordiging gekom. Deur sy studie het hy bepaal dat mans deesdae meer uitgebeeld word as fisies of seksueel aantreklik en dat hulle baie meer omgee oor hulle voorkoms as in die verlede.
- Aan die ander kant is daar ook 'n verandering in die manier hoe vrouens uitgebeeld word te bespeur: Die stereotipe van vrouens wat skinder en onderdanig is, is ook besig om te taan.
- Dit is ook baie verrassend om steeds die generiese gebruik van *prehistoric man* en *industrial man* te sien opduik in komtemporêre akademiese skrywe.
- Daar bestaan ook nie enige vorme van *great woman* of *influential woman* in enige van die korpora nie. Die woorde *feminist* en *feminism* kom ook al hoe meer voor deur die loop van tyd (Baker 2010: 146).

Baker bevestig ook die belangrikheid van die beskikbaarstelling van aanlyn korpora wat navorsers in hulle taal-en-gender-studies kan gebruik om hierdie groot, onontdekte bron te verken (Baker 2010: 146).

### 2.5.3 Vaste uitdrukkings en idiome



In alledaagse idioome en vaste uitdrukkings (“frozen expressions such as idioms, metaphors, and proverbs” Hellinger & Bußmann 2003:16) word vrouens vandag nog in die samelewing as die “swakker geslag” uitgebeeld. Trouens, in Afrikaans is dit ’n algemene sêding dat vrouens die “swakker geslag” is. Idioome en uitdrukkings is soms dekades (indien nie eeue nie) oud en beeld soms ’n argaïese samelewing en kultuur uit. Baie maal word die uitdrukkings wat gekoppel word aan die vroulike geslag soms negatief voorgestel, teenoor dié wat die manlike geslag voorstel, wat as heelwat meer positief uitgebeeld word. Hierdie is nie net ’n verskynsel wat in Afrikaans voorkom nie, maar dit kan wêreldwyd in vele tale aangetref word. Hellinger en Bußmann beaam die bogenoemde gevolgtrekking dat vaste uitdrukkings en idioome wat konnotasies met vrouens het, meestal negatief is. Beskrywings van of terme vir vrouens, is geneig om negatiewe – en dikwels ook seksuele en morele – implikasies te hê wat nie ooreenstem met die manlike terme nie (Hellinger & Bußmann 2003:16).

In Afrikaans kry mens ou, vaste uitdrukkings (wat vandag steeds algemeen gebruik word) wat duidelik die vrou in ’n swakker, minderwaardiger, negatiewer lig stel as wat die geval is met die meeste idioome wat na die manlike geslag verwys. Uitdrukkings soos – *Hy is net ’n ou vrou* (hy is ’n sukkelaar) en *Vroueraad is soos brandewyn; baie goed as jy net ’n bietjie neem* – kom na vore en hiermee sien mens reeds die afkraking van die vrou en die negatiewe konnotasie wat aan die vrou (en haar rol in die samelewing) gegee word.

Vermaak lig gevalle uit waar die vroulike komponent telkemale gebruik word om veral verkleinerings ten opsigte van die man aan te dui, byvoorbeeld: *Hy is ’n ou vrou / ou meid* (lafaard) en *Dit is regte ouvroutories* (ou, simpel stories wat nie geglo kan word nie) (Vermaak 1997:11).

Vermaak lig ook verder die skeldname uit wat aan vroue met losbandige neigings toegeken word. Woorde soos: *hoer, slet, wyf, koket* kom na vore. “Eufemismes kom nie by hierdie tipe woorde voor nie. Daar bestaan ook nie soortgelyke manlike teenhangers nie. Die noem van *prostituut/prostitutisie* is vroulik en indien wel na ‘manlik’ verwys word, sal dit adjektiewies-gemerkt moet word as *manlike prostitutie* (Vermaak 1997: 12). Uit hierdie voorbeelde is dit weereens duidelik dat vroue en mans nie oor dieselfde kam geskeer word wanneer dit kom by die taal en die morele waardes wat aan die onderskeie geslagte toegeken word nie.

Vermaak spreek haar ook uit teen van die metafore wat in 'n taal voorkom wat die houding van die sprekers weerspieël: “Implisiete metafore in seksistiese taal druk dikwels veragting teenoor vroue uit” (Vermaak 1997:22). 'n Voorbeeld van sulke metafore is *screw*. “‘To screw’ in 'n seksuele verband hou die betekenis van dominansie, destruksie, die uitdroog (vgl. die finansiële sin) van iemand in” (Vermaak 1997: 22). Verder brei sy uit deur te sê: “Die beledigendheid teenoor die vrou lê in die detail van die metafoor. Dit is hierdie dooie metafore wat kan seermaak” (Vermaak 1997:22).

Dit wil dus voorkom asof vrouens op vele terreine deur middel van die taalgebruik van die sprekers as die swakker, minderwaardige geslag uitgebeeld word en dat mans koning kraai.

Deur al die bogenoemde studies wat deur die jare voltrek is deur verskillende navorsers, in verskillende lande, oor verskillende tale en kulture, is dit baie duidelik dat taalseksisme steeds bestaan en lewendig is vandag. Hierdie taalseksisme kom in vele formate en voorbeelde voor. Die positiewe is dat dit wel al begin verander het en in sommige taalgemeenskappe word daar pertinente pogings aangewend om hierdie diskriminasie hok te slaan. Die beste manier om te begin is deur bewusmaking en dit is uiteindelik die einddoel van hierdie studie. Om bewus te wees van die taalseksisme wat steeds in Afrikaans (dalk subtiel) voorkom en om ook te kan terugkyk op die pad wat ons al gekom het deur die jare en om te sien hoe (indien wel) Afrikaans dan verander het om aan te pas by 'n meer moderne samelewing.

Daar is ook vaste uitdrukkings in Afrikaans wat die term “man” gebruik, maar wat eintlik “die mens” impliseer. Met hierdie uitdrukkings, word die vroulike vorm heeltemal geïgnoreer – so asof dit byna nie bestaan nie, asof die manlike vorm die totale mensdom verteenwoordig. Hier is 'n paar voorbeelde van sulke uitdrukkings: *Man alleen* – sonder hulp; *Mans genoeg wees* – om jouself te kan verdedig; *Soos een man* – almal saam; *Die man op straat / Jan Alleman* – die gewone burgers van die land.

Uit eie ervaring van die taal en die algemene sêgoed wat daagliks in Afrikaans gebruik word en wat al vir jare deel van my woordeskat is, het 'n paar by my na vore gekom: *Jy kla soos 'n ou vrou met 'n nat broek* – gesê aan iemand wat die heeltyd neul en negatief is. *Jy gooi soos 'n meisie* (hierdie uitdrukking kom ook voor in Engels) – dit word gesê wanneer iemand 'n voorwerp, soos 'n bal (veral in sport) gooi en dit is 'n

swak gooi. Dit impliseer dat meisies swak is en nie goed kan gooi nie en nie goed is in sport nie. Dit word as 'n belediging vir 'n man beskou om “soos 'n meisie” te gooi. Om te “hardloop soos 'n meisie” het basies dieselfde betekenis en deel die negatiewe konnotasie van die aksie van 'n meisie wat swakker is as dié van 'n seun, of iemand van die manlike geslag.

Selfs die Afrikaanse boerefilosoof en skrywer, C.J. Langenhoven het gesê: *Waardeer die werk van jou vrou; jy sal nêrens op aarde 'n ander kneg vir dieselfde diens en teen dieselfde prys kry nie.* Dit impliseer dat vrouens onder die diens van mans staan en vir hulle moet werk soos 'n kneg (De Wet 2011: 486).

Manlike uitdrukkings aan die ander kant, spreek van trots en krag en inbors – alles positiewe eienskappe. *Om jou man te staan.* – Om sterk te staan. *'n Man van durf en daad* – 'n Man wat sterk is en doen wat hy sê, iemand met integriteit. *'n Man of 'n muis* – dit impliseer dat mans sterk is en moed het. Die woord “mannemoed” verwys ook na iemand wat baie moed en durf het. Hierdie positiewe en sterk konnotasies word baie minder met die vroulike geslag gelyk gestel.

*Die mans en die honde doen die ronde; die katte en die wywe moet tuis blywe.* – Gesê as iemand reken 'n vrou se plek is in die huis. Hierdie ou uitdrukking stel dit baie duidelik dat slegs die mans werk kan doen en in staat is om dit te doen en die vrouens is net goed genoeg om tuis te bly. Let ook op die gebruik van die woord “wywe” in plaas van “vrouens”. Dit is sekerlik so gebruik om te rym, maar “wywe” bly steeds 'n neerhalende term vir vrouens.

Vermaak verwys ook na metafore waar diere name aan mense toegeken word om 'n bepaalde karaktertrek na vore te bring. Die dierebenaminge wat aan mans toegeken word, word male sonder tal in 'n meer positiewe lig gesien as dié wat aan vrouens toegeken word: VROULIK: *geitjie, huishen, kat, merrie, tierwyfie*. Wanneer vroulike vorme op die man toegepas word, word dit ook altyd as negatief of degraderend beskou: *Hy is 'n ou hen*, maar wanner die man 'n konnotasie met 'n ander manlike vorm kry, is dit positief: *Hy is 'n ou haan / ramkat* (Vermaak 1997:12).

Verder is daar vele voorbeelde in die Afrikaanse taal waar die woord “man” sommer vir “alle mense” gebruik word. Asof die man die norm is van die mens. “Om manalleen te wees” – verwys na 'n persoon wat alleen is met geen ander mense om hom of haar

nie. “Hulle het soos een man saamgestem” – Hulle het almal (mans en vrouens) saamgestem oor ’n saak (De Wet. 2011: 322).

Gerhard van Huysteen (1996) het ook in sy studie van metafore melding gemaak: “The fact that different metaphors exist in different sub-culture groups indicates that metaphorical mappings are strongly influenced by culture and ideology” (Van Huysteen 1996: 119). Metafore en idioome is seker meer as enige ander taalverskynsel diep in ’n taalgemeenskap gewortel.

Dus is dit duidelik dat vrouens op vele terreine deur middel van die taalgebruik van die sprekers as die swakker, minderwaardige gender uitgebeeld word en dat mans telkens as die sterkstes koning kraai.

In Turks is daar ’n uitdrukking wat soos volg lui: “Let the one who bears a son be proud, let the one who bears a daughter beat herself.” Daar word geen doekies omgedraai nie – hierdie idioom impliseer duidelik dat dogters minderwaardig is, aangesien dit beter vir ’n vrou is om seuns te baar, as dogters.

In Russiese uitdrukkings is die enigste positiewe konnotasie van vrouens wanneer daar na hulle as Moeder-figure verwys word (Hellinger & Bußmann. 2003: 17).

In tale soos Russies of Pools – waar manlikheid in vandag se samelewing steeds as baie waardevol beskou word – kan die rol van die vrou ook in die taalgebruik bespeur word. Daar word die vroulike vorm altyd in ’n negatiewe konnotasie gebruik, waar die manlike vorme altyd ’n neutrale of positiewe konnotasie dra (Hellinger & Bußmann 2003: 12).

In ’n taalgemeenskap soos Arabies (waar vrouens vandag steeds onderdruk word en onderdanig is aan die mans), is die miskennis van die vrou só erg dat hulle eerder onnatuurlik (en grammaties verkeerd) sal praat, as om die vrou enige erkenning te gee. In Arabies is die volgende taalverskynsel (hoewel grammaties verkeerd) algemeen te vind: “If word order in a conjoined noun phrase is reversed to masculine first and feminine second, is ungrammatical; the masculine must still be chosen” (Hellinger & Bußmann 2003: 15).

Dit lei tot die gevolgtrekking dat Arabies ’n genderhiërargie het wat die manlike as die “mees waardevolle gender” definieer. As gevolg hiervan, word die “manlike”

naamwoorde duidelik sigbaar in gendertale en dra dit merkbaar meer gewig en klem as die vroulike naamwoorde (Hellinger & Bußmann 2003: 15).

Aspekte van taalseksisme kom duidelik regoor die wêreld voor, in elke taal en gemeenskap. Hoewel die moderne samelewing heelwat anders daarna uitsien as 'n paar honderd jaar gelede, het die taal ongelukkig stadiger aanbeweeg as die mense en is daar oorblyfsels van hierdie seksistiese aspekte wat steeds inslag in die taal vind.

## 2.6 Tydskrifte as databron

Vir hierdie studie is dit nodig om ook kortliks stil te staan by tydskrifte en die gedrukte media, aangesien dit 'n groot rol in die taalgemeenskap en hulle taalgebruik speel. Dit speel ook 'n baie groot rol in die persepsies oor hoe die verskillende genders uitgebeeld word en watter rolle in die samelewing aan elkeen toegeken word. Die *rooi rose* (wat die hoofkorpus van hierdie studie is) is 'n tydskrif wat deur duisende Afrikaanse vrouens gelees word en wat daarin staan en hoe dinge daar voorgestel word, het 'n impak op die lesers daarvan.

In hierdie gedeelte van die hoofstuk word daar nie net gekyk na die taalgebruik as sulks nie, maar ook na die rolle wat aan die betrokke genders toegeken word. Hier speel foto's en afbeeldings natuurlik 'n baie groot rol in die gedrukte media en dit is hier waar stereotipes oor die rolle wat die betrokke genders in die samelewing speel, sterk na vore kom. Dit is tog nodig om daarna te verwys, aangesien ons reeds weet dat die Sapir-Whorf hipotese die samelewing en die betrokke taal wat hulle gebruik, onlosmaaklik aan mekaar verbind.

Die belangrikheid van gedrukte media op 'n taalgroep se wêreldbeskouing word kortliks in 'n artikel van Royo-Vela e.a. (2007) aangeraak. Navorsers het in 'n analise die rol wat aan vrouens toegeken word in Spaanse tydskrifte ondersoek. Hulle het spesifiek na advertensies gekyk, want navorsing het aangedui dat gender verteenwoordiging in die media mense se houdings en gedrag kan affekteer. Deur sekere rolle vir mans en vrouens daar te stel, versterk net die idee dat daardie rolle natuurlik en gepas en die beste is om na te streef (Royo-Vela e.a. 2007: 633). Dus is

dit belangrik dat vrouens die korrekte blootstelling in die media – veral in tydskrifte kry, aangesien die indrukke wat daar van hulle gegee word, of die rolle wat aan hulle toegeken word, blywend kan wees: “If women, for instance are improperly depicted in advertisements, it is detrimental to society because it perpetuates misconceptions” (Royo-Vela e.a. 2007: 633).

Royo-Vela e.a. voel ook sterk oor die feit dat media, en spesifiek advertensies wat in gedrukte media voorkom ’n groot invloed op die ontvangers se idees en denke het. Verder voel Royo-Vela e.a. dat mense wat aan ’n spesifieke wêreldbeskouing in die media blootgestel word, begin om hierdie wêreldbeeld as die realiteit te aanvaar wat beteken dat adverteerders ’n groot verantwoordelikheid het, want daar is ’n rede tot kommer oor die beelde van mans en vrouens in die media, veral waar kinders baie daaraan blootgestel word (Royo-Vela e.a. 2007: 634).

Courtney en Lockeretz (1971) ondersoek die rol wat vrouens in advertensies in gedrukte media speel. Hulle hoofdoel met die studie was om te kyk of die stereotipiese rolle van mans en vrouens geïdentifiseer kon word en ook om aandag te gee aan die vergelyking tussen die werkende en niewerkende rolle van mans en vrouens soos wat hulle in advertensies uitgebeeld word (Courtney & Lockeretz 1971: 92).

Courtney en Lockeretz kies sewe publikasies en kyk na 729 advertensies wat elkeen gekodeer is. In hulle ondersoek het hulle gevind dat slegs 12% van die advertensies vrouens in ’n werkende rol voorgestel het (hoewel 33% van Amerikaanse vroue werkendes is). Aan die ander kant word 45% van die mans as werkendes uitgebeeld. Nie ’n enkele vrou is as ’n professionele beroepsvrou wat ’n hoë pos beklee, uitgebeeld nie. Vrouens se rolle in die werkersmark word slegs uitgebeeld as onder andere: “*clerks (3), stewardess (1), assembly line worker (1), airline employees engaged in food preparation (3), schoolteacher (1) and one woman only identified as a ‘working woman’*” (Courtney & Lockeretz 1971: 93).

Mans wat alleen in ’n advertensie verskyn het, is as ’n werkende uitgebeeld. Slegs 37% van die mans is in ’n niewerkende rol uitgebeeld, maar in kontras hiermee, beeld die vrouens 90% van die kere ’n niewerkende rol uit. 70% hiervan was hulle in die advertensie onaktief, of het bloot net as “versiering” gedien.

Courtney en Lockeretz het ook aandag gegee aan die tipe produkte wat geadverteer is en hoe die rol van die man en vrou saam met die betrokke produk uitgebeeld is.

Hiermee wou hulle die twee verskillende “wêrelde” van mans en vrouens ondersoek. Een van die kategorieë van produkte het die breë samelewing van die tipiese Amerikaner uitgebeeld. Interessant genoeg het hulle navorsing gewys dat vrouens – net soos mans ook onafhanklik uitgebeeld word – maar op ’n beperkte wyse. Vir groot huishoudelike aankoop besluite blyk dit steeds of die man daardie rol in advertensies beklee – die een wat al die “groot” besluite in die huishouding moet neem (Courtney & Lockeretz 1971: 93).

Die advertensies is onderverdeel in hoofsaaklik drie kategorieë – slegs vrouens, slegs mans en advertensies waar albei geslagte teenwoordig is. 40% van die advertensies het slegs uit mans bestaan, 26% slegs vrouens en 34% van die advertensies het albei geslagte verteenwoordig. Hier kan ’n mens sien dat vrouens net ten opsigte van verteenwoordiging heelwat minder aandag as mans geniet.

’n Paar waarnemings in hierdie studie toon dat vrouens oor die algemeen as versorgers en modepoppies en afhanklikes uitgebeeld is vyftig jaar gelede. In die nege advertensies wat ’n enkele vrou verteenwoordig het, is agt vrouens saam met skoonheidsprodukte of klerereekse uitgebeeld en ander is vrouens in familierolle uitgebeeld (Courtney & Lockeretz 1971: 94).

Hulle uiteindelijke gevolgtrekking is soos baie van die vorige studies wat hier bo genoem is dat dit blyk of dié advertensies die wêreld reflekteer soos dit is – byvoorbeeld dat die gemiddelde direkteur manlik is. Die ware omvang van vrouens se rolle in die samelewing is nie ewewigtig uitgebeeld nie (Courtney & Lockeretz 1971: 94).

Die gekte stereotipes van vrouens het in die betrokke advertensies na vore gekom – naamlik: “’n Vrou se plek is in die huis”, “Vrouens neem nie belangrike besluite nie”, “Vrouens is afhanklik en het die beskerming van mans nodig”, “Mans beskou vrouens hoofsaaklik as seksobjekte” (Courtney & Lockeretz 1971: 94 - 95).

Die gevolgtrekking wat hulle maak is ook maar net ’n herhaling van al die ander voor hulle – vrouens word onder-vertteenwoordig en hulle voel dat feministe in sekere opsigte wel ’n rede tot frustrasie het wanneer hulle hul misnoeë te kenne gee oor die feit dat advertensies nie ’n volledige beeld gee van die verskeidenheid rolle wat vrouens eintlik in die Amerikaanse samelewing vertolk nie. Adverteerders moet bewus

word van die groeiende behoefte onder vroue om uitgebeeld te word in hulle verskeie lewensrolle (Courtney & Lockeretz 1971: 95).

In Spanje is daar 'n paar dekades later 'n studie voltrek waar taalseksisme en die verskillende genderrolle in Spaanse tydskrifte ondersoek is. In Spanje het dieselfde omwentelinge plaasgevind soos in die res van die Westerse wêreld en die rol van die vrou het ook verander. Royo-Vela e.a. (2007) wou in hulle studie vasstel of kulturele uitbeeldings in advertensies tred gehou het met die veranderinge in die samelewing (Royo-Vela e.a. 2007: 633).

Royo-Vela e.a. voel dat wanneer die gemeenskap se kultuur verander het (soos wat in Spanje en die ander Westerse lande gebeur het), die advertensies in media saam met daardie nuwe kultuur ook moet verander. Hulle is van mening dat as 'n gemeenskap getransformeer het, daar ook veranderinge in die media se gendervoorstelling moet plaasvind, aangesien die manier hoe mans en vrouens in die samelewing beskou word, verander het (Royo-Vela e.a. 2007: 634).

Toe hierdie studie voltrek is, het die statistieke in Spanje as volg gelyk: In die 1970's het slegs 28% van die vrouens betaalde beroepe gehad, die res was almal tuisteskeppers. In 2007 (toe hierdie studie voltrek is), het 52% van die vrouens 'n inkomste verdien. Dit het natuurlik 'n groot impak op die samelewing in Spanje gehad. Vrouens het meer waarde begin heg aan die werke wat hulle verrig het, want dit het selfverheerliking en onafhanklikheid teweeg gebring en selfs die mans het geleidelik begin aanvaar dat selfs hulle take kan verrig wat voorheen eksklusief deur vrouens gedoen is (2007: 634).

Spanje het egter 'n unieke situasie, want die tradisionele familie is steeds net so belangrik soos die moderne familie. Daarom is dit in hierdie studie, voltrek deur Royo-Vela e.a., opvallend om te sien in hoe 'n mate die media hierdie verskillende families en hulle betrokke rolle uitbeeld.

In die 1970's is vrouens in Spanje in gedrukte media anders uitgebeeld as die mans. Die vrouens het hoofsaaklik die rolle vertolk waar hulle óf werkloos (en dus tuisteskeppers) was, óf waar hulle rolle vertolk het van poste wat tradisioneel deur vrouens bekleed is. In die 1970's was vrouens dus nie uitgebeeld as onafhanklik nie. Mans aan die ander kant, was meestal uitgebeeld in meer professionele rolle.



Die uitgangspunt in hierdie studie is dat die navorsers die volgende hipoteses wou bewys: (1) In die laaste drie dekades sal Spaanse mans en vrouens meer in hulle tradisionele rolle uitgebeeld word as in moderne rolle, (2) Mans sal in die drie dekades steeds meer onafhanklik as vrouens uitgebeeld word en (3) Tog sal die manlike en vroulike rolle in Spaanse tydskrifte minder stereotipies word as in die verlede.

Om hierdie studie te voltrek is daar na veertien verskillende tydskrifte gekyk en in elke tydskrif is tien advertensies ontleed. Gesamentlik het die sowat 518 karakters in die verskillende advertensies uit 257 mans en 261 vrouens bestaan (Royo-Vela e.a. 2007: 638 - 639).

Die studie bewys dat vrouens meer gereeld in die tradisionele rolle uitgebeeld is in die jare 1975, 1985 en 1995. Die hoogste persentasie van hierdie uitbeelding was in 1975. Interessant genoeg was die mans ook in daar dieselfde jare ook meestal in hulle tradisionele rolle uitgebeeld. Deur die loop van die jare het die uitbeelding van mans en vrouens in hulle tradisionele rolle afgeneem en in 1999 is slegs 30,2% mans en 27,2% vrouens in hulle tradisionele rolle voorgestel.

Wat seksisme in die tydskrifte aan betref, word seksisme onder vrouens in 27,9% van die advertensies uitgebeeld teenoor die 10,4% van die mans. Tog het die Spaanse media dit reggekry om hierdie seksisme uit te wis, want volgens al die data in hierdie studie is bevind dat vrouens en mans as heeltemal gelyk uitgebeeld word. Vrouens is ten volle in staat om professionele rolle buite die huis te vervul en mans is net so bevoeg soos vrouens om "vroulike" take te verrig, soos om te kook, huis skoon te maak en na die kinders om te sien (Royo-Vela e.a. 2007: 645).

Die resultate wys dat Spaanse media dit reggekry het om deur die jare die mans en vrouens in neutrale rolle uit te beeld en dat die tradisionele uitbeelding van mans en vrouens deur die loop van die jare baie minder geword het. Royo-Vela e.a. is van mening dat Spanje drasties verander het in die laaste drie dekades en tydskrifartikels het daarmee saam verander. Spanje het ook 'n beduidende toename in werkende vroue beleef. Soos wat die vrouens 'n belangriker teikengroep geword het, het adverteerders besef dat hulle die vrouens se alledaagse leefstyle meer effektief moet uitbeeld (Royo-Vela e.a. 2007: 646). Dit is bemoedigend om te sien dat die Spaanse media dit kon regkry om beide mans en vrouens uit te beeld as divers en onafhanklik en nie noodwendig net in die tradisionele rolle nie. As Spaanse media dit kon regkry

om van die seksisme in die moderne samelewing ontslae te raak, is dit in ander tale en lande ook moontlik.

Royo-Vela e.a. is van mening dat sulke studies voortdurend gedoen moet word aangesien adverteerders dalk nie eers bewus kan wees van die stereotipiese genderrolle wat hulle voorstel nie. Navorsers moet aanhou om advertensies te monitor. Soos 'n samelewing se beeld van mans en vrouens verander, so moet advertensies ook verander om meer effektief te wees deur die mense voor te stel op 'n manier waarmee hulle kan vereenselwig (Royo-Vela e.a. 2007: 646).

Summers en Miller (2014) het 'n studie gedoen oor hoe die vrouens in die tydskrifte van video-speletjies uitgebeeld word. Video-speletjies is onrealisties en deel van 'n fantasiewêreld waarheen die speler kan ontsnap van die realiteit. Dus kan die karakters (en die rolle wat hulle vertolk en die manier hoe hulle uitgebeeld word) op enige denkbare manier uitgebeeld word, aangesien hulle juis nie gebind is aan die wêreldnorme soos ons dit ken nie. Summers en Miller het juis die tydskrifte van video-speletjies ondersoek, want hulle voel: "Video games are an important form of media that have the potential to impact gender role attitudes" (Summers & Miller 2014: 1028). Summers en Miller het juis ondersoek hoe die uitbeelding van die vroue karakters in die laaste twintig jaar verander het: "Results indicate a growing trend toward a decreased benevolent sexism portrayal and an increase in a hostile sexism over time" (Summers & Miller 2014: 1028).

Volgens Summers en Miller is vrouens deur die loop van die jaar op 'n stereotipiese manier voorgestel deur die media. In die 1970's is vrouens hoofsaaklik binnenshuis voorgestel en baie selde buite die huis. Vrouens sou baie meer waarskynlik dié wees wat die huishoudelike take doen, terwyl mans eerder 'n sport sou beoefen of hulle met professionele aktiwiteite besig sou hou (Summers & Miller 2014: 1029). Summers en Miller is van mening dat hierdie voorstelling van vrouens hulle in 'n onderdanige rol geplaas het aangesien hulle baie uitbeeld word in stereotipiese onderdanige rolle soos om afhanklik te wees van mans terwyl hulle minderwaardige huishoudelike take verrig en onintelligent is (Summers & Miller 2014: 1029).

Hierdie rolle het in die laaste veertig jaar drasties verander, maar 'n nuwe tendens het nou kop uitgesteek. Vrouens word nou wel nie meer so baie as die onderdanige

huisvroultjie uitgebeeld nie, maar word in die media eerder nou geseksualiseer (Summers & Miller 2014: 1029).

Summers en Miller het egter spesifiek gefokus op die uitbeelding van vrouens in tydskrifte van video-speletjies. Hulle het gevind dat vrouens in die verlede meestal uitgebeeld is as die slagoffer wat gered moes word, die sogenaamde “*Damsel in distress*” en dat vroulike karakters ook nie altyd so goed verteenwoordig is soos manlike karakters nie. In die meeste studies was die manlike karakters meestal 3 tot 4 keer meer as die vroulikes (Summers & Miller 2014: 1030). Vroulike karakters is ook meer geneig om as sexy uitgebeeld te word en baie meer uitlokkende klere te dra as die manlike karakters. In die moderne tyd word vrouens nie net meer as die sexy karakters uitgebeeld nie, maar is deesdae ook dikwels aggressief. Een studie het bevind dat 40 persent van die vroulike karakters meer aggressief en geseksualiseerd was as die manlike karakters (Summers & Miller 2014: 1030).

In ’n studie wat Summers en Miller voltrek het, het eerstejaarstudente die karakters in ’n video-speletjie as volg beskryf: Die manlike karakters was kragdadig, aggressief, vyandig en atleties, terwyl die vroulike karakters meer waaghalsig geklee was, met kurwes op die regte plekke, maer, sensueel en aggressief (Summers & Miller 2014: 1031).

Summers en Miller is van mening dat hierdie karakters die spelers en lesers kan beïnvloed deurdat hierdie persepsie van “regte” mans en vrouens, veral waar vrouens uitgebeeld word as seksobjekte, kan bydra tot sekere genderstereotipes (Summers & Miller 2014: 1031).

Summers en Miller het vir hierdie studie die tydskrifte van hoofsaaklik *Nintendo*, *Xbox* en *Playstation* vanaf 1988 – 2007 gebruik. In hierdie tydskrifte het hulle dan spesifiek gefokus op artikels wat ten minste genoeg inligting bevat en wat ’n hele bladsy se foto’s het. Elke vrouekarakter in die artikel is dan gekodeer. Die resultate van dié studie was soos volg: (a) Daar was minder karakters wat as prinsesse uitgebeeld is (in 1988 was daar nog 20% prinsesse teenwoordig, in 2007 was daar geen – hierdie fenomeen het dus heeltemal verdwyn met die tyd). (b) Die karakters het ook met die loop van tyd meer sexy geraak en het al hoe meer uitlokkende klere begin dra (Summers & Miller 2014: 1035 - 1036).

Die gevolgtrekking van die studie is dat vrouens in die vroeë 70's as onskuldig en rein uitgebeeld is. Toe het hulle 'n man nodig gehad om hulle te kom red. Hierdie fenomeen het verander. Vrouens word vandag telkens as die heldinne in die verhaal uitgebeeld. Hulle is sterk en onafhanklik, maar ongelukkig word hulle daardeur as seksobjekte voorgestel – iets vir die man om te waardeer. Summers en Miller beskou hierdie uitbeelding van die vrou as 'n groot probleem. Hulle is van mening dat as nuwe speletjies aanhou om vrouens op 'n spesifieke manier uit te beeld, dit kan bydra tot die jeug wat hierdie seksistiese houdings aanneem en aanhang. Dít kan weer hulle persepsie van die regte vrou in die regte lewe afbreek (Summers & Miller 2014: 1037).

Die studie van seksisme en stereotipes van vrouens in die media – en dan baie spesifiek in advertensies – is al deeglik ondersoek in die laaste drie dekades, veral in Engels en in die Amerikaanse samelewing en kultuur. Marais (2017) het 'n meer onlangse studie oor hierdie onderwerp in Afrikaans gedoen. Sy het *Huisgenoot* ondersoek en 'n vergelykende studie gemaak van die uitbeelding van die vrou in 'n uitgawe van 1963 teenoor een van vyftig jaar later, 2013.

Marais fokus op die fisieke beeld van die vrou asook op die gepaardgaande teks. Dit is noemenswaardig aangesien hierdie studie een van min in sy soort in Afrikaans is. Sy het van 'n multimodale-diskoersanalise gebruik gemaak omdat multimodale diskoersanalise (MDA) juis gebruik word om beide visuele beeld en geskrewe teks te bestudeer (Marais 2017: 1).

Marais kom tot die gevolgtrekking dat die vrou in *Huisgenoot* steeds op stereotipiese wyse uitgebeeld word en dat die vrou se rol steeds tot sekere ruimtes beperk word, soos byvoorbeeld moederskap (Summers & Miller 2017: 1).

Marais het die wedersydse invloed van vroulikheid soos dit weerspieël word in die media ondersoek: “Eerstens bepaal die media die norme waaraan vroue hulself meet; tweedens word vroue se voorkeure deur die media bepaal en derdens word die vrou se rol in die samelewing in die media gereflekteer” (Summers & Miller 2017: 1).

Marais het ook (soos die ander navorsers wat hierbo bespreek is) vier stereotipes van vrouens wat in advertensies voorkom geïdentifiseer: “Die eerste vier stereotipes behels die moeder, die vrou in die huwelik, die beroepsvrou en die verleidster”

(Summers & Miller 2017:3). Hierdie stereotipes stem ooreen met al die bogenoemde stereotipes van vrouens in tydskrifte wat navorsers oor en oor identifiseer.

*Huisgenoot* is al meer as 'n eeu lank 'n geliefde tydskrif wat oud en jonk in die Afrikaanse gemeenskap vermaak. Marais het gekyk na twee uitgawes se afsonderlike advertensies. In 1963 se uitgawe is 'n advertensie van Lux – 'n skoonmaakmiddel – ondersoek en in die 2013-uitgawe word 'n advertensie van Herbex-streshanteringsmedikasie, onder die vergrootglas geplaas.

In die advertensie van 1963 word die ideale vrou van die tyd uitgebeeld: die tuisteskepper – die een wat trots is op haar huishouding. Hierdie ideale vrou se huis is altyd silwerskoon en haar man en kinders is goed versorg en geliefd. In die tweede advertensie van presies vyftig jaar later word die beeld van 'n vrou gebruik om Herbex-medikasie te adverteer wat 'n vrou (soos in die uitbeelding van die advertensie) sal help om stres te kan hanteer – die stres wat veroorsaak word deur die feit dat sy 'n loopbaanvrou is asook 'n ma wat haar kinders moet grootmaak.

Die drie aannames wat Marais in haar artikel maak, is 1.) “(...) dat kommunikasie en uitbeelding 'n verskeidenheid modusse gebruik en dat dit 'n bydrae maak tot betekenisvorming” 2.) “(...) dat semiotiese bronne sosiaal en maatskaplik oor tyd gevorm word” en 3.) “(...) dat mense betekenis beheer deur die seleksie en samestelling van modusse, waardeur die belangrikheid van interaksie tussen modusse beklemtoon word” (Marais 2017:2).

Marais se studie bevind dat die eerste advertensie van 1963 die uitbeelding van die ideale gesin van die jarie sestig vasgevang het: “Die kollokasie-elemente gee dus 'n geïdealiseerde weergawe van die gesin van die sestigerjare deur 'n spesifieke beskrywing te gee. Hieruit kan afgelei word dat die geïdealiseerde gesin in dié tydperk uit 'n moeder, 'n vader en twee of meer kinders bestaan het” (Marais 2017: 5). Marais kom tot die gevolgtrekking dat tydskrifte wel die norme bepaal waaraan vrouens hulleself meet, want: “Die tydskrif stel die 'norm' van die ideale kerngesin aan die leser” (Marais 2017: 5).

'n Verdere “norm” oftewel stereotipe wat hierdie advertensie van meer as vyftig jaar gelede daar stel, is die feit dat die vrou te alle tye goed versorg moet wees, aangesien die seep wat adverteer word fokus op die vrou se skoon huis en klere sowel as op die feit dat haar hande steeds “sag” sal bly. Marais kom tot die afleiding: “Sodoende word

'n versorgde voorkoms as 'n norm vir die vrou in die huwelik gestel" (Marais 2017: 5). Die suggestie van die uitbeelding van die vrou in die Lux-advertensie is dus van die vrou se twee vernaamste verantwoordelikhede, "naamlik die moeder en die vrou in die huwelik" (Marais 2017:5).

Volgens Marais word: "(...) die vrou gedefinieer deur wat sy koop en dat vrouetydskrifte meer sukses kan behaal deur hulle lesers se ambisie te erken om byvoorbeeld skraler, ryker of in 'n hoër klas te wees. Vrouetydskrifte gebruik hierdie ambisies deur die tydskrif as 'n middel tot 'n doel daar te stel: Vroue kan hulle ambisies bereik indien hulle A of B koop soos die tydskrif voorstel" (Marais 2017: 5) – weereens beaam Marais ook dan die aanname dat tydskrifte vrouens kan oorreed (of dalk breinspoel of indoktroneer?) om na 'n sekere beeld van vrouwees te streef. Dus bepaal tydskrifte steeds die norme van vrouwees en kan seksisme steeds in die gedrukte media voorkom en daarmee die beeld van die vrou in die samelewing beïnvloed. Die vrou staan op die voorgrond in haar professionele hoedanigheid, maar tog word daar nie slegs op haar beroep en professionaliteit gefokus nie – die feit dat sy 'n ma van twee is, word ook pertinent genoem. "Die vrou se dubbele rol as moeder en beroepsvrou word dus uitgewys en sodoende versterk" (Marais 2017: 7).

Die Herbex-advertensie suggereer dat die vrou in hierdie "dubbele" rol wat aan haar toegeken is, nie sal kan funksioneer sonder hierdie stresvrye hulpmiddel nie. Dit suggereer dat beroepsvrouens wat ook ma's is se lewens stresvol is en dat vrouens nie beide die twee rolle sal kan hanteer sonder hulp nie. Marais is van mening dat: "(...) moederskap in 'n materialistiese eienskap verander het vanweë die invloed van, onder meer, advertensies" (Marais 2017: 8).

Die gevolgtrekking wat Marais maak is dat die vrou in beide die Lux- sowel as die Herbex-advertensies volgens vyf stereotipes uitgebeeld word, naamlik: "Die vrou in die huwelik, moeder, beroepsvrou, verleidster en verbruiker" (Marais 2017: 9). Die vrou as verleidster word egter nie in een van die genoemde advertensies uitgebeeld nie. 'n Verdere gevolgtrekking is: "Die beeld van *Huisgenoot* se ideale gesin in 2013 het dus uitgebrei, aangesien die beeld die werkende moeder insluit, teenoor 1963 toe die vrou slegs as huisvrou en moeder en vrou in die huwelik uitgebeeld word" (Marais 2017: 10).

Dit is tog verblydend om te sien dat die uitbeelding van die vrou oor die laaste jare wel tot 'n mate aangepas het by die veranderende samelewing van die moderne era.

Die tradisionele rol van die vrou – as moeder en eggenote – kom baie sterk in al bogenoemde studies voor. Dit ontlok vandag nog vele negatiewe reaksies by onder andere feministe en ander vrouens wat nie die “tradisionele” rol van die vrou vertolk, of wil vertolk nie.

Die media het baie mag en invloed en is die spreekbuis van die gemeenskap. Die onus rus dus op hulle om met versigtigheid en verantwoordelikheid te let op die taal wat hulle besig – veral die taal wat gebruik word om die bepaalde genders te beskryf. Hulle moet ook let op die stereotipiese rolle wat hulle aan die bepaalde genders toeken, want dit kan op die einde van die dag 'n invloed op die omgangstaal van die lesers hê – dus moet taal só ingespan word dat die stereotipiese normes in só 'n mate verander dat daar geen meer ongelykheid tussen die genders in 'n samelewing is nie.

## 2.7 Korpuslinguistiek as navorsingsmetode

Hierdie afdeling word meer in diepte bespreek in Hoofstuk 3 waar die waarde en relevansie en die verskillende metodes van korpuslinguistiek breedvoeriger bespreek en uitgebrei word. 'n Soortgelyke studie oor taalseksisme, voltrek deur Norberg (2016), het bewys dat die gebruik van 'n korpus baie waardevol kan wees en hierdie studie het noemenswaardige resultate opgelewer. Norberg se resultate en metode word in Hoofstuk 3 bespreek, maar dit prikkel tog die belangstelling en nuuskierigheid oor hoe die resultate in Afrikaans met die *rooi rose* sal lyk.

In Norberg (2016) se studie kom die verskille tussen *Boys* (seuns) en *Girls* (meisies) baie duidelik na vore deur die gebruik van 'n korpus. Negatiewe woorde wat aan meisies toegeken word, het gewoonlik te make met hulle intelligensie en uiterlike voorkoms waar negatiewe woorde ten opsigte van seuns meestal te make het met die manier hoe hulle optree. 'n Ander studie het ook getoon dat vrouens meer gereeld voorgestel word in verhoudings met ander mense, waar mans as individue in eie reg voorgestel word. Verder kan mens deur korpus-studies sien dat: “getroude vrou” baie meer voorkom as “getroude man” en “ma” en “vrou” kom ook baie meer na vore as “man” en “pa” (Norberg 2016: 292).

Dit blyk dat al hoe meer soortgelyke studies voltrek word deur middel van 'n korpus en die resultate blyk heel waardevol te wees: “The study presented here is a contribution to the still small, but nevertheless growing number of studies employing corpora to study the discourse of gender” (Norberg 2016: 292).

Norberg kon met die studie van gender deur middel van 'n korpus tot die gevolgtrekking kom dat daar tog verandering gekom het ten opsigte van die verskillende maniere hoe die twee genders uitgebeeld word: “The gap between the number of times women and men are referred to seems to have lessened over the past thirty years, and references to women in the singular are on the increase” (Norberg 2016: 293).

## **2.8 Samevatting en vooruitskouing**

Uit die bogenoemde studies en navorsing is dit duidelik dat daar steeds taalseksisme in die moderne samelewing voorkom. Die Sapir-Whorf hipotese meen dat taal 'n weerspieëling van die sprekers se werklikheidsbeleving is. Dus reflekteer taal die samelewing se standpunte. Wanneer taalseksisme voorkom, kan dit dus impliseer dat die sprekers van daardie taal bevooroordeeld teenoor vrouens is.

Aan die ander kant kan 'n mens vra of die seksisme in die taal self lê, wat dan oorspoel na die samelewing en stereotipes vorm en geslags- en genderrolle toeken aan sy sprekers. Hierdie vraag kan nog nie met sekerheid geantwoord word nie, maar wat wel seker is, is die feit dat die bewusmaking van die aspekte van taalseksisme wat steeds in die taal voorkom, die begin kan wees om die sprekers se taalgebruik – bewustelik – te verander, sodat dit dan ook later sal oorspoel na 'n verandering in optrede en gedrag onder die mense.

Hierdie veld van die sosiolinguistiek is al deeglik nagevors in Engels, maar Weinige studies in Afrikaans is al hieroor gedoen. Dit is waarom dit nodig is om studies soos hierdie aan te pak, hopelik prikkel dit dan ook ander navorsers om verdere studies voort te bring.

In hoofstuk 3 word die navorsingsontwerp en -metodologie bespreek.



## HOOFSTUK 3

### METODOLOGIE

#### 3.1. Inleiding

Die studiegebied van taal en gender, meer spesifiek taalseksisme, is in hierdie studie ondersoek. Soos aangetoon in Hoofstuk 2, is die sosiolinguistiek gebruik vir die teoretiese begronding van die studie. Insigte uit die teorie is gebruik om die korpusdata kwalitatief te ontleed en te interpreteer. Korpuslinguistiek is gekies as metode om data te verkry.

Daar is altyd 'n verrassingselement wanneer 'n korpus deursoek word. Soms lei die korpus self die navorser op ander paaie as wat voorsien is en ander patrone of ander leksikale elemente as wat aanvanklik gekies is, blyk ook boeiend te wees.

Die beperkinge van hierdie studie moet in gedagte gehou word. 'n Korpus is slegs 'n steekproef van die taal en ek het weer uit hierdie steekproef (*rooi rose*) slegs 'n gedeelte gebruik.

#### 3.2. Navorsingsontwerp

Rasinger (2010) maak 'n akkurate opsomming oor die verskille tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing. Eerstens noem hy dat kwalitatiewe navorsing verkeerdelik as “goed” geïnterpreteer word en kwantitatief as “baie” (Rasinger 2010: 50) – dit is maar 'n baie vereenvoudigde interpretasie van Jan Alleman. In navorsingsterme is die twee begrippe meer kompleks. Rasinger (2010: 52) som die definisies uit 'n navorsingsoogpunt soos volg op: Kwalitatiewe navorsing is gemoeid met strukture en patrone en fokus op HOE iets is; kwantitatiewe navorsing fokus op HOE VEEL of HOE BAIE daar van 'n spesifieke item of kenmerk is.

In die volgende afdelings word die verskillende tipes benaderings belig.

### 3.2.1 Kwalitatiewe navorsing

Dörnyei (2016: 35) is van mening dat dit nie so maklik is om kwalitatiewe navorsing te definieer nie. Hy haal Denzil en Lincoln (2005) aan – twee van die mees invloedryke kwalitatiewe navorsingsmetodologiekenners. Hulle kom tot die gevolgtrekking: “It has no theory or paradigm that is distinctly its own (...) Nor does qualitative research have a distinct set of methods or practices that are entirely its own (...) Qualitative research is many things to many people.”

Dörnyei (2016) noem 'n paar “karaktereienskappe” van kwalitatiewe navorsing. Kwalitatiewe navorsing werk met 'n wye verskeidenheid data – soos opgeneemde onderhoude, verskillende soorte tekste, foto's en prentjies. Dit is gemoeid met natuurlike objekte aangesien dit sosiale fenomene beskryf soos wat dit “natuurlik” plaasvind. Kwalitatiewe navorsing is ingestel op die subjektiewe opinies, ervarings en gevoelens van individue. Aangesien kwalitatiewe navorsing meestal arbeidsintensief is, word kleiner steekproewe gebruik. Laastens is dit nodig om in gedagte te hou dat kwalitatiewe navorsing fundamenteel interpretatief is – wat beteken dat die uitkoms van die navorsing absoluut die produk van die navorser se subjektiewe interpretasie van die betrokke data is (Dörnyei 2016: 37 & 38).

Die voordele van kwalitatiewe navorsing, is onder andere die feit dat hierdie navorsing nuwe areas kan ondersoek. Dit kan gebruik word om komplekse situasies meer verstaanbaar te maak. Kwalitatiewe navorsing verbreed die speelveld van “moontlike interpretasies.” Kwalitatiewe navorsing is heelwat meer aanpasbaar en buigbaar as kwantitatiewe navorsing (Dörnyei 2016: 39 & 41).

Dit is ook nodig om die ander sy van die muntstuk te noem. Daar is natuurlik ook nadele verbonde aan die gebruik van kwalitatiewe navorsing. Dörnyei som dit ook kortliks op: Die grootste kritiek wat navorsers het, is die grootte van die steekproewe. Sommige navorsers is bekommerd oor: “the idiosyncratic nature of the small participant samples that most qualitative studies investigate” (Dörnyei 2016: 41). Verder noem hy dat die analise-proses dalk beïnvloed kan word deur die navorser se vooroordele. Laastens noem hy dat kwalitatiewe navorsing tydrowend en arbeidsintensief is (Dörnyei 2016: 41 & 42).

Engelbrecht (2016: 110) is van mening dat kwalitatiewe navorsing deur navorsers gekies word “omdat hulle glo dat 'n ryk beskrywing van 'n bepaalde geval gebied kan

word.” Sy brei verder uit deur te noem dat nie net dokumentêre bronne ter sprake is nie, maar juis ook die “perspektiewe en oortuiging van ander rolspelers.” Die navorser speel hier ook self ’n baie groot rol deurdat hy of sy interaksie met die navorsingsbelanghebbendes het – en dus word die navorser dan subjektief deel van die studie.

Engelbrecht brei verder uit deur te noem dat die kwalitatiewe werkswyse fokus op die “interaksie en die geleefde ondervinding van deelnemers” en beweeg dus verby die beperkinge en grense van kwantitatiewe analises (2016: 110).

Engelbrecht onderskei ’n hele aantal navorsingsmetodes wat onder die dekmantel van kwalitatiewe navorsing val, soos byvoorbeeld: onderhoude, waarnemings, loodsstudies, reflektiewe joernale en data-analise. ’n Paar belangrike waarnemings van Engelbrecht oor data-analise word kortliks bespreek. Eerstens is Engelbrecht van mening dat daar tydens ’n analise “dringend en herhaaldelik met die data gewerk word” (2016: 117). Verder is sy van mening dat ’n analis nie kan stop by ’n vereenvoudigde analise nie: “(M)aar diep (moet) delf en bewustelik tussen die sigbare en onsigbare lae van die data verbande trek (...) Ook moet die bevindinge deurentyd aan die teorie en literatuurstudie gekoppel word, omdat dit die enigste manier is waarop daar sin van die data gemaak kan word” (Engelbrecht 2016: 118).

### **3.2.2 Kwantitatiewe navorsing**

Dörnyei (2016: 30) bespreek kwantitatiewe navorsing eerste. Die rede waarom hy dit doen, is omdat hy van mening is dat kwalitatiewe navorsing “gained paradigmatic status as a reaction against quantitative research, it is practical to get to know quantitative research first, as a kind of baseline.”

Kwantitatiewe navorsing het bepaalde kenmerke. Eerstens is die gebruik van syfers van kardinale belang en staan dit sentraal by kwantitatiewe navorsing. Dit is die spil waarom alles draai. Kategorisering (om data in bepaalde groepe, of soorte te plaas) is ook ’n verdere eienskap en moet altyd vóór die amptelike studie gedoen word. Die kwantitatiewe navorsingsmetode fokus meer op die algemene uitkoms van ’n studie as op die uitsonderings. Verder speel statistiek ook ’n groot rol. Dörnyei (2016) som al hierdie eienskappe op as ’n manier om te veralgemeen: “Numbers, variables,

standardised procedures, statistics, and scientific reasoning are all part of the ultimate QUAN [quantitative] quest for facts that are generalisable beyond the particular and add up to wide-ranging, ideally universal, laws” (2016: 34).

Volgens Dörnyei (2016: 34) sluit die voordele van kwantitatiewe navorsing die volgende in: Hierdie navorsingsmetode is sistematies, gefokus en betroubaar en deur middel van statistiese waardes, kan dit die lesers help besluit oor die geldigheid van die bevindinge. Uit ’n praktiese oogpunt is hierdie metode ook ontsettend gewild aangesien dit relatief vinnig is en dit bied waarde vir geld (aangesien die data se statistieke baiekeer op ’n rekenaar gedoen kan word).

Die nadele van kwantitatiewe navorsing is dat dit nooit ag slaan op die subjektiewe verskeidenheid van die individu nie. Statistieke en data kan nie die redes verskaf waarom sekere fenomene in die bevindinge voorkom nie. Dörnyei som dit op as: “overly simplistic, decontextualised, reductionist in terms of its generalisations, and failing to capture the meanings that actors attach to their lives and circumstances” (Dörnyei 2016: 35).

Uit bostaande beskrywing is dit duidelik dat die gebruik van ’n korpus beslis kwantitatief van aard is. Woorde en frases word in die rekenaarprogram ingelees en data word, met die kliek van ’n knoppie, uitgespoeg. Hierdie data bevat syfers en kan statisties bewerk word.

### **3.2.3 Gemengde navorsing**

Daar is in hierdie verhandeling gebruik gemaak van die sogenaamde gemengde navorsingsmetode. Die literatuurstudie en korpuslinguistiek word hiervoor ingespan.

Ek is van mening dat hierdie metode die beste vir hierdie studie is aangesien blote statistiek en data en getalle nie werklik enigiets noemenswaardig oor taalseksisme in Afrikaans (spesifiek in die *rooi rose*) sal sê nie, maar die kombinasie van die statistiese data wat die korpus verskaf en die kritiese analise van hierdie statistiek, gee ’n baie wyer oorsig en ’n meer akkurate uitslag oor die ware stand van sake. Hiermee kan die vraag oor HOEKOM sekere statistiek voorkom ook geantwoord word en word dit nie net bloot voorgelê nie.

Nel en Jordaan (2016: 378) is van mening dat die gemengde navorsingsmetode “behels dat kwantitatiewe (numeriese data) en kwalitatiewe (teksverwante data) navorsingsontwerpe geïntegreerd gebruik word en mekaar aanvul binne een studie om sodoende die navorsingsvraag so deeglik as moontlik te kan beantwoord.”

Dörnyei (2016: 44) beskryf die gemengde navorsingsmetode as ’n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes binne ’n enkele navorsingsprojek. Angouri (2010: 31) aan die ander kant is weer van mening dat die gemengde navorsingsmetode “should not be seen as an unstructured ‘fusion’ of quantitative and qualitative research or as just the additive ‘sum’ of both paradigms”. Angouri (2010: 33) is ook verder van mening dat dit belangrik is om te onthou dat die gemengde navorsingsmetode paradigmas “kombineer” in plaas van “integreer”.

Nel en Jordaan (2016) onderskei verder tussen vier verskillende tipes gemengde navorsingsmetodes, naamlik: 1) *Die verduidelikende of beskrywende gemengde navorsingsmetode*. Met hierdie metode word die kwantitatiewe deel eerste gedoen, gevolg deur die kwalitatiewe gedeelte. Laasgenoemde word gedoen om die kwantitatiewe gedeelte meer omskrywend te kan verduidelik (Nel & Jordaan 2016: 387). 2) *Die verkennende of ondersoekende gemengde navorsingsmetode*. Met hierdie metode word die kwalitatiewe ontwerp eerste gedoen en geprioritiseer en daarna word die kwantitatiewe ontwerp toegepas (Nel & Jordaan 2016: 388). 3.) *Die ingeslote gemengde navorsingsmetode*. Hierdie metode word gebruik wanneer die navorser ’n sekondêre vraag wil beantwoord, dit sal byvoorbeeld gebruik word by ’n eksperiment waar die kwalitatiewe aspek by die kwantitatiewe ontwerp gevoeg word (Nel & Jordaan 2016: 289). 4.) *Triangulasie*. Hier word die kwantitatiewe en kwalitatiewe ontwerpe gelyktydig in een fase geïmplementeer en die data word afsonderlik geanaliseer (Nel & Jordaan 2016: 390).

Die voordele verbonde aan die gebruik van hierdie navorsingsmetode is onder andere: die feit dat navorsers die beste uit beide die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing kan bring. Verder help hierdie navorsingsmetode met ’n beter verstaan van komplekse fenomene deur die numeriese statistiek en data met spesifieke details van die kwalitatiewe navorsing in verband te bring. Die gemengde navorsingsmetode se voordeel is ook dat dit ’n wyer verskeidenheid lesers lok. Dit het ook die potensiaal “(to) produce evidence for the validity of research outcomes through the convergence

and corroboration of the findings” (Dörnyei 2016: 45). Angouri som die voordelige gebruik van die gemengde navorsingsmetode goed op: “(...) mixed methods designs arguably contribute to a better understanding of the various phenomena under investigation; while quantitative research is useful towards generalizing research findings, qualitative approaches are particularly valuable in providing in-depth, rich data” (Angouri 2010: 33).

Dörnyei is van mening dat die gemengde navorsingsmetode nadelig kan wees wanneer navorsers nie goed genoeg opgelei is in beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing nie (Dörnyei 2016: 46).

### 3.3. Korpuslinguistiek

#### 3.3.1 Wat is korpuslinguistiek?

Baker onderskei tussen die twee hoofbenaderings om te volg wanneer 'n korpusstudie gedoen word: (i) 'n sogenaamde “naïewe” of *corpus-driven* benadering, waar daar geen hipotese is nie, maar waar “frequent or salient patterns become the focus of the analysis once they are uncovered”. Aan die ander kant kan die (ii) “*corpus-based*” benadering gevolg word waar “(...) the analyst wants to use the corpus to explore a pre-determined hypothesis (...) as it is difficult to approach a corpus from a completely naïve stance, such positions can perhaps be thought of as extremes on a continuum. In fact, much corpus research tends to combine both approaches to various degrees” (Baker 2010b: 126).

Baker noem dan ook dat die gebruik van 'n korpus beide kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe navorsing insluit en dat die een nie sonder die ander kan nie: “Association patterns represent quantitative relations, measuring the extent to which features and variants are associated with contextual factors. However functional (qualitative) interpretation is also an essential step in any corpus-based analysis” (Baker 2010b: 126).

In die boek *Corpus Linguistics and the Description of English* van Lindquist en Levin (2018) word die voordeel van korpuslinguistiek bespreek, veral in terme van die feit dat dié navorsingsmetode 'n kombinasie is tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing. Wanneer 'n kwantitatiewe ontwerp gekies word, word data getel en

frekwensies en persentasies word neergeskryf. Rekenaars het vandag hierdie proses aansienlik makliker gemaak, aangesien groot databasisse gebruik kan word en dit is baie vinnig en akkuraat (Lindquist & Levin 2018: 25).

Aan die ander kant dek korpuslinguistiek ook die kwalitatiewe sy van navorsing. Navorsers analiseer die frekwensies en getalle en kan dan daarmee moontlik by die voorafgestelde teorieë of hipoteses uitkom (Lindquist & Levin 2018: 25). Lindquist en Levin lê veral klem op die feit dat kwantitatiewe navorsing alleen nie genoeg is nie en dat dit altyd gepaard moet gaan met kwalitatiewe analises. Voor 'n mens enigsins kan begin tel, moet die navorser eers kategorieë daarstel wat gebaseer is op 'n kwalitatiewe analise. Lindquist en Levin gee onder ander die voorbeeld dat die navorser nie net kan wegval en woorde begin tel nie, hy of sy sal eers byvoorbeeld moet bepaal wát as woorde tel en wát as sinne. Verder is dit altyd nodig vir die navorser om terug te gaan na die individuele voorbeelde uit die korpus en om dan van daaraf 'n ingeligte afleiding te maak (Lindquist & Levin 2018: 26).

Net soos Baker (2010b), onderskei Lindquist en Levin ook tussen die verskillende benaderings wat navorsers kan toepas in 'n korpuslinguistiese studie. Volgens hulle het korpuslinguistiek drie benaderings wat gevolg kan word om kwalitatiewe navorsing te doen: (1) **korpusgedrewe benadering**: Dit is die geval waar die navorser met 'n vooropgestelde idee of teorie begin en dan die korpus gebruik om daardie teorie te probeer bewys. (2) **Korpusgebaseerde benadering**: Dit is wanneer die navorser 'n korpus of korpora gebruik om 'n kwantitatiewe studie te doen om 'n probleem te ondersoek binne 'n spesifieke linguistiese teorie. Verder definieer Lindquist en Levin ook 'n derde metode waarvan ander navorsers nie baie melding maak nie. 3.) **Korpusgesteunde ("corpus aided") benadering**: Dit is wanneer 'n korpus gebruik word slegs om sekere voorbeelde te vind (Lindquist & Levin 2018: 26).

### 3.3.1.1 Die waarde van korpuslinguistiek

Die moontlikhede van die korpuslinguistiek word deesdae al hoe meer ontgin om werklike taalgebruik (teenoor die intuïsie van die linguïst) te ontleed.

Paul Baker skryf oor die waarde van korpuslinguistiek vir navorsingdoeleindes:

“(...) humans do not always make accurate introspective judgements regarding language, instead relying on cognitive and social biases. In addition, computers can calculate frequencies and carry out statistical tests quickly and accurately, giving researchers access to linguistic patterns and trends – such as collocational information that were perviously inaccessible” (2010a: 94).

Die rekenaarsagtewareprogram wat gebruik word, sal enige moontlike vooroordele uitskakel deurdat dit suiwer die patrone wat voorkom, uitwys.

Rekenaarsagteware stel taalkundiges ook in staat om redelik vinnig en gemaklik deur 'n groot aantal tekste te soek na die taalelement wat ondersoek word. Korpuslinguistiek het ook die potensiaal om taalpatrone vas te vang en te kwantifiseer. Korpuslinguistiek kan byvoorbeeld help om vas te stel wanneer sekere veranderinge in 'n taal plaasgevind het en hoe vinnig die verandering versprei het. Hierdie tipe verandering word weerspieël in die frekwensiepatrone van bepaalde woorde oor 'n aantal jare. Leech e.a. (2009:24) verwys na dié soort korpuslinguistiek as vergelykende korpuslinguistiek.

Baker (2010a) verduidelik verder waarom 'n korpus so 'n effektiewe manier van taalnavorsing is:

“(it) consists of a sample that is ‘maximally representative of the variety under examination, is of ‘a finite size’ exists in ‘machine readable’ form and ‘constitutes a standard reference for the language variety which it represents’”  
– This means that it will be large enough to reveal something about frequencies of certain linguistic phenomena, enabling researchers to examine what is typical, as well as what is rare in language” (Baker 2010a: 95)

Daar is egter ook 'n paar nadele aan die gebruik van 'n korpus. Eerstens kan dit dikwels tydrowend, duur en moeilik wees om 'n korpus self te bou. Tweedens kan navorsers wat nie vreeslik rekenaarvaardig is nie, ontmoedig word deur die idee om 'n nuwe rekenaarprogram onder die knie te probeer kry, selfs waar die program só baie vir die navorsers doen – soos om statistiek te gee (Baker 2010: 109 & 110).

Tog is die belangrikste stelling wat Baker maak die volgende: “(...) a corpus analysis may produce interesting findings about language, but as with many other methodologies, it is a task for humans to provide explanations for those findings”



(Baker 2010a: 110). Dus is dit die perfekte kombinasie van kwantitatiewe navorsing (soos om die verskillende konkordansiereëls uit die data te onttrek) en kwalitatiewe navorsing (soos om te verduidelik waarom spesifieke patrone voorkom).

Baker se finale gevolgtrekking oortuig my, as navorser, finaal dat 'n korpusgedrewe benadering die beste benadering vir hierdie studie is: “The strength of the corpus approach is in using fast and accurate techniques to identify patterns that human analysts would not notice. And in using large amounts of naturally occurring data, corpus analysis offers a high degree of reliability and validity to linguistic research” (Baker 2010a: 111).

### 3.3.1.2 Die praktiese implementeerbaarheid van korpuslinguistiek

Brezina e.a. (2015: 142) ondersoek die relevansie en praktiese implementeerbaarheid van korpuslinguistiek. Hulle plaas onder andere die vergrootglas op kollokasienetwerke, want: “(...) collocation networks have the potential to provide us with an insight into important lexical connections in discourse.”

Om te bepaal of korpuslinguistiek gebruik kan word om 'n sosiale konstruk te ondersoek en vas te stel, het Brezina e.a. die gevallestudie van die sogenaamde “moral panic” gebruik. Die tekste wat vir die korpus gebruik is, kom uit die 17de- en 18de-eeuse “Society of the Reformation of Manners (SRMC)” wat meer as 400 jaar gelede te velde getrek het teen die gebruik van kras- en vloekwoorde in Engels. Tydens die 17de- en 18de-eeu het massa kommunikasie deur middel van pamflette, verslae en essays plaasgevind. 'n Voorbeeld van die inhoud van só 'n pamflet, lyk soos volg: “Secondly, Common *Swearing is a Vice* dangerous to our selves, when we consider what may be expected from Man. Our Reputation is blasted by it, it sinks our Credit in the World, and proves prejudicial to our Estates” (geneem uit die SRMC) (Brezina e.a. 2015: 154) Hierdie sogenaamde “moral panic” het só 'n blywende impak op die samelewing en op Engels gehad, dat Brezina e.a. meen dat dit vandag steeds die sensitiwiteit van die sprekers beïnvloed. (Brezina e.a. 2015: 154).

Deur kollokasies kon Brezina e.a. vasstel dat “ (...) meaningful patterns can be extended beyond this narrow scope and can be identified at the level of the text of discourse” (Brezina e.a. 2015: 165).

Die gevolgtrekking wat Brezina e.a. maak ten opsigte van die gebruik van korpuslinguistiek is dat dit soveel verskillende velde in linguistiek kan dek en dat dit 'n baie handige middel is vir enige linguistiese studies: “(...) collocation networks as an analytical tool have a large potential in a number of areas of linguistic and social research such as discourse studies, psycholinguistics, historical linguistics, second language acquisition, semantics and pragmatics, lexicogrammar, and lexicology” (Brezina e.a. 2015: 165).

### 3.3.1.3 Korpus

'n Ondersoek wat gedoen word deur middel van korpuslinguistiek begin met 'n **korpus**. 'n Korpus is 'n versameling van tekste (wat verteenwoordigend is van 'n spesifieke taal) wat spesiaal gebou is om in 'n rekenaarprogram (spesiaal ontwerp vir die doel) ingelees te word. So 'n korpus kan nie net 'n lukrake versameling van tekste wees nie. Die tekste moet met oorleg uitgesoek word om die doel van die studie te ondersteun. Baker (2010a) waarsku: “Because a corpus ought to be representative of a particular language, language variety, or topic, the texts within it must be chosen and balanced carefully in order to ensure that some texts do not skew the corpus as a whole” (Baker 2010a: 96).

Jane Evison (2010) skryf oor die basiese maniere hoe 'n mens 'n korpus kan analiseer. Sy haal die navorser Hunston (2002: 3) aan wat die doel van 'n korpus baie goed definieer: “'n Korpus kan kortliks opgesom word as “sagteware wat 'n nuwe perspektief aan die bekende gee – dit bevat geen nuwe inligting rakende 'n taal nie” (Evison 2010: 122). Om hierdie sogenaamde nuwe perspektief te verkry, kan 'n mens twee prosesse volg, naamlik: om frekwensielyste saam te stel of om konkordansies te genereer (Evison 2010: 122).

Baker (2010a) is van mening dat die hoofdoel van 'n korpus is om te bepaal hoe mense 'n taal gebruik. Hy noem dit die “groot vraag:” “(...) how do people really use language?” (2010a: 102). Hierdie vraag kan beantwoord word deur middel van die bestudering van 'n korpus. Dit is dan presies wat die uitgangspunt van hierdie spesifieke studie is – om uit te vind of die moderne Afrikaans van vandag seksistiese elemente bevat en of dit verander het met verloop van tyd.

### 3.3.1.4 Die grootte van 'n korpus

'n Kwessie waarmee navorsers dikwels gekonfronteer word, is die vraag oor hoe groot 'n korpus nou eintlik moet wees. In die verlede het navorsers geglo “*biggest is best*” en het probeer om 'n al hoe groter korpus op te bou. Evison is egter van mening dat té veel data gegenereer word wanneer die korpus te groot raak, veral wanneer die navorser vir frekwente items soek, of 'n gedetailleerde analise uitvoer (Evison 2010: 123). Daarom is die tegniek (wat blyk baie suksesvol te wees) ontwikkel om kleiner sub-korpora te konstrueer. Hierdie metode is baie suksesvol om woordsoorte soos byvoorbeeld voornaamwoorde en werkwoorde te analiseer. Wanneer 'n register baie spesifiek is, sal 'n kleiner korpus genoegsame duidelikheid oor die kenmerke van die register gee (Evison 2010: 123).

Aan die ander kant, is Evison (2010) van mening dat daar nie 'n vaste reël is oor hoe groot 'n korpus behoort te wees nie, maar reken dat die korpus in 'n bepaalde grootte ingedeel moet word ten opsigte van 'n spesifieke kriteria: (1) Die aspek van die taal wat ondersoek word. (2) Die tipe taal wat ondersoek word – “a rule of thumb is that the more varied the language, the larger the corpus required” (Evison 2010: 96). (3) Pragmatiese aspekte speel ook 'n rol – soos die beskikbaarheid van bronne en kopieregte.

### 3.3.1.5 Verskillende soorte korpusse (korpora)

Daar word hoofsaaklik tussen twee soorte korpora onderskei: (1) 'n *algemene korpus* wat baie groot is en wat 'n spesifieke taal verteenwoordig en (2) 'n *doelgemaakte korpus* wat kleiner en meer beperk is (soos die *rooi rose*-korpus wat vir hierdie studie-doeleindes gebruik is). Laasgenoemde kan beperkings hê soos “genre”, “tyd”, “plek” of “taalvariëteit” (Baker 2010a: 99). 'n *Doelgemaakte korpus* is volgens Baker ook baie makliker om in te bou en dit word gebruik om spesifieke navorsingsvrae te beantwoord. Dit is belangrik om te onthou: “Specialized corpora are often used in conjunction with general corpora, with the general corpus acting as a ‘benchmark’ about typical language, being compared to the specialized corpus in order to show what forms of language are over- or underrepresented in the smaller corpus” Baker onderskei verder tussen “*spoken corpora*” en “*written corpora*” (Baker 2010a: 99)

Om met verskillende korpora te werk, hou baie voordele in op baie terreine van 'n taal. Baker noem dat dit help met die aanleer van 'n taal. Deur middel van die gebruik van korpora, kan taalhandboeke byvoorbeeld fokus op die manier hoe die moedertaalsprekers regtig praat (soos wat dit in die korpus na vore gekom het) en nie die handboekboek taal wat soms onnatuurlik en outyds kan wees nie (Baker 2010a: 101).

Baker noem ook die belangrikheid van korpuslinguistiek met die vergelyking van verskillende tale, veral as dit kom by die aanleer van tale asook die vertaling daarvan. Hier onderskei hy dan ook tussen: “*multilingual corpus*”, “*parallel corpus*” en “*learner corpus*” (Baker 2010a: 100).

Nog 'n vraag wat beantwoord kan word deur die gebruik van 'n korpus, is: “how does the use of linguistic feature X differ in usage between language varieties A and B in terms of frequency and/or typical usage?” (Baker 2010a: 102).

### 3.3.1.6 Frekwensies

'n Korpus werk eerstens met frekwensielyste. Dit is 'n lys van woorde wat in 'n korpus voorkom. Dit word gewoonlik van die frekwentste na die mins frekwente ('n enkele voorkoms) gerangskik.

“The most basic aspect of frequency analysis simply allows us to derive frequencies of particular words (or phrases or tags), or lists of all the words in a corpus, presented alphabetically or in order of frequency” (Baker 2010a: 103). Hierdie vermoë van die program om die woorde te kan identifiseer wat die meeste voorkom, sal dan help met die ondersoek wanneer die rol van die vrou byvoorbeeld ondersoek word. Die program sal dan die woorde kan identifiseer wat die meeste in samehang met die rol van die vrou gebruik word. Baker vind dit bruikbaar: “(...) particularly when making comparisons between multiple corpora (especially of different sizes)” (Baker 2010a: 103).

Lindquist en Levin onderskei tussen vyf verskillende benaderings wat gevolg kan word met korpuslinguistiek wanneer 'n kwantitatiewe benadering gevolg word. Eerstens verwys hulle na **frekwensie**, met ander woorde hoe gereeld (frekwent) 'n spesifieke woord in 'n korpus voorkom. Dit is een van die mees algemene toepassings van

korpuslinguistiekprogramme. In die verlede het linguïste woorde in bepaalde tekste met die hand getel en dit was 'n tydrowende proses en nie altyd baie akkuraat nie. Vandag is daar 'n groot aantal rekenaarprogramme wat hierdie werk vir die linguïste vergemaklik. Nou kan die frekwensie van woorde letterlik met een klik bereken word (Lindquist & Levin 2018: 27). In geannoteerde korpora kan die frekwensie van verskillende woordsoorte ook ondersoek word. Lindquist en Levin noem die problematiek van samestellings in Engels. Hulle gebruik die voorbeeld van die woord *blow torch* wat óf as twee woorde geskryf word (wat die data van frekwente woorde beïnvloed) óf as een woord, óf as 'n koppelteken woord (Lindquist & Levin 2018: 34). In Afrikaans behoort hierdie dilemma nie so 'n groot impak te hê nie, aangesien Afrikaans oor die algemeen die reël volg dat woorde wat een begrip is, altyd as een woord geskryf word en *blaasvlam*, *blaas* en *vlam* se onderskeie frekwensies sal dus geen onduidelikhede tot gevolg hê nie. Aan die ander kant kan verwarring tóg plaasvind wanneer byvoeglike naamwoorde saam met selfstandige naamwoorde gebruik word. Daar is byvoorbeeld 'n onderskeid tussen *groen mielie* (die mielie is groen, nog nie ryp nie) en *groenmielie* ('n tipe mielie). Dit is 'n fenomeen wat in gedagte gehou moet word, maar wat nie dié studie gaan affekteer nie.

Die tweede manier hoe kwantitatiewe data versamel kan word, is om die **frekwensies te vergelyk**. Volgens Lindquist en Levin is dit vir sommige studies nodig om die verskil in frekwensies tussen verskillende korpora met mekaar te vergelyk. Hierdie vergelykings kan gebruik word om sekere fenomene te ondersoek – soos byvoorbeeld die verskil in taalgebruik tussen mans en vrouens, of die verskil in die taal van mense van verskillende geografiese gebiede (Lindquist & Levin 2018: 37). Hierdie vergelykings sal dan statistieke oplewer wat die navorser kan analiseer. Lindquist en Levin is van mening dat almal wat data van 'n korpus gebruik die verskil moet ken tussen toetse wat bepaal of die voorkoms van sekere patrone wat opgemerk is wél beduidend is teenoor 'n toets wat die krag van leksikale verbindings vasstel (Lindquist & Levin 2018: 38).

Derdens verwys Lindquist en Levin na die **verspreiding** van frekwensies. Soms kan 'n woord met 'n hoë frekwensie voorkom in slegs een of twee tekste, of genres en dan verder nie so prominent uitstaan nie. Lindquist en Levin waarsku die navorser om te let op die spesifieke genre, aangesien sekere woorde baie nou gekoppel word en baie pertinent voorkom in sekere tekste, of genres (Lindquist & Levin 2018: 40). Dit is nodig

om ook in hierdie studie hierop te let, aangesien dit baie moontlik is dat daar in die korpus van die *rooi rose* woorde gaan wees wat dalk onnatuurlik meer voorkom as in ander korpora. Aangesien *rooi rose* 'n vrouetydskrif is, kan 'n mens amper voorspel dat woorde wat op vrouens en die vroulike geslag van toepassing is, meer gaan voorkom.

Vierdens kan kwantitatiewe data versamel word deur middel van die gebruik van **persentasies en normalisering**. Lindquist en Levin is van mening dat dit vir die navorser uiters noodsaaklik is om die heelyd die oorspronklike navorsingsvraag in gedagte te hou en om die heelyd te poog om dit so duidelik as moontlik te beantwoord. Dit is waar persentasies inkom. Met die rekenaar is dit moontlik om elke liewe woord te tel en om die voorkoms, of frekwensie daarvan in die geheel as 'n persentasie uit te werk. Hulle waarsku egter dat bevindinge nie net as persentasies weergegee moet word nie, anders mag die leser dalk dink dat die bevindinge gebaseer is op 'n paar toevallige voorbeelde en dat dit nie werklik toepaslik is nie. Saam met die persentasies moet die absolute frekwensies ook weergegee word (Lindquist & Levin 2018: 42). Verder kan daar van die tegniek, **normalisering**, gebruik gemaak word om data op 'n verstaanbare manier weer te gee. Hierdie proses gebeur wanneer die frekwensies uitgebeeld word per miljoen woorde. Navorsers gebruik hierdie metode wanneer daar met twee korpora van verskillende groottes gewerk word (Lindquist & Levin 2018: 42).

Laastens word die versameling van data deur middel van **verteenwoordiging** gedoen. Lindquist en Levin druk die leser op die hart dat 'n mens deur middel van frekwensie-telling nie kan bepaal wat byvoorbeeld die frekwentste woord in Engels is nie. Daar kan slegs bepaal word wat die frekwentste woord in 'n bepaalde korpus is.

### 3.3.1.7 Sleutelwoorde

Naas die frekwensies, kan 'n korpus-analise ook deur middel van **sleutelwoorde** gedoen word. 'n Sleutelwoord is volgens Baker (2010a): "(...) a word which occur statistically more frequently in one file or corpus, when compared against another comparable or reference corpus" (Baker 2010a: 104). Hierdie sleutelwoorde gee 'n aanduiding van waaroor die teks handel en is nie noodwendig die frekwentste woorde nie. Die frekwensie van 'n woord in 'n kleiner korpus (gewoonlik 'n doelgemaakte korpus) word statisties vergelyk met die frekwensie van dieselfde woord in 'n groot

korpus (verwysingskorpus). Die bewerking gooi dan woorde uit met 'n hoër (of laer) as verwagte frekwensie in die kleiner korpus as sleutelwoorde van daardie korpus.

Evison noem drie belangrike terme wat nodig is om in gedagte te hou wanneer daar na sleutelwoorde gekyk word. Sy gebruik die term **keyness**. Die “keyness” kan aandui of 'n spesifieke woord uitermatig baie (**positiewe sleutelwoorde**), of beduidend min (**negatiewe sleutelwoorde**) voorkom. In haar ondersoek vra sy die vraag oor wat die basiese beginsels is om 'n korpus te analiseer. Sy noem voorbeelde van hierdie verskillende soorte sleutelwoorde. Die positiewe sleutelwoorde wat in haar studie voorkom, is woorde soos *class, society, women, power*. Volgens haar is hierdie hoë frekwensie nie vreemd nie, aangesien dit maar die standaard onderwerpe van die tyd was wat in essays voorgekom het (Evison 2010: 127). Die woord wat die koppe laat krap het as gevolg van die hoër as verwagte frekwensie, is die woord *archer*. By sulke uitskiet woorde moet die navorser ondersoek instel oor waarom hierdie uitval moontlik voorkom. Sy doen dan ook 'n steekproef in dieselfde studie oor die woorde wat die minste voorkom – woorde soos *you, I, she*. Die gevolgtrekking wat sy dan maak, is dat die doelgemaakte korpus meer akademies van aard is en die verwysingskorpus aan die ander kant, 'n meer persoonlike fokus (dit bestaan onder andere uit fiksie, briewe en joernalistieke prosa) het (Evison 2010: 128).

### 3.3.1.8 Konkordansies

Wanneer die sleutelwoorde alleen niks noemenswaardigs, of voor die handliggends uitlig nie, kan die volgende stap in die proses van die korpus ontleding ingespan word. Hierdie meer volledige proses word “**concordance**” genoem. Die funksie in sagewareprogramme wat gebruik word, staan as *KWIC* (*key word in context* - SWIK in Afrikaans) bekend. Evison is van mening dat hierdie tegniek die mees basiese een is wat mense inspan wanneer hulle 'n korpus ondersoek. Konkordansie is 'n waardevolle analitiese tegniek, want dit laat toe dat 'n groot getal voorbeelde van 'n leksikale item saamgebring word op een plek, in hulle oorspronklike konteks. Evison is van mening dat dit bruikbaar is vir die toetsing van 'n hipotese, of die generering van een (Evison 2010: 129). Baker definieer *concordance* soos volg: “(...) a list of a word or phrase, with a few words of context either side of it, so we can see at a glance how the word tends to be used”. Navorsers kan sekere patrone wat mag voorkom

maklik identifiseer deurdat die korpus-program die woorde alfabeties lys (Baker 2010a: 106).

Baker gebruik dan die voorbeeld van 'n korpusanalise wat gedoen is in Engels met die woord “*girl*”. Saam met dié woord het die *concordance* woorde uitgegooi soos *fat*, *tall*, *pretty* (Baker 2010a: 106). Hieruit kan die navorser aflei dat die woord *girl* in Engels dan dikwels saamhang met die “uiterlike”. Dus sal dit vir hierdie studie van belang wees om die *concordance* te ondersoek en te analiseer wat in Afrikaans aan woorde soos onder andere “vrou” gekoppel word.

'n Analise wat gebruik maak van 'n konkordansie is dus die perfekte kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe analises (Baker. 2010a: 107).

### 3.3.1.9 Kollokasies

Nóg 'n manier hoe 'n korpus geanaliseer kan word, is om na **kollokasies** te soek. Die term *kollokasie* verwys na: “(...) the statistically significant co-occurrence of words” (Baker. 2010a: 107). Kollokasies wys aan die navorser die woorde uit wat in die hoogste persentasie met mekaar saamhang.

Baker stel voor dat “(...) concordance analyses of collocates are undertaken, even in cases which looks obvious” (Baker 2010a: 109).

Baker is van mening dat dit nie noodwendig goed is om korpusse te gebruik uit een of twee verskillende eras nie. “(...) changes may not be especially reflective of ongoing change, but may in fact be due to change (...). Such corpora may provide ‘snapshots’ of language use... but they do not directly tell us anything about the years in between” (Baker 2010b: 128).

In 'n ander studie van Baker, *Will Ms ever be as frequent as Mr? A corpus-based comparison of gendered terms across four diachronic corpora of British English*, (2010b) maak hy 'n korpus-gebaseerde analise (in plaas van 'n korpus-gedrewe analise). Eersgenoemde metode word soms gekritiseer aangesien die navorser kies watter woorde hy of sy wil ondersoek en dit kan maak dat sekere woorde misgekyk word (Baker 2010b: 130).



Baker probeer op verskillende maniere die antwoord op die vraag van sy studie kry. Hy doen dit op die volgende verskillende wyses: Eerstens fokus hy op gemerkte gender voornaamwoorde soos *hy* en *sy*. Die gevolgtrekking wat hy met hierdie paar woordjies (met 'n relatiewe klein korpus) kan maak, is dat die gaping tussen manlike en vroulike voornaamwoorde steeds bestaan en substansieel is (Baker 2010b: 131).

Tweedens kyk hy na sekere selfstandige naamwoorde soos *men* of *man* en *women* of *woman*. Naamwoorde kom nie so gereeld soos voornaamwoorde voor nie, maar met hierdie vier woorde, kon Baker tot die gevolgtrekking kom dat al vier met die loop van tyd al hoe meer samelopend geword het. Veral in die geval van die meervoudsvorme (Baker 2010b: 134).

Derdens het hy die adjektiewe (wat slegs die manlike of slegs die vroulike beskryf) onder die vergrootglas geneem. Met hierdie benadering kon hy heelwat veranderinge met die loop van tyd waarneem. Om 'n paar voorbeelde te noem: In die 1931-korpus het adjektiewe wat die man beskryf, woorde ingesluit soos *plain*, *pot-bellied*, *dirty-faced*, *dilapidated* – allesbehalwe aantreklik. In die 2006-korpus het hierdie beskrywings vir mans heeltemal verander, toe het adjektiewe soos *pretty*, *hunky*, *handsome*, *dapper* al hoe meer na vore gekom. Vrouens se adjektiewe het ook merkbaar verbeter. In 1931 is adjektiewe soos *vain*, *obedient*, *mad*, *docile* gebruik om die vrou te beskryf. In 2006 word vrouens in 'n heelwat meer positiewe lig gestel met adjektiewe soos *wise*, *intelligent*, *extraordinary*, *formidable* (Baker, 2010b: 138).

Brezina e.a. skryf in hulle studie dat die definisie, of uitleg van die woord “kollokasies” baie wyd is. Dit is deur Firth (1957:6) gedefinieer as “the company that words keep” (2015: 139). Verder identifiseer hulle drie kriteria vir die identifisering van kollokasies: (i) afstand, (ii) frekwensie en (iii) eksklusiwiteit. “Collocates of words do not occur in isolation, but are part of a complex network of semantic relationships which ultimately reveals their meaning and the semantic structure of a text or corpus” (2015: 141).

Norberg het in haar studie gebruik gemaak van die sogenaamde NMC (*New Model Corpus*) wat in 2009 vrygestel is en gebruik word as 'n korpus van eietydse Engels en hierdie korpus is vrylik beskikbaar vir navorsers om te gebruik (Norberg 2016: 294). Hierdie korpus bestaan uit ongeveer 50 miljoen woorde en is saamgestel uit verskillende soorte Engelse tekste wat wissel van essays, kortverhale, akademiese tekste, resepte asook fiksie, blogs en koerantartikels (Norberg 2016: 294).

Dit is nodig om die NMC as hoofkorpus te gebruik, want dit beteken: “(...) patterns extracted from it, may, at least with some degree of certainty, be understood as reflections of how young individuals are portrayed in English-speaking societies” (Norberg 2016: 294).

### 3.3.1.10 Kollokasienetwerke

Kollokasies wat gevorm word, word nog verder uitgebrei deur **kollokasienetwerke**. Brezina e.a. som dit eenvoudig op as leksikale patrone in ’n teks en dít kan gevisualiseer word as woordnetwerke wat met mekaar **kollokeer** (2015: 142).

Lindquist en Levin (2018) bespreek die twee tipes kollokasies. Hulle is van mening dat dit natuurlik vir mense is om woorde saam in stringe te gebruik en te groepeer en dit is as gevolg van die mens se leer- en stoorproses aan die een kant en die herroepingsproses aan die ander kant. Die kuns om woorde in die regte volgorde aan mekaar te las, is eie aan ’n moedertaalspreker (Lindquist & Levin 2018: 72). Kollokasies is so belangrik, want woorde word deur mekaar beïnvloed. Lindquist en Levin is van mening dat individuele woorde se betekenis beïnvloed word deur die ander woorde waarmee dit gereeld skakel (Lindquist & Levin 2018: 73).

Lindquist en Levin onderskei die twee tipes kollokasies as volg: Aan die een kant verwys *kollokasies* na die **kollokasies in ’n “venster”** – dit is die woorde wat langs mekaar ’n patroon vorm en as geheel gelees moet word. Hierdie kollokasies kom voor in die omgewing van die sleutelwoord en staan nie in ’n direkte grammatikale verhouding tot die woord nie. Die woorde links en regs van die sleutelwoord (gewoonlik 4 – 5 woorde links of regs) vorm die venster. Lindquist en Levin illustreer die konsep met die selfstandige naamwoord *dog*. Die algemene woorde wat daarmee skakel, is gewoonlik lidwoorde, of werkwoorde soos *is*, *was*, *have*, ensovoorts (Lindquist & Levin 2018: 74). Hierdie woorde skakel egter ook met die meeste ander woorde, aangesien dit die woorde in ’n taal is wat die meeste gebruik word. Die woorde wat ’n mens wil ondersoek, gaan ’n bietjie meer soekwerk verg. Lindquist en Levin het bogenoemde en ander woorde wat met enige ander woord kan skakel, uitgeskakel en verdere ondersoek gedoen na die werkwoorde wat die meeste met die woord *dog* skakel. Hier het werkwoorde soos *wag*, *wagged*, *wags* na vore gekom. Dit

is 'n aksie wat tipies by honde voorkom wanneer hulle hulle sterte swaai (Lindquist & Levin 2018: 75).

Bogenoemde is 'n voorbeeld om werkwoorde wat meer as verwag saam met die sleutelwoord voorkom, te identifiseer. Deur verdere ondersoek het Lindquist en Levin ook vasgestel dat selfstandige naamwoorde soos “*cat*”, “*food*”, “*owners*” woorde is wat gereeld met die sleutelwoord “*dog*” in 'n kollokasievenster voorkom (Lindquist & Levin 2018: 76).

Die tweede tipe kollokasie wat Lindquist en Levin onderskei, noem hulle **aangrensende kollokasies**. Hierdie kollokasies is te vinde direk links, of regs van die sleutelwoorde. Hierdie tipe kollokasies wys die linguistiese strukture van die taal uit, en beeld nie 'n statistiese fenomeen uit soos wat kollokasies in 'n venster regkry nie (Lindquist & Levin 2018: 79). Wanneer mens enige taal gebruik, volg woorde in 'n sekere volgorde op mekaar. Hierdie aangrensende kollokasies wys dié taalstrukture dan uit. Lindquist en Levin gebruik die voorbeeld van die sleutelwoorde “*go to*” en reken dat die woord(e) wat daarop gaan volg heel waarskynlik 'n selfstandige naamwoord sal wees soos “*bed*” of “*London*” of iets dergelyks (2018: 79 - 80).

Die bogenoemde tegnieke is ingespan om te bepaal hoe die linguistiese landskap van die Afrikaanse vrou vandag daarna uitsien. Die presiese proses hoe dit ingespan is, volg hier onder.

### **3.3.2. Die korpus (*rooi rose*)**

In hierdie studie is 'n korpus gebruik wat gebou is uit uitgawes van die Afrikaanse vrouetydskrif, *rooi rose*. Die korpus is saamgestel uit 57 verskillende uitgawes van *rooi rose* sedert 1948 tot 2020. Nie alle uitgawes van *rooi rose* was beskikbaar om die korpus te bou nie. Uit die jare **60's** is daar byvoorbeeld net een uitgawe, waar die **2010's** weer die enigste tydperk is wat in 10 verskillende uitgawes (een vir elke jaar) verteenwoordig word.

Frekwensielyste is opgestel vir kwantitatiewe vergelyking, en die SWIK-funksie om woorde in konteks te ondersoek, is gebruik om kwalitatief die korpus te ontleed.

Die *rooi rose* het die eerste keer in April 1948 verskyn as 'n tydskrif vir die Afrikaanse vrou. Volgens die uitgewershuis, Caxton se webblad *is rooi rose* “the classic all-in-one glossy magazine for aspirational, stylish Afrikaans women who celebrate their uniqueness. These women know what they want, including the best in fashion and beauty, health, entertaining and décor, all from their favourite [magazine]” [“https://www.caxtonmags.co.za/rooi-rose”](https://www.caxtonmags.co.za/rooi-rose).

Caxton beskryf die tipiese *rooi rose*-lesers (in 2020) soos volg:

- They are internet savvy with a keen interest in social media and their main interests include cooking and baking, home and decor, and fashion and beauty.
- More than half of the *rooi rose* audience are bond-free homeowners who enjoy buying items for the home and renovating their home. Most of the audience have gardens and patios, with 30% having a swimming pool as well. They enjoy working in their gardens and 68% of the audience owns a pet.
- Of the *rooi rose* audience, 56% entertain at home at least once a month, while 66% eat out monthly.

Volgens hierdie beskrywing kan *rooi rose*, anders as byvoorbeeld *Huisgenoot*, as “gendered” beskou word; dit is immers 'n tydskrif vir vroue en hulle teikenlesers is vroue, met spesifieke belangstellings.

Aangesien die wêreld in die moderne era, veral na die Tweede Wêreldoorlog, verander het in terme van mense- (en spesifiek vroue-) regte, wil ons graag aanneem dat alle mense wat deel vorm van 'n bepaalde kultuur of samelewing ook met verloop van tyd verander het. Tog het feministe sedert die 1970's te velde getrek teen die voorstelling van die sogenaamde “*women's language*” waarin hulle voel dat vroue steeds “*linguistically inferior to men*” (is), soos wat Deborah Cameron dit in haar studie, *Gender and Language Ideologies* (2003: 454) baie sterk stel.

Dit is belangrik om stellings soos dié van Cameron onder die soeklig te plaas wat Afrikaans betref deur nie net te kyk óf daar wel taalseksisme in Afrikaans voorkom nie, maar ook hoe die voorkoms daarvan moontlik verander het deur die loop van 70 jaar

Die vakgebied van taal en gender – en meer spesifiek taalseksisme – is onderontgin wat Afrikaans betref, dus is dit nodig om só 'n studie aan te pak.

### 3.3.2.1. Die proses (stapsgewys)

#### (i) *rooi rose* uitgawes en digitisering:

- 57 verskillende uitgawes van *rooi rose* is deur die digitiseringsproses gesit om dit geskik te maak om as korpus in die program #LancsBox te kan invoer.
- 9 van die 57 uitgawes is nie behoorlik “skoongemaak” nie en dit het veroorsaak dat daar sogenaamde “geraas” in die tekste was, soos leestekens op die verkeerde plekke en spelling wat verskil en karakters wat met teks vermeng is. Dit is egter deur handmatige en in-diepte ondersoek uit die weg geruim.
- Die korpus is ook vir verdere ondersoek (om vergelykings en veranderings tussen die verskillende typerke te meet) opgedeel in 6 kleiner korpuse. Dit is gedoen volgens die volgende tydperke: **40's - 60's** (hierdie vier dekades is saamgevoeg, omdat daar min data in die korpuse was), die **70's, 80's, 90's, 2000's** en **2010's**.
- Die digitiseringsproses werk soos volg: tekste word geskandeer met uitvoer in pdf-formaat. Daarna word 'n sagtewareprogram ABBYY FineReader vir optiese karakterherkenning (OCR Optical Character Recognition) gebruik om die geskandeerde dokument na .txt-formaat om te skakel sodat dit redigeerbaar is. Tekste word dan omgeskakel na MS Word-formaat en handmatig skoongemaak ten einde alle foute wat tydens die skandeerproses ingesluip het, te korrigeer. Die finale produk is 'n presiese weergawe van die oorspronklike pdf-tekste, minus alle non-tekste inhoud, soos byvoorbeeld foto's en enige ander grafiese materiaal.
- As gevolg van kapasiteitsbeperkings van die digitiseringseenheid van UP, kon al die eksemplare nie, soos aanvanklik beplan, betyds vir insluiting in die studie gedigitiseer word nie. Hoewel die grootste gedeelte van die gedigitiseerde materiaal wel skoongemaak is ná digitisering, is daar kleiner gedeeltes wat nie skoongemaak is nie, en waarin daar noodwendig digitale geraas voorgekom het. Dit is egter nie so omvangryk dat dit 'n wesentlike invloed op die interpretasie van die data gehad het nie.

- Elke lêer in die korpus verteenwoordig 'n uitgawe wat geskandeer is. Soveel tekslêers as wat daar is, soveel uitgawes is geskandeer. Ten einde 'n mate van konsekwentheid te verseker, is die Juniemaand-uitgawes van elke jaar geskandeer, onderhewig aan die beskikbaarheid daarvan in harde kopie. 'n Totaal van 57 uitgawes is geskandeer. Die vroegste uitgawe wat geskandeer is, is 1949 en die laaste uitgawe, dié van 2020.

## (ii) Aanspreekvorme / titels en absolute frekwensies:

- Die volledige *rooi rose*-korpus is vir hierdie ondersoek gebruik.
- Deur die gebruik van die *Words*-funksie van #LancsBox, is die absolute frekwensies ondersoek. Hierdie is kwantitiewe navorsing. Ek wou slegs die hoeveelhede kry en met mekaar vergelyk.
- Die frekwensies van *meneer*, *mevrou*, *mejuffrou* en *me* is neergeskryf en met mekaar vergelyk.
- Daarna is die absolute frekwensies van die verskillende tydperke neergeskryf en met mekaar vergelyk om te kyk of daar 'n verskil in frekwensie is tussen die verskillende tydperke.

## (iii) Persoons- en beroepsname en relatiewe frekwensies:

- Twintig woorde is geïdentifiseer. Hierdie woorde het beide 'n manlike en vroulike vorm. Dit bestaan uit persoons- en beroepsname en dit is woorde wat al die suffikse in Afrikaans bevat wat die vroulike vorm verbuig.
- Die verskillende tydperke se relatiewe frekwensies is met mekaar vergelyk. Die *Words*-funksie van #LancsBox is ook hiervoor ingespan. Die relatiewe frekwensie funksie is gebruik, aangesien al die tydperke se korpusse nie ewe groot is nie. Hierdie kan as kwantitatief beskou word.
- Daarna word agt van die twintig woorde in meer diepte bespreek. Hier word die ondersoek meer kwalitatief van aard. Die agt woorde wat identifiseer is, is die woorde wat 'n afwyking, of selfs 'n standvastige patroon regdeur opgelewer het met die relatiewe frekwensies.
- Hierdie agt woorde se absolute frekwensie is met mekaar vergelyk en daarna is die moontlike redes vir die afwykings ondersoek.

#### (iv) Die generiese *hy* en kollokasies:

- Hierdie afdeling is beide kwantitatief en kwalitatief van aard.
- Die volledige korpus is ingespan en deur middel van die *Graph-Coll*-funksie van #LancsBox is die frekwensies ondersoek van die hoeveelheid kere wat die manlike voornaamwoorde: *hy* en *sy* skakel met neutrale persoonsname soos *mens*, *kind* en *baba*.
- Waarnemings is direk uit die korpus uitgehaal deur middel van die *Text*-opsie.

#### 3.3.2.2 Sagteware: #LancsBox

Rekenaarsagteware stel taalkundiges in staat om redelik vinnig en gemaklik deur 'n groot aantal tekste te soek na die taalelement wat ondersoek word. Korpuslinguistiek het ook die potensiaal om taalpatrone vas te vang en te kwantifiseer. Korpuslinguistiek kan byvoorbeeld help om vas te stel wanneer sekere veranderinge in 'n taal plaasgevind het en hoe vinnig die verandering versprei het. Hierdie tipe verandering word weerspieël in die frekwensiepatrone van bepaalde woorde oor 'n aantal jare. Leech e.a. (2009: 24) verwys na dié soort korpuslinguistiek as vergelykende korpuslinguistiek.

Daar is verskillende rekenaarprogramme wat ingespan kan word om 'n korpuslinguistiese studie te doen. In Baker se *Corpus methods in Linguistics* (2010) onderskei hy onder andere tussen die volgende sagteware wat alles baie goed werk vir korpuslinguistiek: “*WordSmith Tools, Xaira, Wmatrix and AndConc can be used in conjunction with a range of corpora*” (2010: 103). Tydens Baker se navorsing was #Lancsbox, wat in hierdie studie gebruik word, nog nie klaar ontwikkel nie.

Die korpus vir hierdie studie is met die hulp van die sagtewareprogram, #LancsBox, ontleed. #LancsBox (Brezina, V., Weill-Tessier, P., & McEnery, A. (2020). #LancsBox v. 5.x. [software]. Beskikbaar by: <http://corpora.lancs.ac.uk/lancsbox>.) is ontwikkel in Skotland.

Die beperkinge van hierdie studie moet in gedagte gehou word. 'n Korpus is slegs 'n steekproef van die taal en ek gebruik weer uit hierdie steekproef (*rooi rose*) slegs 'n gedeelte.

Die rede vir die gebruik van #LancsBox is omdat dit maklik en gebruikersvriendelik is. Dit is gratis en dit laat die navorser toe om met sy of haar eie korpusse te werk. Dit vergemaklik ook die navorsingsproses deurdat dit goeie visuele voorstelle van die resultate gee en data verskaf. Al wat die navorser dan te doen staan, is om self die data te analiseer en te probeer agterkom wat die inligting wat die korpus gegee het, nou eintlik beteken.

In Hoofstuk 4 word die *rooi rose*-korpus ondersoek deur middel van die bostaande tegnieke wat deel uitmaak van korpuslinguistiek.



## HOOFSTUK 4

### DATA-AANBIEDING EN -ONTLEDING

#### 4.1 Inleiding

Vir die data-aanbieding en -ontleding is die doelgemaakte korpus (57 uitgawes van die *rooi rose*) deurgewerk om die linguistiese landskap van die Afrikaanse vrou in diepte te ondersoek.

Dié ondersoek is met behulp van verskillende sagtewarefunksies voltrek. Soos aangetoon in Hoofstuk 3, het ek gebruik gemaak van die volgende funksies: frekwensielyste, SWIK (sleutelwoord in konteks)-reëls en kollokasies om by antwoorde op die navorsingsvrae uit te kom.

Eerstens het ek na die frekwensielyste gekyk om vas te stel hoe frekwent 'n sekere woord in die korpus voorkom. Ek het dit gebruik om onder andere te bepaal hoe die frekwensies daar uitsien van woorde soos *meneer (mnr)*, *mevrouw (mev)*, *mejuffrou (mej.)* en *me*.

Ek het ook van frekwensielyste gebruik gemaak om vas te stel hoeveel keer sekere selfstandige naamwoorde (manlike en vroulike vorme) in die korpus voorkom. By hierdie gedeelte het ek ook die korpus in nóg kleiner korpusse (wat sekere tydperke dek) verdeel om vas te stel of die frekwensie van hierdie woorde verander het deur die loop van die verskillende tydperke. Daardeur kon ek bepaal hoe die linguistiese landskap van die Afrikaanse vrou daar uitsien – vandag, maar ook in die verlede. Die verskillende tydperke sal lig kan werp op die vraag of daar deur die loop van die jare enige verandering plaasgevind het en indien wel, in hoe 'n mate.

Aangesien frekwensielyste alleen slegs kwantitatiewe data gee, moes ek die data ook op 'n kwalitatiewe manier ondersoek. Dít het ek gedoen deur na die SWIK-reëls te kyk. Sodoende kan 'n mens vasstel in watter konteks die betrokke woorde gebruik word. Op dié manier kan 'n mens ook onder andere vasstel hoeveel keer 'n *mens*, 'n *kind* en 'n *baba* met *hy* as anaforiese verwysing skakel. Dit is belangrik in die

ondersoek na die generiese *hy*. Daardie SWIK-reëls is dan handmatig deurgewerk om by die woord se konteks uit te kom.

Met die SWIK-reëls ondersoek, kon ek ook kwalitatiewe navorsing doen in die soeke na die gebruik van die manlike selfstandige naamwoord vorme soos *redakteur* en *akteur*. Ek wou vasstel of hierdie woorde met *hy* of *sy* skakel – met ander woorde of dit na die manlike of vroulike vorm verwys.

Die eerste stap in die hele ondersoek-proses was om die korpusse in tydperke te verdeel.

## 4.2 Die subkorpusse

Vir hierdie studie is die *rooi rose* as doelgemaakte korpus gebruik. Die *rooi rose*-korpus is in kleiner korpusse van verskillende tydperke (van min of meer tien jaar) verdeel. Sommige van die korpusse is kleiner as ander.

As gevolg van kapasiteitsbeperkinge van die digitiseringseenheid van UP, kon al die eksemplare nie, soos aanvanklik beplan, betyds vir insluiting in die studie gedigitiseer word nie. Hoewel die grootste gedeelte van die gedigitiseerde materiaal wel skoongemaak is na digitisering, is daar kleiner gedeeltes wat nie skoongemaak is nie, en waarin daar noodwendig digitale geraas voorgekom het. Dit is egter nie so omvangryk dat dit 'n wesentliche invloed op die interpretasie van die data gehad het nie.

Daar sou aanvanklik presies 70 eksemplare gedigitiseer word – een uitgawe per jaar vanaf 1948 – 2018. SADiLaR (South African Centre for Digital Language Resources) [<https://www.sadilar.org/index.php/en/>] het die *rooi rose*-korpus verskaf wat gemaak is uit papiereksemplare van die tydskrif wat deur Caxton-uitgewers geskenk is.

Vir die **veertigerjare (40's)** was Maart en Junie se uitgawes van 1949 beskikbaar; vir die **vyftigerjare (50's)** die uitgawes van Junie-1950, Januarie-1951, Januarie-1952, Februarie-1953, Julie-1958 Januarie-1959, Julie-1959 en November-1959; vir die **sestigerjare (60's)** was daar slegs een uitgawe beskikbaar: Oktober-1968. Hierdie drie tydperke is saamgevoeg in een korpus (1948 tot 1968) aangesien die twee

beskikbare uitgawes van die **veertigerjare (40's)** en die een uitgawe van die **sestigerjare (60's)** se data net té min is vir 'n vergelyking tussen tydperke.

Vanaf die **sewentigerjare (70's)** was daar meer uitgawes gedigitiseer. Vir die **sewentigerjare (70's)** was die uitgawes van Oktober-1970, April-1971, September-1973, Januarie-1974, April-1975, Desember-1975, Januarie-1976, Augustus-1978, Oktober-1978 en Desember-1978 beskikbaar.

Vir die **tagtigerjare (80's)** was die volgende uitgawes beskikbaar: Junie-1981, 1 Junie-1983, 15 Junie-1983, 29 Junie-1983, Junie-1985, Junie-1987 en Junie-1989.

Vir die **negentigerjare (90's)** was die volgende uitgawes beskikbaar: Junie-1990, 2 Junie-1993, 30 Junie-1993, 1 Junie-1994, 29 Junie-1994, Junie-1995 12 Junie-1996, 26 Junie-1996, Junie-1997, Junie-1999.

Vir die **2000's** was die volgende uitgawes beskikbaar: 2000, 2001, 2003, 2006, 2007, 2008, 2009. Dit was die Junie-uitgawe van elke jaar.

Vir die **2010's** was die volgende uitgawes beskikbaar: elke jaar se Junie-uitgawe van 2010 tot 2020. Hierdie korpus is die mees volledige een.

Tabel 1 som al die inligting betreffende die korpusse op.

**Tabel 1: Die korpusse**

<b>Doelgemaakte korpus: rooi rose (1948 - 2020)</b>			
<b>*Lêers</b>	<b>Tekens</b>	<b>Tipes</b>	<b>Lemmas</b>
57	3766639	177969	185023

<b>Doelgemaakte korpus: rooi rose (2010's)</b>			
<b>Lêers</b>	<b>Tekens</b>	<b>Tipes</b>	<b>Lemmas</b>
11	6484541	54109	55872

<b>Doelgemaakte korpus: rooi rose (2000's)</b>			
<b>Lêers</b>	<b>Tekens</b>	<b>Tipes</b>	<b>Lemmas</b>

7	455097	45110	55818
---	--------	-------	-------

<b>Doelgemaakte korpus: rooi rose (90's)</b>			
--	--	--	--

Lêers	Tekens	Tipes	Lemmas
11	576348	43577	45981

<b>Doelgemaakte korpus: rooi rose (80's)</b>			
--	--	--	--

Lêers	Tekens	Tipes	Lemmas
7	395260	33009	34538

<b>Doelgemaakte korpus: rooi rose (70's)</b>			
--	--	--	--

Lêers	Tekens	Tipes	Lemmas
10	759496	54920	57671

<b>Doelgemaakte korpus: rooi rose (40's - 60's)</b>			
---	--	--	--

Lêers	Tekens	Tipes	Lemmas
11	931987	66161	70023

\* Elke lêer in die korpus verteenwoordig 'n uitgawe wat geskandeer is. Soveel tekslêers as wat daar is, soveel uitgawes is geskandeer. Ten einde 'n mate van konsekwentheid te verseker, is gepoog om die Juniemaand-uitgawes van elke jaar te skandeer, onderhewig aan die beskikbaarheid daarvan in harde kopie. 'n Totaal van 57 uitgawes is geskandeer. Die vroegste uitgawe wat geskandeer is, is 1949 en die laaste uitgawe, dié van 2020.

### 4.3 Die sagtewareprogram: #LancsBox

#LancsBox is 'n sagtewareprogram wat spesiaal ontwikkel is deur die Universiteit van Lancaster in Skotland om korpuslinguistiek meer toeganklik te maak vir navorsers. Dit is gebruikersvriendelik en gratis. In Hoofstuk 3.3.2.2. is daar meer inligting oor die program en hoe dit werk.

## 4.4 Frekwensielys

Frekwensielyste is data wat kwantitatief van aard is. Hierdie lys is saamgestel om uit te brei op die resultate wat die sleutelwoorde opgelewer het. Dié lys van die 100 frekwentste woorde is bygevoeg om 'n verdere karakterisering van die korpus te gee, deur vas te stel wat die onderwerpe is van hierdie frekwentste woorde sodat dít waarin die tipiese *rooi rose*-leser belang sal stel, duidelik is.

Tabel 2 dui die 100 frekwentste woorde aan.

### Tabel 2: Die 100 frekwentste woorde

Kolom 1 stel die woorde voor wat die frekwentste in die korpus voorkom (in volgorde van die frekwentste na minder frekwent). Kolom 2 stel die presiese frekwensie van elke woord voor. Die frekwensie kan óf die relatiewe frekwensie voorstel, óf die verstekwaarde gee. Kolom 2 stel laasgenoemde voor. Die verstekwaarde gee die totale hoeveelheid kere wat elke woord in die korpus voorkom. Kolom 3 stel die verspreiding van elke woord voor – die verspreiding (*dispersion* soos wat dit in #LancsBox genoem word). Die verspreiding het te doen met die frekwensie waarmee 'n woord in die verskillende lêers van die korpus voorkom. Met nadere ondersoek kan daar vasgestel word in presies watter lêers die woorde voorkom en hoe frekwent dit is. Vir die doeleindes van hierdie studie, was dit nie nodig om die verskillende lêers te identifiseer nie.

1 Tipe	2 Frekwensie	3 Verspreiding
die	175892.000000	0.058570
en	119188.000000	0.075856
n	89844.000000	0.105963
nie	70748.000000	0.140242
is	70585.000000	0.082424
het	64913.000000	0.215409
van	63904.000000	0.069594
in	57252.000000	0.103492
sy	50227.000000	0.265222
ek	44436.000000	0.240356
te	42293.000000	0.082246

wat	39717.000000	0.080937
dit	37713.000000	0.129327
met	36092.000000	0.095135
om	35701.000000	0.081670
vir	35468.000000	0.148015
haar	29919.000000	0.301115
op	27720.000000	0.085252
hy	26844.000000	0.352679
jy	26057.000000	0.254011
my	24632.000000	0.258629
jou	23566.000000	0.339603
as	21344.000000	0.125988
dat	21034.000000	0.258103
kan	20364.000000	0.114321
maar	19723.000000	0.125616
aan	19280.000000	0.148292
ons	19267.000000	0.237076
se	17730.000000	0.146839
of	17450.000000	0.187048
was	17183.000000	0.251783
word	17004.000000	0.182750
hulle	15207.000000	0.217220
by	14814.000000	0.211212
sal	13752.000000	0.376773
na	13364.000000	0.211872
toe	13323.000000	0.195385
so	12936.000000	0.260389
ook	12667.000000	0.132095
u	12324.000000	1.176849
net	11858.000000	0.116624
daar	11758.000000	0.201770
deur	10764.000000	0.135629
oor	10533.000000	0.187931
gaan	10465.000000	0.216873
moet	10052.000000	0.198146
soos	9794.000000	0.127294
al	9265.000000	0.116961
hom	9230.000000	0.376665
baie	8841.000000	0.131140

tot	8825.000000	0.278559
uit	8791.000000	0.126201
nou	8733.000000	0.257940
nog	8671.000000	0.259811
sê	8582.000000	0.273676
een	8441.000000	0.131674
maak	8428.000000	0.134490
rooi	8409.000000	0.249122
wees	7907.000000	0.184972
dis	7699.000000	0.261565
laat	7478.000000	0.162542
rose	7311.000000	0.295538
kom	7056.000000	0.221367
meer	6961.000000	0.219387
1	6763.000000	0.754830
hierdie	6603.000000	0.506382
dan	6575.000000	0.441404
hoe	6448.000000	0.152719
wil	6432.000000	0.202333
ander	6086.000000	0.156777
weer	6057.000000	0.330310
weet	5639.000000	0.300944
hul	5368.000000	0.474489
hou	5316.000000	0.130502
werk	5193.000000	0.272487
voor	5137.000000	0.200671
twee	5068.000000	0.190282
dié	5006.000000	0.549450
kry	5002.000000	0.246854
elke	4939.000000	0.184388
groot	4880.000000	0.241414
doen	4856.000000	0.212192
saam	4676.000000	0.225682
2	4628.000000	0.691892
af	4611.000000	0.217517
mense	4608.000000	0.387411
man	4592.000000	0.357573
gebruik	4500.000000	0.251311
jaar	4426.000000	0.196243

•	4417.000000	0.926349
sien	4402.000000	0.227124
lewe	4383.000000	0.265377
nuwe	4312.000000	0.220510
waar	4278.000000	0.153766
begin	4195.000000	0.176675
junie	4175.000000	0.718925
hier	4119.000000	0.331217
ml	4092.000000	0.925670
kyk	3966.000000	0.245673
vrou	3879.000000	0.338500

In 'n Standaardafrikaanse sin kan daar funksiewoorde, werkwoorde, selfstandige naamwoorde, lidwoorde en voorsetsels voorkom. Die top 10 frekwentste woorde, sluit woorde in soos *die, en, 'n, nie, is, het, van, in, sy* en *ek*. Die woorde met lekiskale betekenis, is juis dié wat ook in die sleutelwoorde opgeduik het en wat woorde is wat die tipiese *rooi rose* leser se belangstellings uitbeeld. Dit sluit woorde in soos: *man, vrou, ml*. Dit is opmerklik dat *man* (4592 keer) meer frekvent as *vrou* (3879 keer) voorkom hoewel die *rooi rose* 'n vrouetydskrif is. *ml* is 'n inhoudsmaat en kom voor in resepte wat kan aandui dat die *rooi rose* saam met al die artikels en advertensies oor voorkoms ook baie resepte publiseer.

Die woorde wat die minste voorkom en aan die onderpunt van die lys verskyn, is ook veelseggend aangesien dit juis dié dinge voorstel waaroor die *rooi rose* die minste skryf en wat moontlik nie die belangstelling van die lesers aanwakker nie.

Tabel 3 gee hierdie woorde.

**Tabel 3: 10 mins frekwente woorde**

<b>Tipe</b>	<b>Frekwensie Verspreiding</b>	
adamsvy	1.000000	7.483315
3626	1.000000	7.483315
handelsnaam	1.000000	7.483315
opmars	1.000000	7.483315



selfbestuur	1.000000	7.483315
3624	1.000000	7.483315
3620	1.000000	7.483315
viriele	1.000000	7.483315
truspieëltjies	1.000000	7.483315
reddingspoging	1.000000	7.483315

Om te bepaal hoe die linguistiese landskap van die Afrikaanse vrou daar uitsien, word daar in die res van hierdie hoofstuk gefokus op daardie leksikale items wat as soekwoorde tydens die speurtog deur die korpus gedien het. Die subvrae van die ondersoek is om vas te stel of daar tekens van taalseksisme in *rooi rose* voorkom en in hoe 'n mate as dit wel die geval blyk te wees. Al die leksikale items wat ondersoek is, kan tekens van taalseksisme wees omdat die woorde of woordvorme onderskeid tref tussen die manlike en vroulike gender.

Die soekwoorde was titels soos *meneer*, *mevrou* en *me* (4.6.1), 'n aantal manlike en vroulike persoons- en beroepsname (4.6.2) en die generiese *hy* (4.6.3). (Vanweë die beperkte omvang van hierdie verhandeling word daar nie voorgegee dat die lys soekwoorde volledig was nie).

Daar word vervolgens aan elke tipe aandag gegee.

#### 4.5 Meneer, mevrou, mejuffrou en me

Aanspreekvorme en titels is een van die aspekte wat op taalseksisme kan dui soos te sien in 2.5.2. Dit is noodsaaklik om te let op die feit dat titels wat aan persone toegeken word, mag verskil van aanspreekvorme. 'n Titel kan byvoorbeeld ook saam met die van die betrokke persoon in 'n sin gebruik word, soos byvoorbeeld: "*Mevrou van Wyk het gister aan 'n hartaanval beswyk.*" 'n Aanspreekvorm word gebruik wanneer iemand aangespreek word, soos byvoorbeeld: "*Kan Mevrou my asb. help?*" Beide die titel en aanspreekvorm is in ag geneem vir hierdie afdeling.

Net soos in Engels, tref Afrikaans ook 'n onderskeid tussen getroude en ongetroude vrouens deur middel van die titel en aanspreekvorm en verskil hierdie titels en aanspreekvorme (*mevrouw/ mev* teenoor *mejuffrou / mej*).

Aan die ander kant bly die aanspreekvorm vir mans dieselfde ongeag die man se huwelikstatus (*meneer/ mnr*). Só 'n verskil dui op diskriminasie en kan selfs as seksisties gesien of ervaar word.

Die doelgemaakte korpusse is ondersoek om te probeer vasstel of daar verandering oor die loop van ongeveer 70 jaar ingetree het. Die vorm *me* is gemunt na aanleiding van die Engelse *ms*. Ek wou vasstel of die gebruik van *mej* en *mev* begin taan het om plek te maak vir die eenvormige *me* wat na beide getroude en ongetroude vrouens verwys. Die eerste keer wat *me* as aanspreekvorm vir 'n vrou in die *rooi rose* gebruik is, is in die uitgawe van Junie 2010.

In Tabel 4 bied ek die absolute frekwensies van *meneer (mnr.)*, *mevrouw (mev.)*, *mejuffrou (mej.)* en *me* aan.

**Tabel 4: Absolute frekwensies van *meneer, mevrou, mejuffrou* en *me***

Absolute frekwensies			
MENEER		MEVROU, MEJUFFROU, ME	
<b>meneer</b>	466	<b>mev</b>	1069
<b>mnr</b>	535	<b>mevrouw</b>	437
		<b>mej</b>	408
		<b>mejuffrou</b>	19
		<b>me</b>	267* (3)
<b>TOTAAL</b>	<b>1001</b>	<b>TOTAAL</b>	<b>1936</b>

\*Dit lyk op die eerste oogopslag asof *me* besonder baie voorkom. By nadere ondersoek (deur gebruik te maak van SWIK-reëls) het dit geblyk dat *me* wat 267 keer in die korpus voorgekom het, na die Engelse woord *me* (*my* in Afrikaans) verwys en

voorkom in die lirieke van Engelse liedjies. *Me* het ook verwys na die naam van Engelse produkte wat in die tydskrif adverteer word. Die ander *me*-voorbeelde wat voorgekom het, moes eintlik “nie” gewees het. Die korpus is nie volledig skoongemaak nie (weens tegniese redes) en daarom het daar sulke foute deurgeglip. Ek het dus nie hierdie voorkoms verder ondersoek nie en ook nie die getal 267 by die totaal getel nie. Ná ek handmatig deur al die data gewerk het, het dit geblyk dat daar wel drie voorkomste van *me* was waar dit gebruik is as titels.

Die onderstaande skermshoot dui die frekwensies van *meneer* en *mevrouw* in die algehele korpus aan. Reeds met die eerste oogopslag is dit duidelik dat *meneer* meer frekvent as *mevrouw* (oor ’n tydperk van amper 70 jaar) voorkom:

▼ Corpus	Corpus 11	▼ Frequency	▼ Dispersion	▼ Type
		▼ Frequency: 01 - Freq	Dispersion: 01_CV	Type
		466.000000	1.417814	meneer
		465.000000	0.930992	c
		464.000000	2.428978	herh
		463.000000	0.829673	verlang
		461.000000	0.477762	lae
		461.000000	0.623081	myself
		460.000000	0.480983	verduidelik
		458.000000	0.555627	lug
		458.000000	1.047691	klop
		458.000000	0.481956	klink
		458.000000	1.120820	gekap
		457.000000	0.597021	ouderdom
		457.000000	0.783738	mengsel
		454.000000	0.593665	ag
		454.000000	0.557498	aaarde
		454.000000	0.830094	beheer
▼▼▼				
▼ Corpus	Corpus 11	▼ Frequency	▼ Dispersion	▼ Type
		Frequency: 01 - Freq	Dispersion: 01_CV	▲ Type
		437.000000	1.461391	mevrouw
		1.000000	7.483315	mevrouw-of
		2.000000	5.491648	mevrouw-tjie
		1.000000	7.483315	mevrouw/
		1.000000	7.483315	mevroue
		8.000000	3.275550	mevrouw-tjie
		2.000000	7.483315	mevrouw
		1.000000	7.483315	mevróu

Die onderstaande twee voorbeelde dui aan hoe *me* hoofsaaklik in hierdie korpus voorgekom het – as Engelse woord en as “nie” in ’n teks wat nie skoongemaak is nie:

Kant 2: Experiment IV (Kate Bush); True Colours (Go West); Land Of Confusion (Genesis); Welcome To The Boomtown (David + David); Control (Janet Jackson); Showing Out (Mel & Kim); Don't Forget Me When I'm Gone (Glass Tiger); en We Love You (OMD).

'Ek is my wêreldsgoed kwyt en het ook sommer moed verloor,' het Deidre Charles haar lot bekla. 'Dalk sal 'n bietjie troeteling my beter laat voel,' Color *Me Beautiful* het haar tot hulp gekom en ons het gaan kyk hoe hulle te werk gaan.

Sy is tot in haar siel uitgeput. Sy wil *me* [nie] langer teen die dors veg nie. Want dit is daar. Ten spyte van al die tablette wat nulle [hulle] haar voer, is sy elke oomblik bewus van die immer toenemende geknaag in haar binnenste. En sy weet dat dit haar gaan inhaal.

Die enigste drie voorbeelde waar *me* as titel gebruik word, kom in die volgende uittreksels voor. Al drie hierdie voorbeelde kom uit die korpus van die **2010's**:

Die volgende 3 lesers wen elk 'n kopie van Frans van Rensburg se Lammervanger  
1 *Me Elsa den Haan*, Monte Vista 2 E. van Jaarsveld, Pofadder 3 Trynet  
Bezuidenhout, Johannesburg

Op 22 Maart, Wêreldwaterdag, het *me. Edna Molewa*, die minister van waterwese, nuwe maatreëls aangekondig om die groeiende probleem van suur mynwater te takel.

In dieselfde uitgawe skryf Nataniël (wat as "sanger en koskenner" beskryf word):  
"Me. De Villiers neem jou by die hand en lei jou van voedselgroepe na die liggaam se daaglikse behoeftes na die meganisme van 'n spyskaart na die beloftes van die seisoene.

Uit die totale frekwensies is dit duidelik dat die twee vorme (*mevrou* en *mejuffrou*) meer voorkom (amper dubbeld soveel keer) as *meneer*. Dit bevestig net weer dat *rooi rose* se fokus die vrou is. Daar word vir die vrou en oor die vrou geskryf. Dit op sigself

dui nie as sodanig op seksisme nie, hoewel die feit dat Afrikaans steeds twee (nou drie) verskillende vorme vir die vrou het, wel op taaleskisme mag dui.

Uit bogenoemde data is dit duidelik dat *Me* as aanspreekvorm nie algemeen in die uitgawes van *rooi rose* wat gebruik is vir die korpus, voorkom nie – slegs drie keer. In 'n opvolgondersoek is die relatiewe frekwensies van *Mevrou*, *Mejuffrou* en *Me* in die verskillende tydperke met mekaar vergelyk.

Tabel 5 dui die relatiewe frekwensie van *Mevrou*, *Mejuffrou* en *Me* aan.

**Tabel 5: Relatiewe frekwensies *Mevrou*, *Mejuffrou* en *Me***

Aan- spreek- vorme	Frekwensies					
	40's - 60's	70's	80's	90's	2000's	2010's
mev	4,45	5,07	3,77	1,67	0,30	0,15
mevrouw	1,96	1,38	1,01	1,37	0,50	0,10
<b>TOTAAL</b>	<b>6,41</b>	<b>6,45</b>	<b>4,78</b>	<b>3,04</b>	<b>0,80</b>	<b>0,25</b>
mej	2,69	1,13	0,58	0,57	0,22	0,22
mejuffrou	0,06	0,13	0	0,35	0,21	0
<b>TOTAAL</b>	<b>2,75</b>	<b>1,26</b>	<b>0,58</b>	<b>0,92</b>	<b>0,43</b>	<b>0,22</b>
me	0	0	0	0	0	0,65*

\*Slegs 3 van die 42 voorkomste was titels.

Met die ondersoek na hierdie items wou ek spesifiek fokus op die moontlike verandering van *mevrouw* en *mejuffrou*, na die meer neutrale term *me* en ook na die moontlike verdwyning van *mejuffrou*. Is *Me* ook vandag die voorkeuraanspreekvorm in *rooi rose* vir enige vrou ongeag hulle getroude status?

Ter wille van volledigheid het ek na die vol vorm, sowel as sy afkorting gekyk.

Uit die data (soos weergegee in Tabel 5) blyk dit dat die neutrale aanspreekvorm en titel, *me* baie min in *rooi rose* voorkom. Die onderskeid tussen *mevrou* en *mevrou* word tot in Junie 2020 (die datum van die laaste uitgawe wat gedigitiseer is) gehandhaaf. Dit blyk ook uit die data dat *mevrou* deur al die tydperke heen die frekwentste voorkom. Dit kan moontlik wees dat die *rooi rose* se teikenmark getroude vrouens met hulle eie gesinne is. Sedert die **2000's** het die gaping tussen die gebruik van *mevrou* en *mevrou* drasties begin krimp en in die jongste dekade is die gebruik van die twee aanspreekvorme byna gelyk. Dit kan moontlik wees dat die *rooi rose* se uitgewers begin het om die teikenmark aan te pas om meer jong lesers (jong, ongetroude dames) te lok. Dit kan dalk ook beteken dat die verskil in status van die twee aanspreekvorme nie meer werklik 'n beduidende rol speel nie.

Die onderstaande skermkoot dui die verskil in frekwensies aan van *mevrou* in die **2010's** (korpus 2) teenoor die **40's - 60's** (korpus 12):

▼ Corpus	Corpus 2	▼ Frequency	▼ Dispersion	▼ Type
Type	▼ Frequency: 01 - Freq	Dispersion: 01_CV		
mevrou	7.000000	1.230724		
cordial	7.000000	3.162278		
tragies	7.000000	1.560032		
satrix	7.000000	3.162278		
fetakaas	7.000000	1.242139		
gemoedsrus	7.000000	1.146813		
armin	7.000000	3.162278		
klaas	7.000000	2.364501		
profiel	7.000000	1.467011		
diane	7.000000	1.867423		
sielkunde	7.000000	0.955860		
weerstaan	7.000000	1.302135		
toss	7.000000	2.144482		
volgehoue	7.000000	0.775245		
buitendien	7.000000	1.204105		
ginekoloog	7.000000	1.537976		
▼▼▼				
▼ Corpus	Corpus 12	▼ Frequency	▼ Dispersion	▼ Type
Type	▼ Frequency: 01 - Freq	Dispersion: 01_CV		
mevrou	183.000000	1.038711		
deel	183.000000	0.390320		
verlede	183.000000	0.366663		
grootste	182.000000	0.374480		

Dit is baie belangrik om nie net die frekwensielyste op sigwaarde te neem nie, maar om ook verdere ondersoek te doen na die konteks waarin hierdie woorde voorkom.

Dit is waarvoor **konkordansies** (wat deur middel van die **SWIK-reëls** geïdentifiseer word) ingespan moet word. Die groter konteks gee die navorser 'n breër prentjie oor die woord en wys hoe en waarom die vorme in die korpus gebruik is.

By nadere ondersoek deur middel van die SWIK-reëls is dit opvallend om te sien dat 68 van die gebruike van *Mejuffrou/Mej* te make het met skoonheidskompetisies. Voorbeelde hiervan is onder andere: *Mejuffrou Heelal*, *Mejuffrou Suid-Afrika*, *Mejuffrou Persoonlikheid* en selfs *Mejuffrou Glimlag*. Die gebruik van *mejuffrou* in hierdie verband is bykans 16%. Dit blyk dat skoonheidskompetisies 'n belangrike onderwerp tot en met die **2010's** in *rooi rose* is.

Hier onder volg 'n paar uittreksels:

“Ek het met die sentrale gepraat, met wie ek heelmiddag gesukkel het. *Meneer*, *mevrou*-of *mejuffrou* sou nog verdragings veroorsaak het. Al wat ek wou hê, was Rautenbach, Brandfort, Oranje Vrystaat, Suid-Afrika. Dit alleen was al ingewikkeld genoeg vir die skakelbord.”

Bogenoemde uittreksel wys die duidelike onderskeid tussen die drie vorme vir die twee geslagte: *Meneer* vir die mans en *Mevrou* of *Mejuffrou* vir die vrouens.

Van woordjie „*meneer*” gepraat: Mens stel jouself ook nooit *mnr.* voor nie: „Ek is *mnr.* Hannes Theron.” Tensy 'n man ten minste twee keer so oud as, die persoon is met wie hy praat, gebruik hy nie die term „*meneer*” nie. „Ek is De Klerk” of „Ek is Hannes Theron.” Dit is vir mans toelaatbaar om mekaar op die van aan te spreek, maar dis 'n laakbare gewoonte onder dames. Noem haar op haar naam as daar 'n mate van familiariteit bestaan, anders moet sy aangespreek word as „*mejuffrou*.”

In bovermelde uittreksel is dit noemenswaardig om (uit die oog van 'n man) te sien hoe die spreker voel oor aanspreekvorms. Hierdie persoon voel as mens nie familiêr met die vrou is wat jy aanspreek nie, moet sy as *mejuffrou* aangespreek word. Volgens hierdie siening kan *mejuffrou* dan as die neutrale aanspreekvorm vir vrouens

gebruik word en slegs as mens die huwelikstatus van die vrou ken, word sy as *mevrouw* aangespreek.

„Jy is tog seker nie nog vir my kwaad nie. *mej.* Tikstertjie?”

Hierdie uittreksel kom uit 'n verhaal wat in een van die *rooi roses* verskyn het. Die man aan die woord praat baie neerhalend met die *mejuffrou* wat hy aanspreek deur haar as “Tikstertjie” (in die verkleiningsvorm) aan te spreek. Hier word die werk wat die vrou bekleed saam met haar aanspreekvorm gegee. Daar is 'n mate van sarkasme, verkleining en spot in hierdie aanmerking te bespeur.

Getikte briewe word altyd met pen en ink geteken. In die geval van 'n dame, moet sy aandui of dit „*mej.*” of „*mev.*” is (*Mej.*) T. Kruger, (*Mev.*) S.

Uit Bogenoemde uittreksel blyk dit duidelik dat daar pertinent onderskei moet word tussen *mejuffrou* en *mevrouw* wanneer briewe geskryf word. Dit wil dan voorkom dat hierdie onderskeid steeds belangrik is en dat daar nie net na een, neutrale aanspreekvorm verwys word nie. Hierdie uittreksel kom uit die korpus van die **40's - 60's**. Dus kan die baie pertinente onderskeid tussen die titels moontlik op ouer gebruike wys.

Hier onder volg nog 'n paar konkordansiereëls wat voorbeelde van al die titels en aanspreekvorme in verskillende kontekste voorstel:

„Maar dink u nie dat dit ewe lekker sal wees as jy in stede van die tweeslaapkamerhuisie in 'n vierslaapkamerhuis woon en nog maar daagliks dieselfde dinge kan doen wat jy nou doen nie?” gesels die ou mannetjie soos 'n ouer broer met haar. „Jy weet, *mevrouw* de... ek bedoel Katherine... as vrou van 'n belangrike amptenaar, is jou verpligtinge nie regtig so skrikwekkend baie soos dit mag klink nie.

'*Mev.* Susie Vermeulen van Hamerkopstraat 26, Florida-Meer (1725), is hierdie keer die wenner van ons blokkiesraaisel, met haar groot totaal van 343. Hoewel daar



inskrywings met groter totale as dié van *mevrouw* Vermeulen was, het die insenders nie hulle bron genoem nie en kon dus nie vir die prys in aanmerking kom nie. *Mevrou* Vermeulen het haar bron aangegee, as die Afrikaanse Woordeboek Staatsdrukkery, waarin ons toe ook al hierdie vreemde woorde opgespoor het. Geluk *mevrouw* Vermeulen, u is die wenner van ons R20-prys.

Maar net die volgende dag kom kla *Meneer* by *juffrou* Willemse: “Jy moet iets anders uitdink om die twee kinders te straf, *Juffrou*. Hulle gaan verkoue kry om so nat-kop agter die kleedkamers te staan.”

*Meneer* Dreyer het tydens sy verblyf in kamer nommer 214 tuis gegaan. Op die aand van 11 Mei was die kamer beset deur ene *meneer* T. H. Besselaar, waarskynlik omdat die bespreking agterna verander is. Dit spyt my ek kan u nie verder help nie, want ek het die bespreking nie destyds gehanteer nie. Die handskrif langs die kantlyn is dié van *mevrouw* Bailey. Sy is een van ons ontvangdames.

Dis 'n ernstige oortreding, *Meneer*,” sê die konstabel kwaad. „Ek dink jy moet maar saam met my stap.”

Sy sien hoe hy hom tuismaak op die sand met 'n handdoek onder sy kop, die boek oor sy gesig. Hy is alleen. Stoksielalleen. Maar netnou sal die langhaartikster met haar rusperlyfie daar aangewieg kom en langs hom op die sand neersak. En *meneer* Julius Brummer sal vergeet van die son en wind en weer.

„Dis 'n vroumense soos sy wat vir die *Mejuffrou* Suid-Afrika wedstryd' moes ingeskryf het,” besluit hy in sy enigheid. „Sy sal loshande wen!”

WAT VOORAF GEBEUR HET: Tanja Olivier, 'n jong rekenmeester, ontvang uit die bloute 'n brief van 'n prokureur waarin sy meegedeel word dat 'n sekere *mejuffrou* Deidre Delport 'n huis in Kaapstad aan haar nagelaat het.

As Dowe *Mej*. SA is Lauren ook 'n verteenwoordiger vir Deafsa, die organisasie wat hom beywer om die lot van dowes te verbeter. Sy gaan haar ampstermyn gebruik om die oogmerke van Deafsa te bevorder.

Uit die data tot my beskikking is dit duidelik dat *Me* as aanspreekvorm nie inslag gevind het in die *rooi rose* nie. Dit word wel in die laaste dekade (**2010's**) gebruik, maar nie genoeg om *Mevrou* en *Mejuffrou* te vervang nie. Intendeel, by nadere ondersoek, het dit geblyk dat daar oor die algemeen steeds baie duidelik – en met opset – onderskei word tussen *Mevrou* en *Mejuffrou*. Dit wil dan voorkom asof die twee afsonderlike vorme vir vroue, nie so drasties verander en geneutraliseer het na *Me* toe soos wat in die Engelse taal gebeur het nie. Tog is dit steeds belangrik om te onthou dat die data tot my beskikking baie beperk was en dat dit nie noodwendig die volle prentjie van aanspreekvorme en titels in vandag se Afrikaans skets nie.

#### 4.6 Persoonsname en beroepe (manlik vs vroulik)

In 2022 is die hele kwessie van biologiese geslag versus gender glad nie meer eenvoudig nie. Hoewel ek bewus is van die heersende genderpolitiek, is dit nie in die data-ontleding betrek nie, aangesien die uitgawes van *rooi rose* wat gebruik is vir die korpus tot en met 2020 self geen aandag hieraan bestee nie.

Die tweede aspek van taalseksisme wat ondersoek is, is die onderskeid tussen manlike en vroulike beroep- en persoonsname. In Afrikaans word onderskeid getref tussen die manlike en vroulike vorme deur onder andere suffikse soos *ster*, *-es(se)*, *-ise*, *-e*, *-in* by die manlike vorm aan te las om die onderskeid te tref tussen mans en vrouens. Die manlike vorm word dus as die “norm” gebruik en die suffiks verander die woord na die vroulike vorm. Voorbeelde is: *skrywer* en *skryfster*; *onderwyser* en *onderwyseres*; *akteur* en *aktrise* en *redakteur* en *redaktrise*; en *kaptein* en *kapteine* *eggenoot* en *eggenote* (hierdie *-e* suffiks kan egter verwarrend raak aangesien dit ook die meervoudsvorm kan aandui (soos by die geval van *eggenote*); *vriend* en *vriendin* en *held* en *heldin*.

Tog blyk dit dat dit in die moderne bedeling (dus *circa* 2022), 'n algemene tendens in *rooi rose* is dat die oorspronklike manlike vorm nou vir beide genders gebruik word. Dit is vandag nie meer vreemd om byvoorbeeld *redakteur* vir beide mans en vrouens

te gebruik nie. Trouens, daar word na die *rooi rose* se vroulike *redakteur* verwys en sy word aangespreek as *redakteur* en glad nie *redaktrise* soos jare gelede nie. In 1961 (toe daar nog pertinent onderskei is tussen *redaktrise* en *redakteur*) word Susan de Winter as die eerste *redaktrise* aangestel en net so 'n bietjie meer as 20 jaar later (in die **80's**), word daar vir die eerste keer na 'n vrou as die *redakteur* verwys.

Volgens die data van die korpusse, word die oorspronklike manlike vorm nou die norm en die vroulike vorm verdwyn dan mettertyd. In die **40's** word *redaktrise* die frekwentste gebruik, maar deur die loop van die volgende ses dekades, begin die gebruik van dié vroulike vorm telkens taan en in die korpus van die *rooi rose* van die **2010's**, kom *redaktrise* glad nie meer voor nie en blyk dit dat dit heeltemal vervang is met *redakteur*.

In die volgende soektog het ek in die volledige doelmatige korpus gekyk watter persoonsname, of beroepe (wat beide 'n manlike en vroulike vorm het) die meeste voorkom in die frekwensielyste wat ek handmatig deursoek het. Ek het dit dan as 'n riglyn gebruik en van daardie woorde in my ondersoeklys ingevoeg en ander soortgelyke woorde bygevoeg ter wille van volledigheid. Ek het 20 beroeps- en persoonsname so geïdentifiseer en ten minste twee of drie voorbeelde van elke vroulike vorm (met die onderskeie suffikse) ondersoek om dit so volledig en uitgebreid as moontlik te hou. Die doel was om vas te stel of daar 'n verskil is in die aantal kere wat die woord per tydperk voorkom. Die soekwoorde wat ek in die ondersoek gebruik het, is: *skryfster* en *skrywer*, *aktrise* en *akteur*, *sekretaresse* en *sekretaris*, *verpleegster* en *verpleër*, *redaktrise* en *redakteur*, *leseresse* en *lesers*, *heldin* en *held*, *vriendin* en *vriend*, *eggenote* en *eggenoot*, *onderwyseres* en *onderwyser*, *haarkapster* en *haarkapper*, *godin* en *(G)god*, *minnares* en *minnaar*, *pianiste* en *pianis*, *slavin* en *slaaf*, *werkster* en *werker*, *regisseuse* en *regisseur*, *eienares* en *eienaar*, *boerin* en *boer* en *orreliste* en *orrelis*.

Ek het net die relatiewe frekwensie van die soekwoorde in elke tydperk ondersoek, aangesien elke tydperk se korpus nie ewe groot is nie.

Die onderstaande tabel (tabel 6) dui die relatiewe frekwensie van elke soekwoord per tydperk aan.

**Tabel 6: Relatiewe frekwensies van persoons- en beroepsname**

Persoons- of beroepsnaam		40's - 60's	70's	80's	90's	2000's	2010's	Totaal
1	skryfster	0,29	0,18	0,33	0,14	0,04	0,06	1,04
	skrywer	0,39	0,32	0,46	0,59	0,32	2,08	4,16
2	aktrise	0,43	0,16	0,56	0,73	0,62	0,94	3,42
	akteur	0,24	0,05	0,40	0,59	0,42	1,34	3,04
3	sekretaresse	0,12	0,34	0,48	0,82	0,13	0,06	1,95
	sekretaris	0,10	0,05	0,13	0,05	0	0	0,33
4	verpleegster	0,61	0,36	0,13	0,14	0,15	0,08	1,47
	verpleër	0	0	0	0	0	0	0
5	redaktrise	0,56	0,18	0,05	0,52	0,09	0	1,40
	redakteur	0,35	0,12	0,56	0,26	0,51	0,80	2,24
6	leseresse	1,17	0,57	0,15	0,02	0	0	1,91
	lesers	1,52	0,42	1,82	2,86	3,54	2,27	12,43
7	heldin	0,10	0	0,05	0,47	0,04	0,05	0,71
	held	0,24	0,12	0,38	0,42	0,13	0,22	1,51
8	vriendin	1,12	0,70	0,63	1,65	1,67	1,17	6,94
	vriend	1,22	1,16	1,34	1,06	1,21	1,13	7,12
9	eggenote	0,06	0,05	0,05	0,10	0,02	0,03	1,66
	eggenoot	0,19	0,13	0,13	0,17	0,11	0,15	0,88
10	onderwyseres	0,06	0,16	0,48	0,16	0,31	0,26	1,97
	onderwyser	0,20	0,09	0,10	0,19	0,31	0,20	1,09
11	haarkapster	0,03	0,02	0,08	0,02	0	0	0,15
	haarkapper	0,04	0,13	0,25	0,23	0,09	0,05	0,79
12	godin	0,03	0,01	0	0,03	0,04	0,06	0,17
	(G)god	0,80	1,33	0,46	1,01	1,87	1,47	6,94
13	minnares	0	0,01	0,23	0,07	0,02	0,03	0,36
	minnaar	0,26	0,03	0,25	0,17	0,11	0,09	0,91
14	pianiste	0,02	0,03	0	0	0	0	0,05
	pianis	0,13	0	0,05	0,07	0,07	0,06	0,38

15	slavin	0,01	0,04	0,03	0,03	0	0	0,11
	slaaf	0,04	0,05	0	0,03	0,02	0,02	0,16
16	werkster	0,02	0,07	0,05	0,03	0	0	0,17
	werker	0,01	0,01	0,30	0,24	0,04	0,15	0,75
17	regisseuse	0,01	0	0,03	0,02	0	0	0,06
	regisseur	0,05	0,13	0,15	0,19	0,24	0,77	1,53
18	eienares	0,06	0,04	0,05	0,03	0,11	0,02	0,13
	eienaar	0,15	0,20	0,66	0,40	0,75	0,37	2,53
19	boerin	0	0	0	0,02	0	0	0,02
	boer	0,49	0,28	0,13	0,52	0,48	0,39	2,29
20	orreliste	0,01	0	0	0,02	0	0	0,03
	orrelis	0,03	0,03	0	0,02	0,02	0,03	0,13

Uit Tabel 6 is dit duidelik dat daar nie werklik enige verskil, of 'n drastiese veranderde patroon by die meerderheid van die woorde in die subkorpuse, en dit wil sê oor die 70 jaar, is nie. 'n Paar woorde in die table word vervolgens kortliks bespreek.

(3) *Sekretaresse* en *sekretaris* geld as een van die uitsonderings in die lys. Dit is duidelik dat die manlike vorm die vorm is wat teen die **2000's** heeltemal verdwyn het terwyl die gebruik van *sekretaresse* toegeneem het. Moontlik is dit omdat *sekretaresse* tradisioneel vrouens is en byna geen man (volgens dié data) daardie rol vervul nie.

Dit is 'n ander tendens as wat waargeneem is by die ander vroulike vorme in die korpus. Een moontlike, maar slegs gedeeltelike, verklaring is dat die sekretaresseberoep met take soos "algemene klerklike en administratiewe werk soos telefoonbeantwoording, woordverwerking, liassering en die reël van afspraak vir 'n individu" (e-WAT)<sup>2</sup> tradisioneel deur vrouens beklee is, terwyl "lem. wat agendas en notules v.d. vergaderings van 'n maatskappy, klub, vereniging, komitee, of dergelike opstel, verslae hou en wat korrespondensie en algemene reëlings m.b.t. die werksaamhede van so 'n liggaam hanteer" (e-WAT) dikwels, maar nie uitsluitlik nie, ook 'n manlike persoon is of kan wees. Die voorbeeldsinne in die e-WAT by **sekretaris**<sup>2</sup> illustreer dit so: *Dit is seker nie oordrewe nie om te beweer dat die*

<sup>2</sup> e-WAT word gebruik om na die elektroniese weergawe van die woordeboek te verwys.

sekretaris *die spil is waarom die hele verenigingslewe draai* (P.J. v.Z. Hattingh: *Prosedure*<sup>6</sup>, 1969, 68). *Op die foto is v.l.n.r. mej. J.E., sekretaris van die W.P.-Rugby-unie; mnr. J.F.M. ... en prof. P.J.C.* (Burg., 12 Aug. 1983, 11 --- byskr.).

Tog blyk dit uit die SWIK-reëls dat die gebruik van *sekretaris* in die *rooi rose*-korpus slegs in verband met mans gebruik is, hetsy dit 'n amp is wat bekleë word, of selfs 'n minder prominente rol wat vervul word. 21/21 van die voorkomste van die woord *sekretaris* word aan mans toegeken. Kyk na die onderstaande uittreksels:

Haar loopbaan in die regte is onregstreeks die gevolg van die feit dat haar pa, aan almal bekend as Toon van den Heever, 'n regsgeleerde was. In sy loopbaan was hy onder meer prokureur-generaal, *Sekretaris* van Justisie en appél-regter. Hy was natuurlik ook 'n digter van naam.

Bolger staan op en stap deur toe. Hy wend hom tot Hagmud se *sekretaris*. „Ek neem dié lys voorlopig saam met my.”

Die man se oë rek. Hy het reeds oortree deur die lyste te oorhandig, want meneer Bolger neem nie nee vir 'n antwoord nie. Maar om een van die lyste hier weg te dra...

(4) *Verpleër* kom nie een keer in die hele korpus voor nie, moontlik omdat dit 'n beroep is wat tradisioneel deur vroue bekleë word en die *rooi rose* fokus op die vrou. Daar word in die volgende uittreksel verskeie beroepe gelys. Hierdie beroepe word almal in die manlike of neutrale vorm gegee – behalwe *verpleegster*. Hier blyk dit dan ook dat die beroep van verpleegster uitsluitlik vir vrouens bedoel word, aangesien slegs die vroulike vorm voorkom:

Hieruit vloei voort die behoefte waarin voorsien kan word wanneer julle 'n sekere beroepskeuse doen. Wat is daardie beroepskeuse? Dit kan een van die volgende wees: predikant, onderwyser, *verpleegster*, geneesheer...

(6) *Leseresse* is 'n woord wat my dadelik opgeval het, omdat ek dit glad nie ken nie. Dit is opmerklik dat die *rooi rose* se teikenmark aanvanklik as *leseresse* beskryf is en

die gebruik daarvan het teen die **80's** en **90's** begin taan en sedert die draai van die nuwe millenium het dit heeltemal in onbruik verval. *Lesers* word vanaf 2000 as die oorkoepelende term vir die teikengroep gebruik. Hierdie is die enigste woord van die soekwoorde wat ek in die meervoudsvorm ondersoek het (aangesien dit na 'n groep in die geheel verwys). Ek het nie die enkelvoud verder ondersoek nie. In die enkelvoud het *leser* verreweg die hoogste frekwensie en kom 144 keer voor, terwyl *leseres* slegs 47 keer in die hele korpus voorkom.

(7) *Heldin* en *held* se frekwensies bly meestal onveranderd. *Held* het tydens elke tydperk die hoogste frekwensie, behalwe in die **90's**.

In **70's** word *held* in 6/9 keer uitgebeeld as 'n onbekende man wat sy opwagting moet maak sodat 'n vrou met hom kan trou.

Hier volg 'n uittreksel van een só 'n voorbeeld:

April is die tyd om aan verlowings en huwelike te dink en as jou *held* nog nie sy opwagting gemaak het nie, is die herfs die aangewese tyd om te flankeer.

In die **90's** kom *heldin* 27 keer voor en *held* 24 keer – dit is die enigste tydperk waar *heldin* meer frekwent as *held* voorkom:

'n Spanningsverhaal is maklik om te skryf. Begin op 'n dramatiese, spannende noot en handhaaf dit van bladsy tot bladsy. Jy sorg net dat opwindende dinge met die *held* en *heldin* gebeur.

In die **2000's** kom *heldin* maar twee keer voor:

Anders as in haar boeke, wat deurspek is van glans, sukses, liefdevolle gesinne, mans wat die grond aanbid waarop die *heldinne* loop, het hierdie *heldin* se lewe nie altyd soos 'n sprokie verloop nie.

(9) *Eggenote* en *eggenoot* bly redelik konstant deur elke tydperk. *Eggenoot* kom deurentyd die meeste voor. *Eggenote* is ook die meervoudsvorm van *eggenoot* en ten spyte daarvan, kom die manlike vorm, *eggenoot* steeds telkemale die meeste voor.

Moontlik omdat die *rooi rose* vir die vrou skryf en vroulike sake soos die huwelik en hulle *eggenote* aanraak.

*Eggenote* is 'n verbuiging van *eggenoot* wat soms verwarring kan veroorsaak, aangesien *eggenote* ook die meervoudsvorm van *eggenoot* is. In die algehele *rooi rose*-korpus verskyn *eggenote* 21 keer waarvan slegs 8 na die vroulike vorm verwys:

Die onderstaande uittreksel dui op die *eggenote* as vrou:

Hier gesels sy oor haarself as mens, ma en *eggenote*.

In die onderstaande uittreksel, verwys *eggenote* na die meervoud en kan dit enige geslag insluit:

*Rooi Rose* is verantwoordelik vir die einddeelnemers en hul *eggenote* se reiskaartjies na die galageleentheid waartydens die wenner aangewys word, asook hul verblyf gedurende die galanaweek.

In die onderstaande uittreksel is daar 'n duidelike onderskeid tussen die manlike en vroulike vorme. Hier word die meervoudsvorm van *eggenote* (as vrou) selfs verder verbuig:

Enkele lede van die „Oklahoma!”-geselskap, wat reeds die huwelikstaat betree het, het besluit om hul *eggenote* en *eggenotes* dadelik hierheen te laat kom. Die eensaamheid word glo te erg (veral vir die pasgetroudes!)... en teen die tyd wat hierdie woorde verskyn, sal die gelukkige paartjies weer tesame wees.

(12) *Godin* en (G)*god* se frekwensies bly ook redelik konstant met *God* wat telkens verreweg die meeste voorkom. *God* kom die meeste voor met 'n hoofletter aangesien dit na die Opperwese wys Wat die Christelike geloof aanbid. Daar is ook baie Bybelse aanhalings wat in die korpus voorkom. Die *rooi rose*-lesers is duidelik vrouens wat die Christelike geloof aanhang:

In Genesis 1:29 staan daar: Verder het *God* gesê: Let op! Ek gee aan julle al die plante wat saad gee op die hele aarde, ook al die bome wat vrugte dra en saad gee. Dit sal julle kos wees. En in die volgende vers: Aan alles wat leef, gee Ek al die



groen plante as kos. En in die tuin van Eden was daar allerlei bome, mooi om na te kyk en lekker om van te eet.

Daar is slegs 9/432 voorbeelde waar *god* met 'n kleinletter gespel word en dus verwys na 'n mitologiese *god*, of 'n *god* in die algemeen:

Sy verstaan nie hierdie verwarrende konflikte in haar siel nie. Voor haar vader se dood het sy nooit krities aan hom gedink nie. Wat hy besluit het, het sy sonder vrae aanvaar. Hy was 'n *god* wat nie fout kon maak nie! Hy het nooit 'n verkeerde oordeel gevel nie, nooit verdoem as die persoon nie skuldig is nie.

Dit wil soms lyk asof die mag van die Bose die wêreld magteloos in sy reusevuis vasgevat het. En die tragiek van dit alles lê daarin dat hoe hewiger en koersagtiger die pogings word om vrede te probeer bewaar, die groot Vredevors al hoe meer deur die mens geïgnoreer en op die agtergrond geskuif word. Dit wil al hoe meer voorkom asof die *god* van die mens die *god* van mag en oorheersing geword het.

(13) *Minnares* en *minnaar* se frekwensies verander ook nie veel deur die loop van die verskillende tydperke nie. Aangesien die *rooi rose* vir die vrou skryf, word daar moontlik meer verwys na *minnaar*, omdat die vrou tradisioneel 'n *minnaar* het.

In die **90's** kom *minnares* vier keer voor. 2/4 van die voorbeelde verwys na *minnares* as iemand wat buite-egtelike verhoudings het, wat 'n negatiewe konnotasie het:

“Daar was tye – soms 'n jaar en een keer selfs drie jaar – dat sy uithuisigheid 'n vaste patroon aangeneem het. Dan was ek séker hy het weer 'n *minnares*. Ek het altyd verkies om te vermoed hy kuier by een vrou eerder as om in die bondel te vry. Dit was nie vir my so common nie.

In die **2000's** blyk dit dat *minnaar* en *minnares* nie onderwerpe is wat sommer voorgekom het in die *rooi rose* van daardie tydperk nie. *Minnares* kom maar een keer in die hele tydperk voor en *minnaar* 5 keer. 4/5 keer wat *minnaar* voorkom verwys dit egter na die Afrikaanse van, *Minnaar*.

Ons sepiesterre is mooier en aantrekliker as oorsese sterre. Kyk maar vir Brümilda van Rensburg, Michelle Botes, die aantrekklike Gys de Villiers en Dawid *Minnaar*.

(14) *Pianiste* en *pianis* kom beide min voor. *Pianis* het deurentyd die hoogste frekwensie (met 'n totaal van 0,38 teenoor die 0,08 van *pianiste*) en sedert die 80's kom *pianiste* glad nie voor in die korpus nie. Dis moontlik omdat dié beroep nie deur baie mense beklee word nie.

*Pianis* kom 25 keer in die hele *rooi rose*-korpus voor en *pianiste* verskyn net vier keer. Daar is geen voorbeeld waar die woord in die meervoudsvorm (wat dieselfde as die vroulike vorm is) voorkom nie.

In die onderstaande uittreksels word daar steeds duidelik onderskeid getref tussen die twee vorme:

LEE LE ROUX, 'n verslaggeefster by 'n tydskrif, word uit die bloute na die kantoor van die geharde tydskrifbaas Felix Lambert ontbied. Hy gee haar opdrag om ses maande lank saam met sy dogter Milisa na 'n afgeleë landgoed hoog in die berge te gaan waar sy klavierlesse by Bertha Roux-Conradie, 'n bejaarde *pianiste* moet gaan loop. Dié *pianiste* is veraf familie van Lee.

Nog nooit in die Britse musiek-geskiedenis was daar 'n *pianis* of 'n *pianiste* met die standhoudende gewildheid wat Eileen Joyce nog steeds geniet nie!

Daar is slegs een voorbeeld waar *pianis* pertinent na 'n vrou verwys. In die onderstaande uittreksel blyk dit die onderopskrif van 'n foto te wees waar 'n musiekgroep voorgestel word. Hier word die vroulike *pianiste* as *pianis* voorgestel:

29 MEI: Die Trio Con Brio. 5 JUNIE: Anneke Lamont (*pianis*);  
12 JUNIE: Mariel Ilusorio (klavier) en Juan Munoz (viool), internasionale musikante van Grahamstad. Hul eerste optrede by die Sononderkonserte.

Daar is ook net een voorbeeld in die algehele korpus waar *pianis* na 'n klavierspeler in die algemeen verwys (een van wie ons die geslag nie ken nie):

“My eerste duidelike onthou van my pa was toe ek so drie of vier jaar oud was. Wanneer hy sy operarolle ingestudeer het, het hy altyd 'n *pianis* gehad wat hom in sy ateljee begelei het. Ek is toegelaat om na die oefeninge te luister, op voorwaarde dat ek stil sit.

(15) *Slavin* en *slaaf* het regdeur 'n relatiewe lae frekwensie. *Slaaf* het telkemale 'n hoër frekwensie as *slavin*. *Slaaf* verwys nie net na die manlike nie, maar die metafore om selfstandige naamwoorde mee te beskryf, val ook elke keer terug na die manlike vorm:

Ons weet maar te goed hoe glibberig geld deur die vingers kan glip. En tog is geld 'n gewillige *slaaf*. Laat dit vir jou werk en kyk wat kry jy: Kapitaalwins. Sekuriteit. Gerief. Die lekkerkry van iemand wat weet hy of sy het met oorleg belê, goed belê.

„Jy moes liever nie na Wagter gekom het nie, Hendrik,” het sy gesê. Dit is wat hy nie kan uitpluis nie— as sy volslae *slaaf* van haar ideologie was, sou sy haar oor 'n medemens, veral een uit die Weste, bekommer het?

Daar is nie een Bybelse verwysing nie. *Slawe* en *slavinne* is nie meer vandag deel van ons moderne bestaan nie en kom uit 'n ander era uit. Tog blyk dit of die idee van slawerny (onderdanige werker wat hom / haar afsloof vir 'n eienaar) steeds inslag in die taal gevind het. Die meeste van die uittreksel-voorbeelde is metafores van aard en word nie letterlik bedoel nie:

HIERDIE bejammerenswaardige, ongelukkige vrou is seker reeds van kindsbeen af vertel dat sy die *slavin* in die huwelik moet wees! Sy sal dus alles wat sy tot dusver geglo en beleef het, moet vergeet voor sy haar van haar man sal kan losmaak. Op 36 jaar is dit egter nog nie te laat nie; trouens in dié omstandighede sal dit nooit te laat wees nie!

Kyk net hoe staar die beoordelaars hulle aan! Sy voel soos 'n *slavin* van ouds wat op die markplein verkoop gaan word.

(17) *Regisseuse* en *regisseur* is meestal konstant met *regisseur* wat regdeur die hoogste frekwensie het. *Regisseuse* het sedert die **2000's** heeltemal weggeval, moontlik omdat *regisseur* die neutrale term vir beide mans en vrouens geword het. Die heel laaste keer wat *regisseuse* gebruik is, is in die tydperk van die **90's** en daar kom dit slegs een keer voor. Vir die res van die tydperk van die **90's** word *regisseur* gebruik om beide geslagte aan te dui:

Een van die stukke wat Aletta toe op die planke gebring het, was die eerste Griekse drama in Afrikaans, Die vroue van Troje, saam met Truida Louw, die *regisseuse*.  
**90's**

Brandon October, Karen Zoid, Cutt Glas, Jennifer Jones en Karin Hougaard gaan die musiek maak en Jeanine Neetling is die musikale *regisseur*.  
**2000's**

Dis vir hom lekker om gereeld saam met ander skrywers en *regisseurs* te werk, soos Hanneke Schutte, wat ook die *regisseur* van Meerkat Maantuig is. Die werk aan die prent was 'n wegkomkans uit die 7de Laan-ateljee.  
**2010's**

(19) *Boerin* en *boer* is regdeur konstant. *Boer* kom regdeur die meeste voor en *boerin* kom slegs een keer in die tydperk van die **90's** voor. Dit blyk uit die onderstaande uittreksel wat handel oor die verhoudings tussen man en vrou en dit blyk asof die bekende uitdrukking: 'n *Boer* maak 'n plan verbuig is om ook die vrou by die boodskap te betrek.

Kinders grootmaak en kos kook mag nie as verskoning vir goeie tydsbenutting en onafhanklike ontwikkeling as mens gebruik word nie.  
'n *Boer* maak 'n plan. 'n *Boerin* kan ook, stel 'n vroulike huweliksraadgewer voor.  
"Groeï is die wagwoord. Groeï langs mekaar, leer bymekaar en kommunikeer met mekaar.

'n *Boervrou* is die vrou van die boer en nie die een wat self boer nie. *Boervrou* kom slegs 13 keer in die hele korpus voor. *Boervrou* (gespel met 'n hoofletter) kom 4/13 keer voor. Hierdie *Boervrou* verwys na die vrou van die Boerevolk ('n groep mense) en *boervrou* (met 'n kleinletter) verwys na die boer se vrou:

Emily Hobhouse het die *Boervrou* aan die einde van die negentiende eeu onder meer beskryf as "mooi en bestendig en vol gasvrye ingewings. Die *Boervrou* het 'n waardigheid en beleefdheid wat eerbied afdwing en daarby het sy 'n moedigheid en vasberadenheid wat vir niks stuit nie".

Ons is op pad na my kind se gradeplegtigheid in Grahamstad en al wat jy hoor is die polemiekie oor die jongste plaasmoord. Woorde soos "opstand", "politiek", "skiet die boer". As *boervrou*, hoe positief ook al, kruip die bekommernis in. Die kommer in my moederhart bly groei. Ek het my twee kinders mooi grootgemaak. Sal hulle hul plek in hierdie lewe wat ons vir hulle nalaat, kan vol staan? Elke geslag het nuwe doelstellings en nuwe uitdagings. Ons kan nie hul lewe vir hulle lewe nie.

(20) *Orreliste* en *orrelis* het beide regdeur 'n lae frekwensie met *orrelis* wat elke tydperk die meeste voorkom. Uit die weinig voorkomste van hierdie twee woorde, kan 'n mens die afleiding maak dat daar nie veel geskryf is oor *orreliste* en *orrelis* nie. *Orreliste* in die meervoudsvorm kom nie een maal in die korpus voor nie.

*Orreliste* kom slegs 2 keer in die *rooi rose*- korpus voor:

Effens geamuseerd vertel Pinto dat hy 'n aangename kind is: die buite-egtelike seun van 'n dominee en 'n *orreliste*.

*Orrelis* kom 9 keer in die korpus voor:

Die bruidegom betaal die lisensie en ook die gelde aan die kerk en *orrelis*, skenk die ruikers en gee geskenkies aan die meisies in die bruid se gevolg. Indien hy in die vermoë is, kan hy aanbied om te betaal vir die wyn by die onthaal.

Uit Tabel 6 is dit duidelik dat daar nie 'n definitiewe patroon (soos 'n drastiese toe- of afname in die manlike of vroulike vorm) waargeneem kon word betreffende die woorde wat hier bo bespreek is nie.

Daar was wel woorde waar 'n pertinente patroon deur die loop van tyd waargeneem is, soos 'n toe- of afname van die manlike of vroulike vorm oor die verloop van 70 jaar. Die gebruiksfrekwensie van hierdie woorde word in 'n tabel (Tabel 7) aangebied.

Ek het handmatig gaan soek wanneer hierdie woorde se gebruik toe- of afgeneem het. Ek het die konkordansies deurgewerk en getel hoeveel keer die manlike vorm pertinent na 'n vrou verwys het. In baie van die gevalle het die manlike vorm toegeneem en die vroulike vorm afgeneem en selfs verdwyn. In Tabel 7 het ek die presiese getalle gegee om vas te stel of die betrokke beroep (waar die vroulike vorm afgeneem of verdwyn het) nie meer deur vrouens bekleed word nie en of die manlike vorm maar net die norm en neutrale woord geword het en nou van toepassing is op beide mans en vrouens.

Ek het net die manlike vorm ondersoek, aangesien ek wou vasstel of die manlike vorm deur die loop van tyd (veral in die latere tydperk) ook vir vrouens gebruik word.

In Tabel 7 het ek die soekwoord in elke tydperk handmatig gaan tel hoeveel keer dié betrokke woord vir vrouens ook gebruik word. Let wel: Die manlike referent kan ook oorkoepelend as die neutrale vorm gebruik word (wanneer daar nie sekerheid is of die persoon na wie daar verwys word 'n man of 'n vrou is nie). Hierdie neutrale vorm het ek as 'n verwysing na 'n manlike referent beskou.

**Tabel 7: Absolute frekwensies van manlike en vroulike referente in elke tydperk**

Soekwoord	40's - 60's					70's					80's				
	To-taal	manlike referent		vroulike referent		To-taal	manlike referent		vroulike referent		To-taal	manlike referent		vroulike referent	
	#	#	%	#	%	#	#	%	#	%	#	#	%	#	%
<b>1 skrywer</b>	36	36	100	0	0	25	25	100	0	0	18	15	83,3	3	16,6
<b>2 akteur</b>	22	22	100	0	0	4	4	100	0	0	16	16	100	0	0
<b>5 redakteur</b>	33	33	100	0	0	9	9	100	0	0	22	9	40,9	13	59,1
<b>8 vriend</b>	114	114	100	0	0	88	88	100	0	0	53	53	100	0	0
<b>10 onderwyser</b>	19	19	100	0	0	7	7	100	0	0	5	5	100	0	0
<b>11 haar-kapper</b>	4	4	100	0	0	10	10	100	0	0	10	10	100	0	0

<b>16 werker</b>	1	1	100	0	0	1	1	100	0	0	12	10	83,3	2	16,6
<b>18 eienaar</b>	13	13	100	0	0	15	15	100	0	0	26	26	100	0	0
	<b>90's</b>					<b>2000's</b>					<b>2010's</b>				
Soekwoord	To-taal	manlike referent		vroulike referent		To-taal	manlike referent		vroulike referent		To-taal	manlike referent		vroulike referent	
	#	#	%	#	%	#	#	%	#	%	#	#	%	#	%
<b>1 skrywer</b>	34	27	79,4	7	20,6	60	49	81,6	11	18,3	135	92	68,1	43	31,8
<b>2 akteur</b>	34	33	97	1	2,9	19	18	94,7	1	5,3	87	84	96,5	3	3,4
<b>5 redakteur</b>	15	8	53,3	7	46,6	23	5	21,7	18	78,2	52	45	86,5	37	71,1
<b>8 vriend</b>	61	60	98,3	1	1,6	55	55	100	0	0	73	73	100	0	0
<b>10 onderwyser</b>	11	10	90,9	1	9,1	14	11	78,5	3	21,4	13	11	84,6	4	30,8
<b>11 haar-kapper</b>	13	12	92,3	1	7,7	4	4	100	0	0	3	2	66,6	1	33,3
<b>16 werker</b>	14	12	85,7	2	16,6	2	0	0	1	100*	10	3	30	7	70
<b>18 eienaar</b>	23	19	82,6	4	17,3	34	30	88,2	4	11,7	24	18	75	6	25

### (1) Skryfster en skrywer:

Volgens tabel 6 se relatiewe frekwensie is dit duidelik dat *skrywer* sedert die jare 40 die hoogste frekwensie van die geselekteerde groep woorde vertoon, en dat die gaping tussen *skrywer* en *skryfster* net groter word teen die einde van die **2010's**. Reeds met die eerste oogopslag bly dit dat *skrywer* die mees algemeen gebruikte vorm geword het.

*Skrywer* se frekwensie is regdeur die tydperke die hoogste, maar dit is opvallend dat die gaping tussen die frekwensies van *skrywer* en *skryfster* groter en groter word vanaf die **70's**. In die **2010's** kom *skryfster* mininmaal voor en dit blyk dat *skrywer* die algemene woord word wat na beide mans en vrouens verwys.

Met nadere ondersoek blyk dit dat *skrywer* in die jare **80's** vir die eerste keer na 'n vroulike referent verwys. 16,6% van die frekwensies van *skrywer* verwys na vrouens. In die volgende tydperk (**90's**) word die persentasie waar *skrywer* na vrouens verwys hoër: 20,6%. In die **2000's** taan die persentasie weer 'n bietjie en in die **2010's** verwys *skrywer* 31,8% na vrouens.

In die eerste konkordansie uit die tydperk **40's - 60's** is daar 'n duidelike onderskeid tussen *skryfster* en *skrywer*, selfs in die meervoudsvorm:

En watter *skryfsters* en *skrywers* sal ek dan anders bedoel as dié wat vir Rooi Rose skryf? Laat ek sommer vroegtydig waarsku dat ek myself geensins onder hierdie geleedere reken nie. Nee wat, ek is g'n *skryfster* nie, nog minder 'n *skrywer*. Ek is sommer 'n kletskaus.

Met hierdie aanhaling is dit duidelik dat daar in die vroeëre tydperk nog 'n pertinente onderskeid getref word tussen die manlike en vroulike vorm. Trouens – die persoon wat hierdie geskryf het, laat dit byna klink asof die *skrywer* hoër aansien het deur te sê dat sy minder van 'n *skrywer* as 'n *skryfster* is.

Sowat 'n dekade later (in die **50's**) kom die volgende konkordansie in die korpus voor, wat aandui dat *skrywer* wel in die vroeëre tydperk ook vir die neutrale, of oorkoepelende referent gebruik is waar daar in 'n skryfkompetisie na die beste skrywer gesoek word.

In hierdie uittreksel uit die **50's** is die opsetlike onderskeid tussen mans en vrouens baie duidelik:

Die duisende *lesers* en/ *leseresse* van „Rooi Rose” is dierbare mense. Dit blyk veral uit die briewe wat hulle aan my skryf. Dis mooi briewe, wat spreek van egte belangstelling in my en my werk en ek wil dan ook aan al die *skrywers* en *skryfsters* baie dankie sê.

Gedurende die **70's** is daar nog 'n duidelike onderskeid tussen die manlike en vroulike vorm (*skrywer* en *skryfster*), maar in die **80's** begin daar 'n verandering intree met die gebruik van die woord en hier word *skrywer* vir die eerste keer – pertinent – aan 'n vrou toegeken. 16,6% van die totale keer wat *skrywer* gebruik word, verwys dit na die vroulike referent. Daardie persentasie neem toe na 20,6% en weer 18,3% in die **2000's**. In die **2010's** is dit duidelik dat *skrywer* al hoe meer inslag vind as die woord wat vir beide manlike en vroulike referente gebruik word, met 31,8% van die totale gebruik.

Uit die onderstaande uittreksels uit die **70's** is dit duidelik dat die onderskeid tussen mans en vrouens steeds algemeen gebruik word:



Die *skryfster* het *haarself* 'n uiters moeilike taak opgelê. Dat sy daarin slaag om nie dié verhaal in valsheid of in sentimentaliteit te laat versink nie, kan in hoë mate toegeskryf word aan haar sobere taalgebruik, en aan die sublimering van die gevoel waaruit sy skryf.

Ek kry die indruk dat die *skrywer* nie veel respek vir sy lesers het nie en dat u skryfwyse van hierdie aard goedkeur.

In die **80's** is daar ook steeds 'n pertinente onderskeid tussen *skryfster* en *skrywer*, maar hier word *skrywer* ook gebruik as die oorkoepelende term as die geslag van die persoon nie bekend is nie:

Daarby was daar 'n gebrek aan titteltjies, die puntjies wat 'n sin onderbreek wanneer die *skrywer* liewer dinge aan die leser se verbeelding wil oorlaat.

In die **2000's** kom die woord *skryfster* maar twee keer voor in die hele korpus – dit is nie omdat daar nie meer oor vroulike skrywers geskryf word nie, dit is omdat die woord *skrywer* in hierdie tydperk al hoe meer vir beide die mans en vrouens begin gebruik is. Dit is opvallend om te sien dat *skrywer* nou ook vir die vrou gebruik word, maar die vroulike vorm, *onderwyseres* word steeds gebruik:

Susan Olivier speel aksienetbal, Annetjie van Tonder is 'n oud-onderwyseres, Bets Smith is 'n onderwyseres, Hetta Kotze doen evangelisasiewerk, Marie Britz was 'n skoolhoof en Marijke Greeff is op 37 die jongste *skrywer* in die groep.

In die **2010's** kom *skryfster* slegs vier keer voor in die hele korpus en blyk dit eerder die uitsondering as die reël te wees. Dit wil voorkom asof *skrywer* nou amptelik die gekose woord is en dat die onderskeid tussen die manlike en vroulike vorme nou oorbodig is.

Daar is dus 'n duidelike toename in die gebruik van *skrywer* wat nie net meer op mans van toepassing is nie, maar ook op vrouens.

## (2) Aktrise en akteur:

Volgens tabel 7 blyk die statistieke van *akteur* en *aktrise*, bietjie anders as die meeste van die ander woorde in die ondersoek, te wees. *Aktrise* is die frekwentste woord in al die tydperke tot en met die **2000's**. In die **2010's** het *akteur* vir die eerste keer die hoogste frekwensie gehad. *Akteur* word hier teen die laaste uitgawes wat ondersoek is, die frekwentste woord. Die rede hiervoor kan wees omdat *akteur* in hierdie tydperk nie meer net vir die man gebruik word nie, maar ook vir die vrou.

*Akteur* se frekwensie het deur die loop van die verskillende tydperke nie toe- of afgeneem nie en in byna elke tydperk verskil die hoeveelheid kere wat hierdie woord voorkom.

In **2010** is daar duidelik een voorbeeld waar *akteur* na die vrou verwys, maar *akteur* word voorafgegaan met *vroulike*. Dit blyk dat die artikelskrywers, of die taalversorgers van *rooi rose* steeds by tye geneig is om te wil onderskei tussen die manlike en die vroulike:

Sy was net elf toe sy as Hermione Granger in die eerste Harry Potter-fliek verskyn het (2001). In 2010 was sy die hoogs betaalde vroulike *akteur* in Engeland en het in 2009 sowat £19 miljoen verdien.

In bogenoemde uittreksel is die gebruik van “vroulike” *akteur* funksioneel aangesien daar al vir jare reeds groot kontroversie heers oor die sogenaamde “pay gap” tussen manlike en vroulike akteurs – veral in Hollywood. Dr. Sophia Sanchez het in ’n 2019-studie (gepubliseer op die Universiteit van Huddersfield se webblad) die volgende bevind: “Women stars earn around US\$1.1m less than male actors with similar experience, based on new research findings. The gap appears to shrink a bit among higher earners but even among actors that have ten years or more of experience the difference remains statistically significant.”

Daar is ook steeds die onderskeid tussen *akteur* en *aktrise* wanneer daar in onderhoude gesels word (2010). *Aktrise* het dus in die laaste tydperk nie heeltemal verdwyn nie, hoewel die gebruik daarvan begin taan het. Hier onder volg ’n uittreksel van ’n onderhoud wat gevoer is met *akteur* (van die nuwe Fiela se kind), Gerald Copeland Steyn:

Gunsteling-akteur en -aktrise?

*Akteur*- te veel om op te noem! Maar mense soos Harrison Ford, Jack Nicholson, Al Pacino, Nicholas Cage en Mel Gibson. Emily Blunt is my gunsteling-*aktrise*.

#### (5) Redaktrise en redakteur:

Volgens tabel 7 is dit duidelik dat *redaktrise* tot en met die jare **70's** die frekwentste woord is (dit is opmerklik, aangesien die *rooi rose* eers in 1961 hul eerste vroue-*redakteur* gehad het. Aan die ander kant, is daar nie baie data vir die **40's - 60's** nie). In die **80's** is *redakteur* weer die frekwentste en dan (in die **90's**) is *redaktrise* weer die woord met die hoogste frekwensie. Daarna taan die gebruik van *redaktrise* in die **2000's** totdat dit heeltemal verdwyn en in die dekade van die **2010's** nie eers een keer voorkom nie.

*Redaktrise* en *redakteur* se voorkoms oor die tydperke is baie wisselvallig. In die vroeëre tydperk (**40's - 60's**) kom *redaktrise* aanvanklik baie meer voor as *redakteur* en dan neem *redakteur* weer die voortou. Let daarop dat die eerste amptelike vroulike redakteur (Susan de Winter) reeds in 1961 die leisels oorgeneem het. 'n Paar tydperke (ongeveer twee dekades) later, is dit weer *redakteur* wat die meeste voorkom en in die negentigerjare, tree *redaktrise* weer op die voorgrond.

In die **40's - 60's** word daar nog steeds pertinent onderskeid getref tussen *redakteur* en *redaktrise*:

Die artikels van Trynie, die Tikster, lees ek veral graag, want sien, ek ken al daardie mense oor wie sy gesels, soos Eddie en die *redaktrise* en die *redakteur*. Arme Trynie! Ek kry haar partymaal jammer, maar sy sal regkom, want sy is nog jonk.

Ná die **80's** verander bogenoemde drasties en word meer as die helfte van die gebruik van *redakteur* aan die vroulike referent toegeken. In hierdie onderstaande uittreksel waar die redaksie van die *rooi rose* voorgestel word, word mans en vrouens in dieselfde asem slegs *redakteurs* genoem – sonder enige onderskeid:

REDAKTEUR

Irma Louw

Sekretaresse- Antoinette van Heerden  
ASSISTENT-REDAKTEUR  
Lizette Jonker  
HOOFSUBREDAKTEUR Fanie Hattingh  
SUBREDAKTEURS Minja Martin, Magrieta  
Grobler

In die **90's** is dit opmerklik om 'n uittreksel uit een van die *rooi rose* te lees wat te make het met die feit dat woorde begin neutraliseer het en dat daar nie meer onderskeid tussen manlike en vroulike vorme gemaak is nie:

Ek sien daar staan duidelik: *Redaktrise* Joan Kruger. Maar dit kan mos nie? Nie in die hedendaagse tyd waar alles aan die verander is nie? Of het ek dalk verkeerd gehoor 'n tydjie gelede toe die slim mense verduidelik het 'n *redakteur* is 'n *redakteur*, of hy/sy nou man of vrou is. En só nog baie ander goeters, soos onderwysers, diakens, ensovoorts.

In die **2000's** is *redakteur* weer die gekose woord en in die **2010's**, het *redaktrise* heeltemal in onbruik verval en word slegs *redakteur* gebruik. Heel moontlik is daar finaal besluit om die tendens van die wêreld aan te hang deur net een term vir die beroep te gebruik – ongeag of dit 'n man, of 'n vrou is.

Die skermkoot op die volgende bladsy dui die verskil in frekwensie tussen *redakteur* in die **40's - 60's** (korpus 12) en die **2010's** (korpus 2) aan:

▼ Corpus	Corpus 2	▼ Frequency	▼ Dispersion	▼ Type
Type	▼ Frequency: 01 - Freq	Dispersion: 01_CV		
redakteur	52.000000	0.313629		
dorp	52.000000	0.592919		
winkel	52.000000	0.549333		
gedrag	52.000000	1.002331		
bottel	52.000000	0.629751		
dunn	52.000000	0.364509		
lippe	52.000000	0.598906		
liter	52.000000	0.589938		
pietersielie	52.000000	0.795450		
album	52.000000	0.533023		
susan	52.000000	2.681462		
wêreldwyd	52.000000	0.698839		
belangrikste	52.000000	0.584401		
behalwe	52.000000	0.526696		
lus	52.000000	0.430652		
vertolk	52.000000	0.697351		

  

▼ Corpus	Corpus 12	▼ Frequency	▼ Dispersion	▼ Type
Type	▼ Frequency: 01 - Freq	Dispersion: 01_CV		
redakteur	33.000000	1.341764		
ligter	33.000000	0.575503		
vergesel	33.000000	0.730026		
paadjie	33.000000	0.565205		
gedraai	33.000000	0.568592		

### (8) Vriendin en vriend:

Uit tabel 6 kom *vriend* tot en met die **80's** die meeste voor en sedert die **90's**, word *vriendin* die meeste aangetref in die korpus. Hiermee kan 'n mens sien dat *rooi rose* vir die vrou en haar leefwêreld skryf en is dit te verstane dat *vriendin* die hoogste frekwensie het, ten spyte van die feit dat *vriendin* slegs aan die vroulike referent toegeken kan word.

Dit blyk uit die SWIK-reëls dat *vriend* in vandag se tyd steeds die gekose vorm vir slegs die man is en dat daar steeds baie pertinent onderskei word tussen 'n *vriend* en 'n *vriendin* (wat uitsluitlik vir vrouens gebruik word).

In die **90's** is dit opvallend om te sien dat daar 1 voorbeeld is waar *vriend* gebruik word om na 'n vrou te verwys. By nadere ondersoek met die konkordansie, het dit geblyk dat dit die direkte woorde van 'n man was met wie daar 'n onderhoud gevoer is. In die onderhoud verwys hy na sy ma (vroulik) as sy beste *vriend*. Moontlik is dit sy idiolek wat daar deurgeslaan het, of dalk is dit net 'n taalfout van sy kant af gewees. Duidelik

het die joernalis besluit om nie sy woorde te verander nie en het dit net so geplaas in die artikel:

“Dit was nooit ’n gesagsverhouding nie, maar ’n speelse verhouding. Ons het mekaar warm gebroei en koud geblaas. Ons het lang briewe vir mekaar geskryf en geheime gedeel. My ma is die beste *vriend* wat ek ooit gehad het. Sy was die invloedrykste mens in my lewe.”

Dit is duidelik dat *vriend* en *vriendin* steeds sterk gewortel lê in die Afrikaanse taal en dat hierdie twee woorde nie dieselfde paadjie volg as die bogenoemdes nie.

In die onderstaande uittreksel van die **40's - 60's** is dit interessant om te sien dat *vriend* wel ook die vroulike term insluit. Die skrywer onderskei dat ’n *vriend* (in hierdie geval ’n *vriend* oor die algemeen, van wie die geslag onbekend is) beide manlik of vroulik kan wees deur pertinent beide die besittlike voornaamwoorde by te voeg:

Maar besef die skrywer van die artikel watter skok dit vir die samelewing oftewel die maatskappy is as daar ’n moord gepleeg word? Het my *vriend* hom of haar al probeer indink watter skok dit vir daardie familie is van wie daar een vermoor word?

Dit blyk egter dat *vriend* ook steeds die oorkoepelende woord bly vir wanneer die geslag van die persoon onbekend is, soos te sien in die uittreksels uit die **70's** waar pryse gewen kon word:

Twee maande se gratis bioskoopkaartjies vir die wenner en ’n *vriend* by enige Kinekor-kinderklub. Kinekor-kinderklubs bestaan in al Suid-Afrika se stede en groot dorpe.

Die onderstaande uittreksel is die sogenaamde voorspellings vir sterretekens en ook hier word *vriend* oorkoepelend gebruik vir beide die geslagte. Dié uittreksel kom uit die **80's**:

Nuus of ’n vergadering vroeg in die week kan tot jou probleme bydra. Die rede is dat jy te veel vir iemand of iets omgee. Probeer jou hart teenoor ’n betroubare *vriend* uitpraat. Geld wat jy dringend nodig het, behoort jou oor sowat tien dae te bereik.

In nóg 'n uittreksel uit die **80's** noem 'n vrou haarself 'n *vriend*:

Die mooi blondkopma het getrou toe sy 19 was en sê 'n vrou kan net soveel foute in haar huwelik begaan, selfs al is sy ouer.

"'n Jong ma het soveel meer pret met haar kinders. Jy beskou jou as 'n *vriend* en word saam met hulle ouer"

In die **90's** is 'n voorbeeld van waar *vriend* ook in 'n ander konteks gebruik kan word. 'n Spesiale (vaste) *vriend* sal 'n kêrel wees, iemand met wie 'n meisie vas uitgaan:

Sy't 'n vaste *vriend*, André. Hy's nie 'n akteur nie, maar werk ook in die rolprentbedryf.

In die **2000's** is daar ook 'n voorbeeld waar *vriend* die verkose term is wat gebruik word as die geslag van die een van wie gepraat word, onduidelik is:

Die oefeninge vir vetverbranding kan maklik by die huis gedoen word, maar vir die ander programme het jy sekere gimtoerusting nodig. Daar is ook nuttige vraag-en-antwoord-bladsye wat probleme oplos. Toe nou, inspireer 'n *vriend*, metgesel of kind en durf dit aan. En dis net 20 minute...

In die **2010's** blyk dit steeds dat *vriend* en *vriendin* albei gebruik word en dat die onderskeid tussen die manlike en vroulike vorm steeds sterk in die taal gewortel lê:

Shaun se beste *vriend* en haar beste *vriendin* het hulle aan mekaar voorgestel. Toe hy haar 'n ruk later kontak, was sy gelukkig sonder enige verbintenis en weer in voeling met haarself.

Dit wil voorkom of die pertinente onderskeid tussen *vriend* en *vriendin* steeds vasgewortel is in die Afrikaanse taal en dit lyk nie of hierdie onderskeid gaan verander nie.

### (10) **Onderwyseres en onderwyser:**

In tabel 6 is daar 'n relatiewe gelyke hoeveelheid kere wat beide *onderwyser* en *onderwyseres* voorkom. In totaal kom *onderwyseres* 1,97 keer voor en *onderwyser* 1,09. In die **40's - 60's** is dit duidelik dat die onderwys 'n beroep was wat hoofsaaklik deur mans beklee is te wyte aan die hoër frekwensie van *onderwyser* teenoor *onderwyseres*. In die **80's** blyk dit dat daar 'n sterk toename in die aantal *onderwyseres* is en van daaraf lyk dit asof die speelveld gelyk word – trouens, in die **2000's** kom *onderwyseres* en *onderwyser* ewe veel kere voor.

Vanaf die **40's** tot en met die **80's** word daar nooit na die vroulike referent verwys wanneer *onderwyser* gebruik word nie. Eers in die **90's** word *onderwyser* vir die eerste keer as 'n vroulike referent aangedui. Van daaraf styg dié gebruik met byna 30% vanaf die **2000's** tot en met die **2010's**.

In die **40's - 60's** is daar steeds 'n duidelike onderskeid, behalwe in die meervoudsvorm. Die meervoudsvorm sluit beide geslagte in, soos gesien in die onderstaande uittreksel:

Maar in die meeste gevalle kom die versoeke van mense digby of oor die veertig jaar wat ontevrede is in hul roeping— mense vir wie hul werk vir hulle 'n las geword het. En dit sluit in *onderwysers*, dokters, predikante, advokate, boere en so baie ander van wie ek voortdurend hoor. Ek het met die mense medelye, want daar kan seker nie 'n groter hel op aarde wees as om jouself jaar in en jaar uit besig te hou met werk waarvan jy nie hou nie.

In die onderstaande uittreksel uit die **70's** kan *onderwyser* binne dié konteks na beide die manlike en vroulike verwys. *Hy* is die voornaamwoord wat saam met *onderwyser* gebruik word:

Die ideaal is dat die kind reeds op skool sal leer om taamlik onafhanklik te werk, d.w.s. om nie te swaar op die *onderwysers* te leun nie. Daar is egter sekere leerplanne voorgeskryf en elke *onderwyser* probeer sy bes om sy leerlinge „deur matriek te kry.”



In die **80's** word *onderwyser* vir die man gebruik, sowel as vir die een van wie die geslag onbekend is:

In 1970 is sy gevra om in bourekenkunde les te gee aan die UPE, en daarmee was sy deels terug in die onderwyswêreld waartoe 'n inspirerende *onderwyser* haar destyds wou beïnvloed.

*Onderwyseres* is egter steeds gewortel in die taal soos wat gesien kan word in die frekwensie van gebruik Tabel 6 en dit word nog tot in die **2010's** algemeen gebruik – saam met *onderwyser* (totale relatiewe frekwensie deur die loop van ongeveer 80 jaar van *onderwyseres* is 1,97 en van *onderwyser* is 1,09). Hier onder volg nog 'n paar noemenswaardige voorbeelde uit die korpus:

My storie het op 20 Mei 2003 begin toe die skoolhoof my na sy kantoor kom ontbied het. Ek was toe al meer as 15 jaar lank 'n *onderwyseres*. Ek het 'n *onderwyser* geword omdat ek 'n passie vir kinders het; hulle is soos sponse, hulle is só ontvanklik en het soveel potensiaal. Ek het nog altyd geglo dat vandag se kinders ons toekoms gaan bepaal, en die onderwys was my manier om in die toekoms te belê.

Bovermelde uittreksel kom uit die korpus van die **2000's** en hier is dit opvallend om te sien dat die *onderwyser(es)* in dieselfde sin na haarself verwys as beide 'n *onderwyseres* en 'n *onderwyser*.

Daarom kry elke manlike *onderwyser* hierdie maand 'n Vadersdagkaartjie namens al die kinders in sy skool. En elke sportafrigter en Voortrekkeroffisier ook.

Bovermelde uittreksel kom ook uit die korpus van die **2000's**. Hier is dit opvallend om te sien dat daar gespesifiseer word dat dit die manlike *onderwysers* is wat kaartjies gekry het alhoewel lesers miskien sou verstaan dat daar met *onderwyser* na manlike *onderwysers* verwys sou kon word. Dit is duidelik dat die gebruik van *onderwyser* as beide manlike en vroulike vorm hier reeds inslag gevind het en nou blyk dit asof die sprekers 'n ander manier moet gebruik om te onderskei tussen die manlike en vroulike *onderwyser*. Dit laat die vraag of hierdie onderskeid nie net 'n natuurlike verskynsel is nie en dat die mens soms nodig het om te kan onderskei tussen die twee geslagte.

### (11) **Haarkapster en haarkapper:**

Volgens tabel 6 is *haarkapper* van die staanspoor af die woord met die hoogste frekwensie en sedert die **70's** word die gaping tussen die twee woorde se gebruik net groter. Sedert die **2000's** blyk dit dat *haarkapster* heeltemal in onbruik verval het aangesien dit nie eers eenmaal voorkom nie.

In die **40's - 60's** is daar drie voorbeelde waar *haarkapster* voorkom. Hier word daar wel onderskei tussen die twee geslagte, maar dis opmerklik dat die enigste vier voorbeelde waar *haarkapper* gebruik word, dit nie een keer pertinent na 'n man verwys nie, maar na die *haarkapper* in die algemeen:

My plattelandse vriendinne kla altyd dat ons hier in die stede meer bevoorreg is omdat ons naby goeie *haarkappersalonne* is. Hulle sal egter verbaas wees as hulle weet hoe min van ons dit kan bekostig om elke week ons hare te laat „doen.” Ons „doen” dit maar self, eksperimenteer met die nuwe kleurmiddels, draai self ons hare in met dieselfde soort rollers en penne as wat die *haarkapper* gebruik.

In die **70's** is die mees algemene gebruik *haarkapper*, maar dit dui telkemale op die *haarkapper* in die algemeen, wanneer 'n mens nie seker is oor sy/haar geslag nie:

Kort hare kan maklik versorg word, maar dit is nie 'n rede om dit te verwaarloos en dit slordig te laat lyk nie. Die geheim lê in 'n goeie kapsel en sorg dus dat 'n professionele *haarkapper* jou hare sny.

In die **70's** kom *haarkapster* maar slegs twee keer voor. In die onderstaande uittreksel is dit opvallend dat die spreker pertinent 'n punt daarvan maak om die vroulike vorm te gebruik, aangesien hy/sy dit in dieselfde asem ook doen met juweelontwerpster:

Miskien sal ek ook maar iets anders moet soek om my later aan die gang te hou. Ek... ek is nie eintlik 'n *haarkapster* nie. Ek... ek het dit maar net aangeleer omdat hierdie winkel nog altyd 'n droom van my was. Ek... ek is 'n juweelontwerpster."

In die **80's** kom *haarkapster* maar drie keer voor in die hele korpus:

Sy het die storm oorleef, en die beskimmelde *haarkapster* het haar ontpop in 'n selfversekerde beroepsvrou wat met gesag oor haar terrein praat. Sy weet waar die skat begrawe is.

*Haarkapper* kom (in die **80's**) tien keer voor en 9 uit die 10 keer verwys *haarkapper* na die *haarkapper* in die algemeen, van wie die geslag nie bekend is nie. Slegs een keer verwys *haarkapper* na 'n man:

Haar man is 'n *haarkapper* en hoewel sy liefde en seks as belangrik bestempel, het sy nog nooit ten volle bevrediging gekry nie. Anna en haar man praat nooit oor seks nie.

*Haarkapper* het uit die hele korpus slegs 2 voorbeelde waar die term pertinent aan die vroulike vorm toegeken word. Wanneer daar terugverwys word na tabel 7 met die relatiewe frekwensies sien mens ook dat *haarkapper* se frekwensies deur die loop van die tydperke telkens die hoogste is. En sedert die **2000's** kom *haarkapster* nie eers een keer voor nie. Aangesien *haarkapster* in die laaste twee dekades glad nie meer voorkom nie, kan 'n mens die gevolgtrekking maak dat *haarkapper* die beroepsnaam vir beide die man en vrou is.

Die onderstaande uittreksel uit die **2000's** is maar een van vele waar *haarkappers* as die algemene term gebruik word en beide manse en vrouens insluit:

Maar ek sal moet toegee: tye het verander. In die ou dae het die mans die vroue aangetrek. Al die modeontwerpers was mans. En hulle het die vroue aangetrek om vir die mans mooi te lyk. Die beste *haarkappers* was mans en die goeie grimeerders ook. Buitendien het die mans op die hoë stoele gesit en die vroue uit mansposisies geweer. Wie kon nou dink vroue kan ingenieurs word, of tandartse, soldate en vlieëniers? Of selfs motor bestuur en stem? Mans was stewig in die saal.

In die korpus van die *rooi rose* word *haarkapper* egter (by nadere ondersoek met konkordansies) in die meeste gevalle neutraal gebruik, byvoorbeeld: "Gaan spreek jou *haarkapper*", of "Die *haarkapper* op die dorp".

(16) **Werkster en werker:**

Met die ondersoek van die relatiewe frekwensies (tabel 6) kom *werkster* in die eerste twee tydperke meer voor as *werker*. Moontlik omdat die *rooi rose* vir die vrou en oor die vrou geskryf is en daarom is vrouens op die voorgrond van die artikels. Ná die **80's** begin *werker* met rasse skrede die voortou as die hoogste frekwensie neem en in die **2000's** en **2010's** kom die woord *werkster* glad nie meer voor nie.

In die **80's** is 16, 6% van die verwysings van *werker*, vroulik en in die **2010's** is die voorkoms van *werker* as vrouens 70%.

In die **80's** hang *werkster* sonder uitsondering saam met maatskaplike. *Werkster* kom in geen ander konteks voor nie :

'n Maatskaplike *werkster* vertel dat sy nie daarvan bewus is dat sulke hofbevele nog ooit die vroueslaner van sy gewelddadigheid genees het nie.

By nadere ondersoek is dit opvallend om te sien dat die verwysings na *werker* as vrou uitsluitlik skakel met *maatskaplike*. Dit kan 'n moontlike aanduiding wees dat die rol van maatskaplike werkers hoofsaaklik deur vrouens vervul word.

In die **2000's** is daar weer slegs twee voorbeelde van *werkster* (wat beide met maatskaplike saamhang). Aan die ander kant hang maatskaplike (en sosiale) ook saam met *werker* (van wie mens nie die geslag ken nie) - 12/12 keer. Dus word *werker* in geen ander konteks as maatskaplik gebruik nie. In die onderstaande uittreksel verwys *werker* na 'n vrou:

Vandag is sy 'n gekwalifiseerde sosiale *werker*, deur eie teëspoed toegerus om meegevoel met ander se lyding te hê.

Hier onder is 'n uittreksel uit die korpus wat verwys na die maatskaplike *werker* as sy en dit was geen uitsondering nie. Al die verwysings van die **2000's**, was vroulik.

Die kliniese sielkundige en maatskaplike *werker* se werk oorvleuel dikwels en hulle werk nou saam. Die maatskaplike *werker* kan byvoorbeeld vir 'n werklose pa 'n betrekking kry. Sy sal ook na die dogter se beskerming omsien en vir haar geskikte pleegsorg vind as sy die huis moet verlaat, terwyl die sielkundige die gesin vir hul

sielkundige probleme behandel en hul gedragpatrone deur terapie probeer verander.

In die **2010's** het *werkster* verdwyn en word slegs *werker* gebruik om die groot groep, die man en die vrou mee voor te stel:

Ek dink vroue kry moed om dit op hul eie manier te doen omdat dit die potensiaal bied om gemeenskappe ten goede te verander. Ons het 22 *werkers* waarvan 70% vroue is.”

### (18) **Eienares en eenaar:**

Met die relatiewe frekwensie ondersoek, is dit duidelik dat *eenaar* regdeur die jare verreweg die hoogste frekwensie het. Regdeur die tydperke tot en met die **90's** is dit, by nadere ondersoek, ook duidelik dat *eenaar* ook net aan die manlike referent toegeken word.

In die tydperk van die **90's** verander hierdie prentjie en word dit duidelik dat die woord *eenaar* ook vir vrouens gebruik word. Tot soveel as 25% in die **2010's**.

In die tydperk van die **40's - 60's** het *eenaardig* ook opgeduik, maar uit die aard van die saak is dit nie by die totale frekwensies getel nie.

*Eienares* kom maar in totaal 6 keer in die tydperk van die **40's - 60's** voor. Verder verwys *eenaar* na mans sowel as die algemene eenaar (van wie die geslag nie bekend is nie). Wanneer *eenaars* (in die meervoudsvorm) gebruik word, sluit dit beide die geslagte in):

Maar waarom nie? Dit is 'n gesig. Net soos alle ander gesigte. En Laura kan ten minste seker wees dat die werklike *eienares* van daardie gesig haar nooit eendag van aangesig tot aangesig sal ontmoet nie.

SOMTYDS is daar in 'n huis 'n kamertjie wat uiters klein is en wat oorspronklik vir 'n sekere doel gebou is maar wat 'n wit olifant vir latere *eenaars* geword het.

In die **80's** kom *eienares* maar twee keer in die hele korpus voor, maar dit is ook opvallend om te sien dat *eienaar* ook hier slegs na mans en die algemene *eienaar* (van wie die geslag onbekend is) verwys. Die kere wanneer daar na *eienares* verwys word, verwys die teks na 'n baie spesifieke vrou. Dit wil byna voorkom asof daar nie werklik berig gelewer is oor vrouens wat *eienaars* van besighede of eiendom was nie:

“Ons was gaande oor die Mikimoto-pêrelplaas in Japan en die pêrelboetieks,” vertel die *eienares* van drie sake-ondernemings in Pretoria.

Marianna en haar man se droom het gou waar geword. Die juweleboetiek is verlede jaar geopen en sedertdien kon hulle net nie voorbly om juweliersware aan hul klante te voorsien nie.

In die **90's** kom *eienares* ook slegs twee keer in die hele tydperk voor. Die onderstaande uittreksel verwys weereens na 'n spesifieke vrou oor wie daar berig gelewer is:

Die binneversiering verklap allermens dat die *eienares* van die huis soms tot nege maande van die jaar nie tuis is nie. Annie se huis is net een woord pragtig: van die gegote ystervoorhek wat sy self ontwerp het, verby die gebrandskilderde glas van die voordeur (wat sy ook, net soos die dakvenster van die boonste verdieping, self ontwerp het) en die sit- en eetkamer met hul kosbare versamelings porselein en silwer, tot by die reusagtige Boere-Griekse kombuis met sy groen rottangmeubels en ligblou kaste.

*Eienaar* kom 23 keer voor en hier in die **90's** verwys dit nie net na mans en *eienaars* in die algemeen nie, maar dit verwys ook na vrouens. Dus blyk dit asof die **90's** byna die oorgangstyd is waar beide *eienares* en *eienaar* gebruik is om na vrouens te verwys:

Pro-Nail Dynamics se hoofkantoor staan in die middel van Pretoria. Alida van der Merwe is die dryfveer agter die unieke kunsnael-tegnologie wat daar gebruik word. Die doel van dié naels is om die natuurlike nael te beskerm en beter te laat groei terwyl hul *eienaar* met 'n ander stel pragtige naels kan spog.

'n Mens kan aflei dat die boonste uittreksel se gebruik van *eienaar* na 'n vrou vewys, aangesien dit juis vrouens is wat hul naels sal wil doen.

*Eienares* word dan weer minstens 5 keer gebruik in die **2000's**. Tog is daar steeds meer frekwensies (meer as 17% van die gebruik van *eienaar* verwys na vrouens) waar *eienaar* as die gekose woord vir beide mans en vrouens gebruik word:

Soms loop diere doelbewus weg, sê Jenny. "Een kliënt se kat het my laat verstaan die emosionele spanning tussen sy *eienares* en haar man het vir hom te veel geword. Hy het by die bure gaan intrek. Gelukkig kon sy *eienares* dit aanvaar."

Die *eienaar* van die hotel, Liz McGrath, het toe besluit om haar Kaapse woonplek bo-op die eerste vleuel in te rig. Die probleem was dat die nuwe woonstel op 'n onooglike agterplaas uitgekyk het.

As aanvulling tot bostaande speurtogte, is daar ook gekyk of *vroue(-)* (in 'n samestelling) of *vroulike* (as b.n.w.) in die korpus gebruik word om te onderskei tussen 'n man en 'n vrou. In die voorbeeldsin in 'n uittreksel van nommer 10, waar *manlike* gebruik word voor die woord *onderwyser*, merk ons wel die behoefte aan 'n genderduidelike vorm op. 'n Soektog deur die korpus na *vroue-* en *vroulike* saam met *skrywer*, *redakteur*, *lesers*, *haarkapper* en *eienaar* het geen resultate opgelewer nie. Al vyf hierdie woorde het in die korpus deur die tydperk van 70 jaar 'n duidelike verandering ondergaan deurdat hulle stelselmatig die *vroulike* vorm begin vervang het en vandag gebruik word vir beide mans en vrouens. Hieruit kan afgelei word dat die behoefte om met vorme soos *vroue-* of *vroulike* 'n spesifieke gender aan te toon, vandag nie meer bestaan nie, altans nie in *rooi rose* nie.

Uit bogenoemde data wil dit voorkom asof Afrikaans ook saam met die wêreldtendens begin beweeg het. Die samelewing het aangepas by die res van die wêreld se neiging om taal te neutraliseer. Dit is duidelik te sien aan die afname van die gebruik van die *vroulike* vorm en terselfdertyd die toename van die *manlike* vorm. Die *manlike* vorm word ook nou algemeen gebruik vir vrouens.

Tog blyk dit dat daar woorde is wat steeds algemeen gebruik word waar die onderskeid tussen die manlike en vroulike steeds baie pertinent is. *Vriend* en *vriendin* is só 'n voorbeeld.

#### 4.7 Die generiese *hy*

Die sogenaamde generiese *hy* is 'n voornaamwoord wat taalseksisme kan aandui, soos te sien in Hoofstuk 2.5.1. Die data in hierdie ondersoek toon aan dat dit die neiging is dat persoonsname waarvan mens nie die geslag ken nie, altyd saam met die manlike voornaamwoord gebruik sal word.

Omdat die korpus nie geannoteer is wat woordsoorte betref nie, sou dit baie lank geneem het en te arbeidsintensief gewees het om al die *hy* (manlike persoonlike voornaamwoord) en *sy* (manlike besitlike voornaamwoord) se kollokasienetwerke te ondersoek. Ek het dus besluit om te fokus op neutrale woorde (persoonsname waarvan die geslag onduidelik is) en dan te kyk met watter voornaamwoord dit skakel – die manlike (*hy*, *sy*) of die vroulike (*sy*, *haar*). Die woordgroep waarop ek gefokus het, was 'n *mens*, 'n *kind* en 'n *baba*. Hierdie woorde kan na beide die geslagte verwys.

Ek het besluit om op die volledige, doelgemaakte *rooi rose*-korpus as geheel te fokus om 'n oorsig te kry van hoe sterk die generiese *hy* in die Afrikaanse taallandskap ingewortel is. Hierdie fenomeen is deur middel van kollokasies ondersoek, aangesien kollokasies die navorser help om die woorde uit te wys wat nou verbind met ander woorde.

Kollokasies is deel van 'n komplekse netwerk van semantiese verhoudinge (Brezina, 2015: 141). Dit beteken dat sommige woorde altyd in 'n spesifieke verhouding tot mekaar staan. Sommige woorde sal altyd in mekaar se “geselskap” wees, waar ander weer selde saam in 'n sin gebruik sal word. Kollokasies kom dus handig te pas in die ondersoek na die generiese *hy* aangesien die navorser kan bepaal of die woorde wat ondersoek word, meestal in die “geselskap” van *hy* is, al dan nie.

Ek het begin deur die woorde *mens*, *kind* en *baba* handmatig te ondersoek en die absolute frekwensies neer te skryf van wanneer die woorde met *hy/sy* skakel. Ek het



die GraphColl-funksie van #LancsBox gebruik om te kyk hoeveel keer *hy/sy* met *mens*, *kind* en *baba* skakel en verder het ek dit handmatig deurgewerk en die resultate neergeskryf. GraphColl is die akroniem vir “*graphical collocations tool*”. Die GraphColl-funksie het die konsep van leksikale netwerke nog verder gevat: “offering different statistical choices and producing collocation networks on the fly with both small and large corpora” (Brezina, 2015: 23). Ek het handmatig deur die data gewerk om die konteks van die skakeling van die betrokke woorde met ander woorde vas te stel.

Ek het ook deur die loop van die handmatige ondersoek gekyk na uitvalle en of daar dalk voorbeelde is waar ’n *mens* (wanneer die geslag onduidelik is) ’n sterk kollokasie met *sy/haar* het. Ek het die drumpel (“*threshold*”) op die standaard (7) gelos. Dit beteken dat die program die sewe woorde voor *mens* en die sewe woorde na *mens* aantoon.

Daar is ’n paar woorde wat kan aandui dat die betrokke *mens*, of *kind* of *baba* waarna daar in die teks verwys word, se geslag onbekend is. Die lidwoord *’n* is die maklikste aanduiding. Verder is daar die gebruik van ’n woord soos *elke*. Dit dui op die kind in die algemeen en die geslag is nie duidelik nie. Let op die gebruik van *kind* en die lidwoorde (of gebrek daaraan) in die onderstaande uittreksel van die tydperk van die **40’s - 60’s**. Hier is dit nie duidelik of die verteller manlik of vroulik is nie. “*Toe ek kind was*” – sonder die lidwoord kan *kind* in hierdie konteks as óf manlik óf vroulik aangedui word. Die laaste sin in die uittreksel praat van *die kind*. Ook hier verwys dit na die kind in die algemeen en is die geslag van die betrokke kind ook nie duidelik nie. Ek het sulke voorbeelde ook deel van my soektog gemaak:

Ek hoop die lootjie groei. Lank gelede, toe ek *kind* was, was daar so ’n laning opslaan-katjewilg daar onder in ons tuin langs die riete en vyelaning. Daar was deur drie seisoene van die jaar geen ordelikheid daar soos in die res van die tuin nie, want hierdie wegsteekhoek was die plek waar die komposhope gepak is. ’n Ongerepte towerland vir die *kind*!

Reeds in die volgende gedeelte van die uittreksel, is dit duidelik dat hierdie kind (waarvan ons nie die geslag ken nie), na ’n manlike kind verwys:

Wie kan werklik begryp wat die kind dink en voel en glo daar waar hy in sy eie betowerde wêreldjie verlore raak?

Ek het eers gekyk na die hoeveelheid frekwensies waar 'n mens, 'n kind en 'n baba voorkom en terselfdertyd het ek gekyk na die hoeveelheid kere wat daardie woorde 'n sterk kollokasie met die generiese *hy/sy* het. Ek het dan die frekwensiestotale verwerk na 'n persentasie om die omvang van hierdie verskynsel te bepaal.

Tabel 8 stel die absolute frekwensies voor van die voornaamwoord *hy* of *sy* (besitlik) wat met 'n mens, 'n kind en 'n baba skakel.

**Tabel 8: Absolute frekwensies van die voornaamwoord *hy/sy* wat 'n sterk kollokasie met *mens, kind* en *baba* het**

Soekwoord	Absolute frekwensies	
	Sterk kollokasie met <i>hy</i>	Sterk kollokasie met <i>sy</i> (manlike besitlike voornaamwoord)
'n mens	13/13	38/41
'n kind	50/54	63/67
'n baba	6/66	11/11

### 'n Mens:

In Afrikaans word 'n mens gebruik wanneer daar na enige persoon (manlik of vroulik) verwys word. Dit kan na manlike of vroulike referente verwys. Die voornaamwoorde wat gewoonlik daarmee gebruik word is *jy* en *jou* wat steeds neutraal bly en na die mens in die algemeen verwys. Ek het my ondersoek dus nog verder verfyn en nie dié voorbeelde waar 'n mens met *jy* en *jou* skakel gebruik nie (dus het ek net gekyk na voorbeelde waar daar van die mens gepraat word, om te bepaal of dié mens as manlik of vroulik voorgestel sal word.

Die onderstaande uittreksel dui 'n mens wat direk aangespreek word, aan:

'n *Mens* is miskien te trots om 'n probleem aan te roer, of jy wil jou maat nie ontstel nie. Sodra jy hierdie stuikelblokke kan herken, kan jy dit verander, maar slegs as jy dit regtig wil verander.

Deur middel van die SWIK-reëls ondersoek is dit interessant om te sien dat wanneer daar van 'n *mens* gepraat word en die geslag is nie duidelik nie (die *mens* in die betrokke uittreksel kan dus na manlik óf vroulik verwys), val die voornaamwoorde terug na die manlike, *hy* en *sy*.

Hier volg 'n paar voorbeelde:

### **'n *Mens* en *sy*:**

*Mens* en *sy* het 'n sterk kollokasie en kom 282/3678 keer saam met mekaar voor. Aangesien dié totaal ook die vroulike persoonlike voornaamwoord insluit, het ek verder handmatig deur die data gewerk om die manlike besitlike voornaamwoord (*sy*) en die vroulike persoonlike voornaamwoord (*sy*) van mekaar te onderskei. Ek het net gefokus op die manlike besitlike voornaamwoord. Die resultaat was soos volg: Daar was 41 voorbeelde waar daar na 'n *mens* in die algemeen verwys is en 38 uit die 41 voorbeelde het dit met die manlike vorm saamgehang, met ander woorde 'n *mens* en *sy*. Daar was twee gevalle waar daar onderskeid getref is en die manlik en vroulik genoem is – byvoorbeeld 'n *mens* en *sy of haar*. Daar was ook een voorbeeld waar die *mens* (van wie die geslag onbekend is) ook met *hulle* geskakel het. *Hulle* se geslag is steeds onbekend, maar taalkundig is dit nie korrek om na een persoon in die meervoud te verwys nie. Daar was geen voorbeeld waar die *mens* van wie die geslag onbekend was, met die vroulike (*haar*) saamgehang het nie.

Hier volg 'n paar voorbeelde van elk:

“Wanneer 'n *mens* 'n vrou die hof maak, knoop jy nie 'n stryd met die manlike ego aan nie. Dit is glad nie waar dat alle lesbiërpere uit 'n vroulike en 'n mannetjiesagtige tipe bestaan nie... hulle is net twee mense wat mekaar liefhet.

Hier onder is een van slegs twee voorbeelde waar daar onderskeid getref word tussen die geslagte.

ETIKET VIR ELKE GELEENTHEID is die volledigste boek in Afrikaans oor die wellewendheidsreëls en voorsien in 'n dringende behoefte— nie net vir diegene wat op die hoogste sosiale vlak verkeer nie, maar vir elke mens, ongeag sy of haar plek in die samelewing.

Die onderstaande uittreksel beeld uit dat *sy* ook saam met *elke mens* (behalwe vir die bostaande uittreksel) 'n sterk kollokasie het:

Elke mens het sy foute en as ons dit nie kan aanvaar nie, sal ons nooit vriende hê nie.

Die onderstaande uittreksel wys dat *die mens* (as geheel – soos die mensdom) ook – sonder uitsondering – 'n sterk kollokasie met *sy* het:

Die moderne mens dra reeds swaar aan werklikhede soos lugbesoedeling, die bevolkingsontploffing, die dwelmvraagstuk, die bom, die gees van permissiwiteit en terrorisme. Die mens behoort minstens nie sy ontspanningsleesstof ook te swaar te vind om saam te dra nie!

Die onderstaande uittreksel wys ook die sterk kollokasie met *sy* wanneer daar van *geen mens* gepraat word nie:

„Die ou draak!” sê sy minagtend, byna onhoorbaar aan haar maat, Selina. „Dames doen nie dit nie, dames doen nie dát nie! Wie sê ons is dames? En wie is hier buitendien om te sien wat ons maak? G'n mens wat by sy volle verstand is sal dit op so 'n dag buite waag om 'n string weesmeisies te staan en aangaap nie!

Die onderstaande uittreksel verwys nie net na die mens van wie die geslag onbekend is nie, maar ook die dokter van wie die geslag onbekend is – hier het dit ook 'n sterk kollokasie met *sy*:

“As ek van my dokter as *mens* hou, as ek sy integriteit vertrou maar aan sy tegniese bevoegdheid twyfel, sal ek hom natuurlik nie gebruik nie.” Dit geld vir alle leiers.

*Een mens* het ook telkens 'n sterk kollokasie met *sy*:

Wanneer hy daardie juk uiteindelik noodgedwonge moet afgooi (want een mens kan nooit altyd al sy smarte verduur nie, hulle moet gedeel word!), sal *sy* smarte saam met hom moet ondergaan.

Die volgende uittreksel verwys wel na 'n *mens* as vroulik (skakel met prinses), maar dit is 'n vroulike spreker aan die woord:

„Hy is baie oulik,” het *sy* gesê „Hy laat *mens* soos 'n prinses voel.” Soos 'n prinses met 'n skewe kroon het ek gedink en gewonder hoe *sy* buitendien weet.

Ook die *gemiddelde mens* (wat enige geslag insluit), het 'n sterk kollokasie met *sy*:

Die gemiddelde mens bestee 'n derde van sy lewe in die bed.

Hierdie uittreksel wys die enigste voorbeeld uit waar 'n *mens* met *hulle* 'n sterk kollokasie getoon het. Hier is 'n mate van inklusiwiteit, hoewel dit taalkundig verkeerd is:

En natuurlik is 'n mens baie betrokke by wat hulle doen en waarin hulle belang stel. Dit gebeur maar so. 'n Mens kan dit nie verhelp nie.

Met die uitsondering van drie voorbeelde, het elke sin wat na die algemene *mens* verwys, telkens teruggeval na *sy*, die manlike vorm.

### **'n Mens en hy:**

Die woord *mens* en *hy* kom 177/3678 kere saam voor. Die kere wat die algemene mens terugval na *hy* is 100% sonder enige uitsondering. *Hy* kom nie so algemeen voor soos *sy* nie, aangesien *hy* baiekeer reeds die onderwerp is en die *mens* waarna

daar dan telkens verwys word, is dan manlik en kan dus nie getel word as generies nie. Baie van die volgende voorbeelde waar *hy* met *mens* skakel kom voor: *Hy is seker dat 'n mens....; Dit is die tipe mens wat hy is; Hy is 'n mens wat....*

Die onderstaande uittreksel wys die algemene mens wat 'n sterk kollokasie het met *hy* en *jou*. Eers word daar van die *mens* gepraat en daarna word die *mens* direk aangespreek. Die wêreld (wat ook die mensdom in die algemeen insluit) word hier ook manlik:

Dit gaan meermale so druk met die *mens* dat hy fisies en psigies te moeg raak om te dink. Somtyds breek iets of gee in wat jou dan in 'n tyd van verpligte afsondering dompel, wegvoer. Gou-gou pas die wêreld hom aan en gaan sonder jou voort.

In die onderstaande uittreksel word daar na 'n vrou verwys. Wanneer sy vergelyk word met 'n mens wat nie weet nie, val selfs die vergelyking terug na die generiese *hy*. Dit is opvallend om te sien dat sy haarself (wat vroulik is) vergelyk met 'n mens in die algemeen en dan self na *hy* toe terugval:

Maar Karolien Brink huil nie. Haar gesig is net strak en moeg as sy onder die wolke inry en die weerlig daar in die verte op die heuwels sien speel. Sy ry sonder haas, soos 'n *mens* wat nie weet waarheen *hy* eintlik op pad is nie.

Die onderstaande uittreksel dui aan dat selfs met byvoeglike naamwoorde wat *die mens* beskryf, word daar steeds teruggeval na *hy*:

Die gelowige *mens* vrees dat hy sy geloof in dié proses sal verloën. Daarom moet ons pyn leer ken.

In die onderstaande uittreksel verwys beide die algemene *mens* en die algemene *baba* en die algemene *student* terug na *hy*:

Die hele saak van taalontwikkeling kom eintlik saam met die *mens* vandat hy 'n *baba* was en word beïnvloed deur letterlik alle opvoedingsgebeure. Tog kan die *student*

wat besef dat daar by hom 'n taalvermoë is, baie doen om dit te verbeter; deur sy leestegniek te verbeter, en sy skriftelike en mondelinge uitdrukkingsvermoë doelbewus te oefen.

In die onderstaande uittreksel verwys beide die algemene *mens* en algemene *kind* terug na *hy*:

Ons kan nie alles doen soos ons graag sou wou nie, maar dit bly bevredigend om te sien hoe 'n *kind* skaars *mens* is as hy hier aankom, en dan met ons insette begin blom.

In die onderstaande uittreksel is dit opvallend om te sien dat daar duidelik van 'n vrou gepraat word, maar die algemene “*n mens*” word gebruik (en nie 'n vrou/sy nie):

Sy oë dwaal oor die gaste. Daar is Yvonne. Sy is weer geklee in een van haar eie ontwerpte aandrokke. Hy wonder hoe 'n *mens* gemaklik kan voel in so 'n noudluitende stuk materiaal.

*Elke mens* het ook 'n sterk kollokasie met *hy* (en nie hulle nie):

Maar wat ek nooit sal vergeet nie, is wat jy op pad terug hotel toe vir my gesê het: „Elke mens het verpligtinge wat hy moet nakom.”

Uit bostaande uittreksels is dit duidelik dat die generiese *hy* baie sterk gewortel is in die Afrikaanse taal – sonder uitsondering is die kollokasie van die *mens* van wie die geslag onbekend is baie sterk met die manlike voornaamwoord, *hy*.

Sommige van die bostaande uittreksels het reeds 'n aanduiding gegee dat dieselfde verskynsel ook die geval is wanneer daar van die *kind* (van wie die geslag onbekend is) gepraat word. Dus het ek dieselfde ondersoek met 'n *kind* gedoen.

### **Kind en sy:**

*Kind* het 'n sterk kollokasie met *sy* (manlike besitlike voornaamwoord) en kom 436/2610 keer saam voor. Die aantal kere wat die *kind* (van wie die geslag onbekend is) terugval na *sy*, is 63/67 keer. 2/67 word daar onderskeid getref met *sy/haar*. 2/67 keer word daar na die *kind* as *sy* (persoonlike voornaamwoord) as 'n meisie verwys. Dit het nie een keer by *mens* gebeur nie.

Hier volg 'n paar uittreksels van voorbeelde waar *kind* en *sy* op verskillende maniere met mekaar 'n sterk kollokasie het.

*Elke kind* het 'n sterk kollokasie met *sy*:

Ondanks die hoë bevolkingsyfer, is elke kind vir sy ouer goud werd, en kindermishandeling is hier feitlik onbekend.

'n *Kind* het 'n sterk kollokasie met *sy*:

„Die lewe is altyd kosbaar, al weet 'n *kind* nie eens wie sy regte ouers is nie.

'n *Kind* saam met enige attributiewe byvoeglike naamwoord het ook 'n sterk kollokasie met *sy*:

Wanneer 'n minderjarige kind sy naam wil laat verander, is sy ouers se toestemming nodig.

Hierdie uittreksel bevat die enigste voorbeeld waar daar onderskeid getref word en *sy* en *haar* saam met *kind* 'n sterk kollokasie het:

Net so het elke individuele kind ook sy of haar eie siening van die “werklikheid” en dit stem nie noodwendig ooreen met jou siening daarvan nie.

In die onderstaande uittreksel verwys beide die persoonsnaam en die *kind* na *sy*:



Volgens navorsers blyk dit dat die psigopaat as *kind*, se gedrag nooit deur sy ouers as belangrik beskou is nie.

In die onderstaande uittreksel verwys beide *kind* en *jongmens* ook na *sy*:

Die ontwikkeling van 'n besef van verantwoordelikheid het 'n baie noue verband met die manier waarop die *kind* en die *jongmens* sy werk doen.

Een van die twee voorbeelde waar *kind* na *sy* (persoonlike voornaamwoord – vroulik) verwys:

Só probeer die *kind* beheer kry. Sy gooi 'n vloermoer, skop en skree.

Ek het ook verder gekyk na sterk kollokasies tussen *kind* en *hy*.

### ***Kind en hy:***

*Kind* en *hy* het 'n sterk kollokasie en kom 221/2610 keer saam voor. Die generiese *hy* is te sien in 50/54 voorbeelde. In 4/54 voorbeelde word daar onderskeid getref en word daar na beide *hy* en *sy* verwys.

Hier volg 'n paar voorbeelde:

Gee 'n *kind* liefde en aanvaar hom onvoorwaardelik; dít is volgens opvoedkundiges die twee grootste bondgenote om 'n kind se potensiaal te verwesenlik.

Die onderstaande uittreksel wys 1 van 4 voorbeelde uit waar daar 'n onderskeid getref word tussen die geslagte:

So 'n *kind* kan glo dat hy of sy onaanvaarbaar is en kan 'n lewenslange gevoel van leegheid ervaar.

Die skermkoot op die volgende bladsy dui die kollokasies tussen *kind* en *hy* (in die algehele korpus) in meer detail aan. Die eerste kolom dui aan hoeveelste die

kollokasie met betrekking tot die soekwoord lê in vergelyking met die ander woorde. Dit begin by die frekwentste na minder frekwent. Dus lê *hy* 21ste in die lys van kollokasies. Dit is 'n redelike sterk en frekwente kollokasie. Verder dui dit ook aan of die kollokasie meestal links of regs van die soekwoord lê. Dit wys dan ook wat die statistiek van die kollokasie asook die frekwensies is.

**kind**

Freq: 2,610 - Collocates: 528

Index	Status	Position	Collocate	▼ Stat	Freq (coll.)	Freq (corpus)
1	o	L	die	1440.0	1440	175892
2	o	L	n	1205.0	1205	89844
3	o	R	en	669.0	669	119188
4	o	R	is	636.0	636	70585
5	o	R	nie	613.0	613	70748
6	o	R	het	544.0	544	64913
7	o	R	sy	484.0	484	50227
8	o	L	jou	483.0	483	23566
9	o	L	van	439.0	439	63904
10	o	R	wat	394.0	394	39717
11	o	L	my	392.0	392	24632
12	o	R	ek	385.0	385	44436
13	o	R	se	352.0	352	17730
14	o	L	as	331.0	331	21344
15	o	L	haar	317.0	317	29919
16	o	R	te	316.0	316	42293
17	o	L	om	301.0	301	35701
18	o	R	in	296.0	296	57252
19	o	L	vir	278.0	278	35468
20	o	L	jy	258.0	258	26057
21	o	R	hy	234.0	234	26844
22	o	L	dat	225.0	225	21034
23	o	L	met	212.0	212	36092
24	o	R	kan	209.0	209	20364
25	o	R	dit	207.0	207	37713
26	o	R	was	192.0	192	17183
27	o	R	op	160.0	160	27720
28	o	R	of	153.0	153	17450
29	o	R	maar	131.0	131	19723

Die volgende gedeelte waarop ek gefokus het, is dieselfde ondersoek, maar net met 'n *baba*. Om te kyk of die generiese *hy* ook hier teenwoordig is.

### **Baba en sy:**

*Baba* het 'n sterk kollokasie met *sy* en kom 96/1057 keer voor. Die oorgrote meerderheid van die keer verwys die *sy* wat saam met *baba* voorkom na die ma van die *baba*.

Daar was nie een geval waar *baba* (van wie die geslag onbekend is) 'n sterk kollokasie met *haar* gehad het nie. Daar was 11 voorbeelde van 'n *baba* en al 11 keer het dit 'n sterk kollokasie met *sy* (manlik) gehad.

In die onderstaande uittreksel het *baba* en *hom* en *sy* 'n sterk kollokasie:

Nou ja, dié mamma- en pappa-moskabouter het 'n *baba*-moskabouter. Elke oggend voer die mamma die *baba* en gee vir hom sy bottel melk. Dan is dit die pappa se werk om met die *baba* te speel terwyl die mamma die huisie skoonmaak.

Ook in hierdie uittreksel het *baba* en *sy* 'n sterk kollokasie:

Onthou, vir die opgroeïende *baba* is *sy* moeder die spil waarom alles draai. By elke nuwe situasie wat opdoem, sal hy reageer soos hy sien sy moeder reageer.

### **Baba en hy:**

*Baba* en *hy* het 'n sterk kollokasie en kom 57/1057 keer saam met mekaar voor. Daar word egter baie min na die *baba* van wie die geslag onbekend is, verwys. Slegs 6 keer. In al 6 die gevalle het *baba* 'n sterk kollokasie met *hy*.

Die figuur op die volgende bladsy dui aan hoe kollokasies op #LancsBox aangedui word deur middel van die GraphColl-funksie. Hoe donkerder die grys kol, en hoe nader die woord aan die soekwoord voorkom, hoe meer frekwent skakel dié woorde met mekaar. Volgens die figuur is dit duidelik dat *hy* een van die meer frekwente skakelings met *baba* is, aangesien die grys kol donkerder is as die ander en die woord staan ook nader aan die soekwoord as die ander woorde.



idees en denke het en mense wat aan 'n spesifieke wêreld-beskouing blootgestel word, begin dié wêreld-beeld as realiteit aanvaar (Royo-Vela e.a. 2007: 634). Daarom is die ondersoek in die *rooi rose* relevant en nodig om te bepaal hoe die rol lyk wat aan die Afrikaanse vrou toegeken word in die artikels wat geskryf word en die woorde wat gebruik word.

Soos gesien in die literatuuroorsig in Hoofstuk 2, het verskeie navorsers (soos Rachelle Greeff, 1994) onder andere geskryf oor die aanspreekvorme van mans en vrouens. Greeff is van mening dat subtiele taalnorme (soos die vrou se titel wat verander die dag wanneer sy trou) wat voorkom, die taal seksisties kan maak. Wat die aanspreekvorme in Afrikaans betref, blyk dit uit die data van die *rooi rose* dat *me* as alternatiewe, meer neutrale aanspreekvorm vir vroue nie so sterk inslag in die taal en haar sprekers gevind het nie. Selfs nie eers in die **2010's** nie. Daar blyk steeds twee afsonderlike aanspreekvorme, naamlik *mevrou* en *mejuffrou* te wees en dit word steeds pertinent gebruik, selfs deur die teikenmark (Afrikaanse vroue) van die *rooi rose*.

Die gebruik om steeds te onderskei tussen *mevrou* en *mejuffrou* kan moontlik as taalseksisme beskou word, maar dit kan ook 'n uitvloeisel van die meer konserwatiewe kultuur van die Afrikaanse spreker wees. Dit is 'n navorsingsveld wat nog in baie meer diepte bestudeer moet word en dit is moontlik dat ondersoeke in ander bronne se data anders daarna gaan uitsien.

In 1988 het Penelope al te velde getrek teen die onderskeid tussen manlike en vroulike beroepe. Sy het onder andere baanbrekerswerk gedoen om geslagsneutrale beroepsname 'n prioriteit in die taalgemeenskap te maak. Deur middel van haar bewusmaking, het Engels vandag algemene terme soos *chairperson* in plaas van *chairman*. Ander woorde wat ook inslag in Engels gevind het, is woorde soos *fire fighter* in plaas van *fireman* en *police officer* in plaas van *policeman*.

Uit die data is dit duidelik dat hierdie tendens – om meer geslagsneutraal te wees – tog ook oorgespoel het na Afrikaans. Uit die data wat die verskillende persoons- en beroepsname ondersoek het, blyk dit dat Afrikaans in sekere opsigte wegbeweeg het met die onderskeid tussen manlike en vroulike terme en dat die manlike term die

algemene (“neutrale”) term geword het wat vir beide geslagte gebruik word. Dit is duidelik te sien in woorde soos: *redaktrise*, *leseresse*, *haarkapster*, ensovoorts wat deur die loop van 80 jaar uitgefasseer het, om plek te maak vir die manlike, meer neutrale vorm. Dit blyk dat Afrikaans in hierdie opsig aanbeweeg het soos Engels deur nie te onderskei tussen die manlike en vroulike vorm nie.

Aan die ander kant is daar woorde waar die pertinente gebruik en onderskeid van die manlike en vroulike vorme, nie verander het deur die loop van die tydperke nie. Woorde soos: *vriend* en *vriendin* blyk vasgemessel te wees in die Afrikaanse taal en kultuur.

Daar is dan ook nog voorbeelde waar die vroulike vorm deur die loop van die tydperke die hoogste frekwensie geword het en dat die manlike vorm getaan, heeltemal verdwyn en selfs nooit eers in gebruik was nie. Woorde soos: *sekretaresse* en *verpleegster* blyk eksklusief vir die vrou gereserveer te wees. Dit kan wel ook dui op taalseksisme waar vaste geslagsrolle aan die besproke geslag toegeken word.

Penelope (1988) het haar ook fel uitgespreek teen die generiese *hy* en *sy* is van mening dat die alledaagse taalgebruik bewys dat mense aan ’n man dink wanneer hulle die woord *man* (soos by *mankind*) hoor (1988:124).

Deur na die ondersoek na die generiese *hy* te kyk, is dit duidelik dat Afrikaans en Afrikaanssprekendes ook die manlike vorm as die norm sien en dus word alles met die manlike voornaamwoorde geskakel. Dit is – volgens die literatuurstudie – ’n voorbeeld van taalseksisme. Dit is duidelik te sien in die ondersoek in Afrikaans waar mense outomaties by die *mens* (of *kind*, of *baba*) van wie die geslag nie bekend is nie, *hy* daarmee saam gebruik. Dit wil dus blyk dat Afrikaanse sprekers in *rooi rose* die man en *hy* as die norm sien wanneer daar van persone gepraat word van wie die geslag nie bekend is nie. Wat hierdie gebruik van die generiese *hy* betref, kan die Afrikaans van *rooi rose* tot en met 2020 steeds as seksisties beskryf word.

Die data wat hier aangebied is, toon duidelik aan dat Afrikaans in *rooi rose* van 2020 nog tekens van taalseksisme toon, maar dat baie ook verander het deur die loop van die 70 jaar. In sommige gevalle blyk dit dat dit in die meeste gevalle die norm geword

het om eerder net die voorheen manlike vorm as vroulike vorm te gebruik, maar dan as 'n genderneutrale vorm. Aan die ander kant, is dit duidelik dat ander vorme van seksisme nog dieper gewortel is en dalk nog 'n wyle gaan neem om te verander. Dit is duidelik te sien by die aanspreekvorme en die generiese *hy*.

Die veld van taalseksisme is baie wyd en daar is nog baie studies wat gedoen kan word en navorsing wat ontgin kan word om lig op die onderwerp van taalseksisme – veral in Afrikaans – te werp.

## HOOFSTUK 5

### Samevatting en gevolgtrekking

#### 5.1 Inleiding

Die doel van die studie was om vas te stel hoe die linguistiese landskap van die Afrikaanse vrou daar uitsien vandag, in die 21ste eeu. Ek wou moontlike tekens van taalseksisme ondersoek. Die *rooi rose* is as korpus ingespan vir dié doel.

Uit die literatuurstudie is dit duidelik dat daar wêreldwyd, in vele tale, verskeie aspekte is wat taalseksisme in 'n taal kan aandui. Ek het drie van daardie verskynsels in die korpus ondersoek om vas te stel hoe taalseksisme in Afrikaans lyk en of dit al verander het in die laaste 80 jaar.

Die aspekte wat ek geïdentifiseer en ondersoek het, was **aanspreekvorme en titels, persoonsname en beroepe en die generiese *hy***.

In die volgende afdeling word die antwoorde op die navorsingsvrae aangebied.

#### 5.2 Gevolgtrekkings

##### Hoofnavorsingsvraag:

**Het die linguistiese landskap van die Afrikaanse vrou soos te siene in *rooi rose* 1948 - 2020 verander?**

##### Subvrae:

**(1) Wat is taalseksisme?**

**(2) Hoe lyk taalseksisme (indien dit wel voorkom) in *rooi rose* 1948 - 2020?**

Taalseksisme kom voor wanneer daar teen een van die geslagte gediskrimineer word ten opsigte van die taal wat deur die samelewing gebruik word. Dit kom soms voor wanneer daar neerhalend of negatief van, of teenoor, 'n spesifieke geslag gepraat word terwyl die ander geslag aan die ander kant opgehef word en op 'n meer positiewe manier uitgebeeld word. Geslagsrolle speel ook 'n groot rol by taalseksisme.



In die *rooi rose* is daar nie 'n eenvoudige antwoord op die vraag of daar taalseksisme voorkom, of nie. Aan die een kant blyk dit dat Afrikaans progressief is en verander het soos baie ander wêreldtale. Dit is duidelik in die verandering wat met die loop van tyd waar te neem is by sommige persoons- en beroepsname. Woorde soos *skrywer* en *redakteur* het in 2020 algemene, neutrale woorde geword wat vir beide mans en vrouens gebruik word. Die vroulike eweknieë, soos *skryfster* en *redaktrise* wat in die verlede algemeen gebruik is, het nou in onbruik verval.

Daar is wel steeds woorde wat in die teenoorgestelde rigting verander het. *Sekretaresse* is behou en *sekretaris* het weer heeltemal verdwyn. Dit opsigself sê ook weer iets van die rolle wat die betrokke genders steeds vervul.

Aan die ander kant, het sommige woorde – selfs ná die vrouebevrydingsbeweging en die daadwerklike pogings wat aangewend is om verandering teweeg te bring, nooit verander nie en word daar steeds pertinent onderskeid getref tussen die twee geslagte. Met woorde soos *vriend* en *vriendin* blyk dit dat daar geen verandering deur die loop van dekades was nie. Dit is wel nodig om daarop te let dat nie alle selfstandige naamwoorde noodwendig 'n manlike en vroulike vorm het nie en dit dui nie noodwendig taalseksisme aan nie.

Die Engelse aanspreekvorm en titel, *ms* het ook in Afrikaans inslag gevind met die ekwivalent, *me* wat dien as die aanspreekvorm of titel van enige vrou – ongeag haar huwelikstatus. Dit blyk dat – ten minste in die *rooi rose* – daar nie dieselfde verandering in Afrikaans as in Engels was nie. Selfs in 2020 blyk dit dat daar steeds 'n duidelike onderskeid tussen *mevrou* en *mejuffrou* is en *me* kom só min voor, dat dit byna nie eers genoem kan word nie.

Afrikaans is 'n baie jong taal, maar het steeds die wortels van die heelwat ouer Germaanse tale waarvan sy afstam. Hierin lê diepgewortelde taalseksisme wat nog nie verdwyn het nie. Dit is te sien in die generiese *hy* wat steeds baie voorkom en heel natuurlik op die tonge van die Afrikaanse sprekers – mans en vrouens – val. Dit is doodnatuurlik om na 'n *mens*, 'n *kind* of 'n *baba* te verwys as *hy* as die geslag van die *mens*, *kind*, of *baba* nie bekend is nie. Die paar voorbeelde wat in die SWIK-reëls-ondersoek te voorskyn gekom het waar die persoonsnaam sy (voorwerpsposisie) of

*hy/sy*, gebruik is, was só min, dat dit slegs as uitsonderlike gevalle gesien kan word. Dit blyk dat hierdie gebruik nog nie die reël is nie.

Daar blyk dus tekens van taalseksisme in Afrikaans te wees. Die Linguistiese landskap van die Afrikaanse vrou, soos uitgebeeld in *rooi rose*, is steeds vol voorbeelde van seksisme en diskriminasie, veral as daar gekyk word na die generiese *hy* sowel as na aanspreekvorme en titels. Tog het daar wel verandering deur die loop van die dekades plaasgevind en word vrouens gelyk geag met hulle manlike eweknieë, waar dit oor beroepsbenamings gaan.

### 5.3 Beperkinge en moontlikhede vir verdere navorsing

Afrikaanse korpora is skaars en daar is nog geen tydskrifkorpus beskikbaar nie. 'n Volledige *rooi rose*-korpus sou dus van waarde wees.

Die onvolledige korpus was die grootste beperking in hierdie studie. Alhoewel daar wel waardevolle data verkry is, sou die volledige korpus beslis die kwantitatiewe data meer volledig kon aanbied en ook die data-ontleding kon verfyn. Die beperking het dit meer uitdagend gemaak om behoorlike vergelykings tussen die verskillende tydperke te tref. Die eerste drie dekades was die grootste probleem, aangesien daar so min uitgawes daarvan beskikbaar was. Dit sou meer ideaal gewees het om alle eksemplare te kon ondersoek.

Die proses om die korpus skoon te maak was tegnies en buite my beheer. Die onvolledige korpus wat ek deur SADiLaR gekry het, het dus tot 'n mate die ondersoek belemmer.

Die tyd beskikbaar en die omvang van 'n MA-studie was sodanig dat daar volstaan moes word met die korpus wat beskikbaar gestel is.

Hierdie studie baan hopelik die weg vir verdere ondersoeke na taalseksisme in Afrikaans. Daar is steeds soveel om te ontgin. Daar is byvoorbeeld nog die moontlikhede van vaste uitdrukkings (wat in sommige gevalle baie neerhalend teenoor vrouens en hulle rolle in die gemeenskap is) wat ondersoek kan word.

## 5.4 Bydrae

Die bydrae van hierdie studie is enig in sy soort in 'n paar opsigte:

- In 'n tydperk waar navorsing oor taalseksisme hoofsaaklik in Engels gedoen word, is hierdie studie in Afrikaans voltooi.
- Die studie dra nuwe, 21ste-eeuse data by tot die ondersoek na taalseksisme in Afrikaans.
- Taalseksisme in 'n vrouetydskrif is ondersoek deur korpuslinguistiek te gebruik. Dit is nog nie voorheen in Afrikaans gedoen nie.
- Die gevolgtrekkings rakende aanspreekvorme en titels, persoons- en beroepsname en die generiese *hy* kan in die toekoms verder ondersoek word. Miskien sal sulke ondersoeke belangrike veranderings in die samelewing en in die taal self kan karteer.

## 5.5 Slotopmerking

Die linguistiese landskap van die Afrikaanse vrou, soos uitgebeeld in die *rooi rose* is in 2020 interessant om waar te neem, want die soeke na taalseksisme het uiteenlopende data opgelewer.

Die antwoord op die vraag oor taalseksisme en hoe dit in Afrikaans daarna uitsien, is nie so eenvoudig nie. In sekere aspekte blyk dit dat Afrikaans en haar sprekers wel begin aanbeweeg na die meer moderne tendense van tale in die wêreld, maar aan die anderkant, is daar sekere aspekte in die taal wat blyk dat dit net té diepgewortel is om binnekort, indien ooit, te verander. Dus wil dit voorkom of Afrikaans, aan die een kant progressief is en saam met die wêreldtendense beweeg, maar aan die ander kant is Afrikaans ook tradisioneel en behoudend en met sommige woorde en aanspreekvorme, blyk dit of daar deur die loop van byna 80 jaar nie werklik enige verandering plaasgevind het nie.

## Bibliografie

- Angouri, J. 2010. Quantitative, Qualitative or Both? Combining Methods in Linguistic Research. In: Litosseliti, L. (red.) *Research methods in linguistics*. London/New York: Continuum International Publishing Group. pp. 29 - 45.
- Arluke, A., Kutakoff, L. & Levin, J. 1985. Are the Times Changing? An Analysis of Gender Differences in Sexual Grafitti. *Plenum Publishing Corporation, Sex Roles*. 6(1/2), 1-7.
- Baker, P. 2010 (a). Corpus methods in linguistics. In: Litosseliti, L. (red.) *Research methods in linguistics*. London/New York: Continuum International Publishing Group. pp. 93-113.
- Baker, P. 2010 (b). Will Ms ever be as frequent as Mr? A corpus-based comparison of gendered terms across four diachronic corpora of British English. *Gender and Language*, 4(1), 125- 49.
- Beeching, K. 2006. Synchronic and diachronic variation: the how and why of sociolinguistic corpora. In: Wilson, A, Archer, D, Rayson, P. (reds.) *Corpus Linguistics around the world*. Amsterdam: Rodopi. pp. 43-62.
- Beyleveld, A. A & Van Jaarsveld, G.J. 1991. Taalseksisme as 'n vorm van eensydige leksikografie. *Lexikos*, 1(1), 1-19.
- Brezina, V., McEnery, T. & Wattam, S. (2015). Collocations in context: A new perspective on collocation networks. *International Journal of Corpus Linguistics*, 20(2), 139-173.
- Brezina, V., Timperley, M., Gablasova, D., McEnery, T. (in prep.) *#LancsBox: A new-generation corpus analysis tools for researchers, students and teachers*.
- Brezina, V., Weill-Tessier, P., & McEnery, A. (2020). *#LancsBox v. 5.x*. [software]. <http://corpora.lancs.ac.uk/lancsbox>.

Carroll, J.B. (red.) 2012. *Selected Writings of Benjamin Lee Whorf*. Cambridge, Massachusetts: MIT Press.

Courtney, A. & Lockeretz, S. 1971. A Woman's Place: An analysis of the Roles Portrayed by Women in Magazine Advertisements. *Journal of Marketing Research*. Vol. VIII, 92-95.

De Wet, J. 2011. *Wat praat jy! Afrikaanse idiome, gesegdes en vaste uitdrukkings met verklarings*. Protea Boekhuis. Pretoria.

Dörnyei, Z. 2016. *Research Methods in Applied Linguistics. Quantitative, Qualitative and Mixed Methodologies*. Oxford: Oxford University Press.

Engelbrecht, A. 2016. Kwalitatiewe navorsing: data-insameling en -analise. In: Joubert, I., Hartell, C. & Lombard, K. (reds.). *Navorsing: 'n Gids vir die beginnervorsers*. Pretoria: Van Schaik, pp. 109-129.

Evans, V. & Green, M. 2006. *Cognitive linguistics: An introduction*. Edinburgh. Edinburgh University Press.

Evison, J. 2010. What are the basics of analysing a corpus? In: O'Keeffe, A. & McCarthy, M. (reds.) *The Routledge Handbook of Corpus Linguistics*. Routledge. pp. 122 - 135.

Gastil, J. 1990. Generic Pronouns and sexist language: The Oxymoronic character of Masculine Generics. *Sex Roles*, 23 (11 - 12): 629 - 643.

Grosser, M. 2016. Kwantitatiewe navorsing. In: Joubert, I., Hartell, C. & Lombard, K. (reds.) *Navorsing: 'n Gids vir die beginnervorsers*. Pretoria: Van Schaik, pp. 245 - 270.

Hampares, K.J. 1976. Sexism in Spanish lexicography? *Hispania*, 59(1), 100-109.

HAT (*Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*). 2015. Pinelands: Pearson.

Hellinger, M & Bußmann, H. 2003. *Gender across languages: The linguistic representation of women and men*. Volume III. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company.

Hills, J. 2015. Addressing Gender Quotas in South Africa: Women Empowerment and Gender Equality Legislation. *Deakin Law Review* 20(1), 153-184

Holmes, J. & Meyerhoff, M (ed). 2003. *The Handbook of Language and Gender*. Chichester, West Sussex: Wiley Blackwell Publishing.

Hugo, D. (Red). 2009. *Halala Afrikaans*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Lindquist, H. & Levin, M. 2018. *Corpus Linguistics and the Description of English*. Edinburgh: Edinburgh University Press.

Marais, S.H. 2017. Die uitbeelding van die vrou in *Huisgenoot* (1963 en 2013): 'n Multimodale diskoersanalise. *Literator* 38(2), a1334.

Nel, A. & Jordaan, C. 2016. Die gemengde navorsingsmetode. In: Joubert, I., Hartell, C. & Lombard, K. (reds.). *Navorsing: 'n Gids vir die beginnervorsers*. Pretoria: Van Schaik, pp. 377 - 394.

Norberg, C. 2016. Naughty Boys and Sexy Girls: The Representation of Young Individuals in a Web-based Corpus of English. *Journal of English Linguistics* 44(4), 291 - 317.

Penelope, J. 1988. *Prescribed Passivity: The Language of Sexism*. Lincoln: University of Nebraska, pp. 110 - 138.

Rasinger, S.M. 2010. Quantitative Methods: Concepts, Frameworks, and Issues. In: Litosseliti, L., ed. *Research methods in linguistics*. London/New York: Continuum International Publishing Group. pp. 49 - 67.

Royo-Vela, M., Aldás-Manzano, J., Küster-Boluda, I. & Vila-Lopez, N. 2007. *Gender role portrayals and sexism in Spanish magazines*. Universiteit van Valencia: Emerald Group Publishing Limited.

Sanchez, S. 2019. Hollywood's million dollar gender pay gap - revealed. University of Huddersfield. <https://www.hud.ac.uk/news/2019/september/hollywoods-gender-pay-gap-sofia-sanchez/#:~:text=Women%20stars%20earn%20around%20US,the%20difference%20remains%20statistically%20significant>

Sellnow, D. & Treinen, K. 2004. The Role of Gender in Perceived Speaker Competence: An Analysis of Student Peer Critiques. *Communication Education*, 53(3), 286-296.

Slabbert, S.J.C. 1993. *Vrouetaal in drie Afrikaanse tydskrifte: Die boerevrou (1919-1931), Die Huisgenoot (1932-1948) en Sarie (Marais) (1949-1989)*. Doktorale proefskrif. Universiteit van die Witwatersrand.

Summers, A. & Miller, K. 2014. From Damsels in Distress to Sexy Superheroes. How the portrayal of sexism in video game magazines has changed in the last twenty years. *Feminist Media Studies*, 14 (6), 1028-1040. <http://dx.doi.org/10.1080/14680777.2014.882371>.

Švejc, A.D & Nikol'skij, L.B. 1986. *Introduction to Sociolinguistics*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company.

Tannen, D. 1994. *Gender and Discourse*. Oxford: Oxford University Press.

Thompson, N.L. 2021. *The Linguistic Portrayal of Women in Written Afrikaans from 1911 to 2010*. MA-verhandeling. Universiteit van Pretoria.

Van Huyssteen, G.B. 1996. The sexist nature of sexual expressions in Afrikaans. *Literator*, 17(3), 119-135.

Van Rooy, A.J. 1996. Is generiese manlike voornaamwoorde regtig generies? *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*. 14(1), 33-41.

Van Wyk, T. 2022. 'n Woord vir wie ek is. *Beeld. By-Bylaag*. 7 Mei 2022.

Vermaak, R. 1997. Taalseksisme in die leksikon - met spesifieke verwysing na Afrikaans. M.A.-verhandeling. Die Randse Afrikaanse Universiteit.

Vorster, A. 1992. Taalseksisme en die vertaalpraktyk. M.A.-verhandeling. Die Randse Afrikaanse Universiteit.

Wardagh, R. & Fuller, J.M. 2015. *An introduction to Sociolinguistics*. Chichester: John Wiley & Sons, Inc.

WAT (*Woordeboek van die Afrikaanse Taal*). Stellenbosch: Buro van die WAT.